

**Die impak van grenslyn-  
persoonlikheidsversteuring op die  
persoonsgesentreerde benadering tot  
kommersiële forensiese  
onderhoudvoering: 'n Kritiese analise**

**L Bekker**



**[orcid.org/0000-0001-2964-5318](https://orcid.org/0000-0001-2964-5318)**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad **Magister  
Commerci in Forensiese Rekeningkunde** aan die Noord-Wes  
Universiteit

Studieleier: Mnr CL van Graan

Mede-Studieleier: Prof A Kruger

## **ERKENNINGS**

“Menslik gesproke is dit onmoontlik, maar met God is alles moontlik.” (Matteus 19:26)

Ek is opreg dankbaar aan ons hemelse Vader wat vir my die geleentheid gegee het om te studeer.

’n Spesiale woord van dankbaarheid aan my twee studieleiers, Constant van Graan en Prof. Ankebé Kruger, wie se bydraes en kennis van onskatbare waarde was.

Aan Anneke Coetzee vir jou moeite en Dr. Philip Nolte vir jou taalvaardighede.

Aan my ouers, Harmanda en Pieter Bekker, vir julle motivering en finansiële bystand.

My broer, Erich Bekker, wat my ondersteun in alles wat ek doen.

Laaste maar nie die minste nie, Rickus, dankie vir al jou liefde, aanmoediging en ondersteuning.

**La-Rochelle Bekker**

November 2023

## VOORWOORD

In ooreenstemming met Paragraaf 3.6.2.2 van die NWU Handleiding vir Hoërgraadstudies, 1 September 2020, is die artikelformaat vir hierdie verhandeling gekies.

Twee afsonderlike artikels (hoofstukke 3 en 4) is saamgestel en aan *LitNet Akademies* voorgelê. Hierdie artikels is volgens *LitNet Akademies* se stylriglyne opgestel.

Besonderhede ten tye van indiening is soos volg: artikel 1 is ingedien by *LitNet Akademies* op 24 Oktober 2023. 'n Afskrif van die stylriglyne is aangeheg as Aanhangsel B en die bewys van ontvangs van hierdie artikel deur LitNet is aangeheg as Aanhangsel C.

Artikel 2 sal by *Litnet Akademies* ingedien word sodra artikel 1 vir publikasie in die joernaal aanvaar word.

Hierdie studie se studieleier en mede-studieleier was mede-outeurs van beide artikels deurdat hulle navorsingsadvies en leiding verskaf het. Die studieleier is 'n senior lektor in die Program vir Forensiese Rekenmeesterskap aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en is 'n Kommersiële Forensiese Praktisyn ((FP) SA). Die medestudieleier is 'n senior lektor en geregistreerde Sielkundige aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en is verbonde aan die Centre for Health & Human Performance (CHHP). Die mede-outeurs is bewus daarvan dat beide die artikels deel vorm van hierdie verhandeling en vir graaddoeleindes ingedien sal word.

## OPSOMMING

Handelsmisdaad is 'n wêreldwye fenomeen wat veral in Suid-Afrika 'n groot probleem is. Kommersiële forensiese onderhoudvoering vorm deel van die forensiese ondersoekproses en speel 'n deurslaggewende rol om handelsmisdaad op te spoor, te ondersoek en/of te voorkom, aangesien dit een van die doeltreffendste hulpmiddels is om inligting te bekom. Daar bestaan verskeie kommersiële forensiese onderhoudvoeringstegnieke wat deur Kommersiële Forensiese Praktisyns (FP's) aangewend kan word waarvan slegs 'n paar tegnieke deur navorsing ondersteun word. Die fokus van hierdie studie is die persoonsgesentreerde benadering (PCA) tot kommersiële forensiese onderhoudvoering aangesien hierdie tegniek deur navorsing ondersteun word, reeds in FP-opleiding op tersiêre vlak toegepas word en duidelik binne die raamwerk van relevante regsbeginsels, spesifiek die Grondwet van Suid-Afrika, val.

Die interpersoonlike aard van die PCA dui daarop dat die FP en die ondervraagde mekaar beïnvloed. Interpersoonlike impak vind plaas wanneer die FP en ondervraagde met mekaar in gesprek tree en lei tot 'n sirkulêre patroon van aksie en reaksie, hetsy verbaal of nieverbaal. Die FP wend die veranderlikes van die PCA, naamlik empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding aan om vertroue met die ondervraagde te bou en die verhouding te vestig met die doel om samewerking vanaf die ondervraagde te optimaliseer. Wanneer die FP die veranderlikes van die PCA akkuraat uitbeeld (d.w.s. wanneer die FP se verbale en nieverbale kommunikasie met mekaar ooreenstem en mekaar bevestig), skep die FP 'n konteks wat die verkryging van bruikbare en betroubare inligting bevorder en sal die ondervraagde dus meer geneig wees om inligting met die FP te deel.

Verder kan die kommersiële forensiese onderhoud wesenlik beïnvloed word deur verskeie faktore, insluitend emosies, gevoelens, ervarings, ideale en persoonlikhede. Die fokus van hierdie studie is egter persoonlikheidsversteuring—spesifiek grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV). 'n Kritiese literatuuroorsig is uitgevoer om tot die gevolgtrekking te kom dat die simptome van GPV 'n beduidende impak kan hê op die veranderlikes van die PCA en bykomende veranderlikes van die Interaktiewe Patroonanalise (IPA). Die FP sal meer geneig wees om betroubare en bruikbare inligting te bekom as hy/sy deeglik bewus is van die impak van die GPV-simptome op die veranderlikes van die PCA en IPA en dienoreenkomstig maneuvreer om heeltyd (op 'n buigsame wyse) beheer oor die onderhoud te behou.

**Sleutelwoorde:** Forensiese onderhoudvoering; Grenslyn-persoonlikheidsversteuring; Impak; Interpersoonlike benadering; Persoonlikheidsversteurings; Persoonsgesentreerde benadering tot onderhoudvoering

# INHOUDSOPGAWE

ERKENNINGS .....	i
VOORWOORD .....	ii
OPSOMMING .....	iii
LYS VAN AFKORTINGS .....	vii
UITEENSETTING VAN FIGURE.....	viii
UITEENSETTING VAN TABELLE.....	ix
HOOFSTUK 1: DOEL, OMVANG EN VERLOOP VAN DIE STUDIE.....	1
1.1    Inleiding.....	1
1.1.1 Die transdissiplinariteit van FP's .....	1
1.1.2 Kommersiële forensiese onderhoudvoering .....	4
1.1.2.1 Kommersiële forensiese onderhoudvoeringstegnieke .....	4
1.1.2.1.1 Persoonsgesentreerde benadering (PCA) .....	5
1.1.3 Die persoonsgesentreerde benadering (PCA) en sielkunde.....	6
1.1.4 Grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV).....	9
1.2    Probleemstelling en motivering .....	9
1.3    Navorsingsdoelwitte .....	11
1.3.1 Primêre doelwit.....	11
1.3.2 Sekondêre doelwitte .....	11
1.4    Navorsingsmetodologie .....	11
1.4.1 Navorsingsparadigma.....	12
1.4.2 Navorsingsontwerp .....	12
1.5    Oorsig.....	13
1.6    Gevolgtrekking.....	14
HOOFSTUK 2: NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	16
2.1    Inleiding.....	16
2.2    Navorsingsfilosofie.....	16

2.2.1 Navorsingsaannames .....	16
2.2.1.1 Ontologie .....	16
2.2.1.2 Epistemologie .....	16
2.2.1.3 Aksiologie .....	17
2.2.2 Navorsingsfilosofieë .....	17
2.3 Navorsingstrategie .....	18
2.4 Metodologiese keuse.....	19
2.5 Tydshorison.....	19
2.6 Tegnieke en prosedures .....	19
2.7 Navorsingsprotokol .....	20
2.7.1 Navorsingsdoelwitte .....	20
2.7.2 Navorsingsinstellings en steekproefmetodes.....	20
2.7.3 Data-insamelingsmetodes en opname .....	21
2.7.3.1 Artikel 1: Impak en die interpersoonlike benadering: 'n Kritiese analise van die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering .....	21
2.7.3.2 Artikel 2: Grenslyn-persoonlikheidsversteuring: Die impak op die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering 21	
2.8 Data analise .....	22
2.9 Etiese oorweging .....	23
2.10 Betroubaarheid van kritiese literaturoorsig .....	23
2.11 Gevolgtrekking .....	25
HOOFSTUK 3: ARTIKEL 1 .....	26
HOOFSTUK 4: ARTIKEL 2.....	42
HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS.....	69
5.1 Inleiding.....	69
5.2 Gevolgtrekking: artikeldoelwitte .....	70
5.2.1 Primêre doelwit .....	70
5.2.2 Sekondêre doelwitte .....	70

<b>5.3</b>	<b>Gevolgtrekking: die probleemstelling .....</b>	<b>74</b>
<b>5.4</b>	<b>Beperkings en aanbevelings .....</b>	<b>75</b>
	<b>BRONNELYS.....</b>	<b>77</b>
	<b>AANHANGSEL A: TAALREDIGERING VERKLARING .....</b>	<b>88</b>
	<b>AANHANGSEL B: STYLRIGLYNE – ARTIKEL 1 EN 2.....</b>	<b>90</b>
	<b>AANHANGSEL C: ONTVANGS VAN ARTIKEL 1 .....</b>	<b>101</b>

## **LYS VAN AFKORTINGS**

FP's	Kommersiële Forensiese Praktisyns
GPV	Grenslyn-persoonlikheidsversteuring
IPA	Interaktiewe Patroonanalise
PCA	Persoonsgesentreerde benadering
PwC	PricewaterhouseCoopers

## UITEENSETTING VAN FIGURE

### Hoofstuk 3

Figuur 1. Sirkulêre patroon van interaksie.....**34**

### Hoofstuk 4

Figuur 1. DSM IV TR kriteria vir grenslyn-persoonlikheidsversteuring uitgebeeld in basiese dimensies van eienskappe.....**54**

# UITEENSETTING VAN TABELLE

## Hoofstuk 2

Tabel 1. Navorsingsaannames van die twee primêre paradigmas.....	17
Tabel 2. Artikel 1 soektog resultate.....	21
Tabel 3. Artikel 2 soektog resultate.....	22

## Hoofstuk 3

Tabel 1. Artikel soektog resultate.....	29
---	----

## Hoofstuk 4

Tabel 1. Artikel soektog resultate.....	46
Tabel 2. Veranderlikes van die IPA.....	47
Tabel 3. Impak van die GPV-simptome van die ondervraagde op die kommersiële forensiese onderhoud.....	60

# HOOFSTUK 1: DOEL, OMVANG EN VERLOOP VAN DIE STUDIE

## 1.1 Inleiding

Handelsmisdaad is 'n wêreldwye probleem (Nestor *et al.*, 2020; PwC, 2022) en volgens PwC (2022) het 46% van organisasies wêreldwyd in 2022 korrupsie, bedrog of ander vorme van handelsmisdaad ervaar. Verder toon PwC se 2020 Globale Ekonomiese Misdaad- en Bedrogopname dat Suid-Afrika 'n voorloper is in die pleging van handelsmisdaad (PwC, 2020). In 2020 het 60% van die Suid-Afrikaanse respondente handelsmisdaad ervaar (PwC, 2020).

Handelsmisdaad kan gedefinieer word as “enige onwettige optrede wat lei tot die verkryging van onregmatige ekonomiese voordele deur die oortreder” (Tekeli & Günsoy, 2013:3014). Handelsmisdaad word op verskeie wyses gepleeg wat die volgende insluit: bedrog, diefstal, verduistering, smokkelary, omkoperij, korrupsie, afpersing, meineed, georganiseerde misdaad en geldwassery (Agbiboa, 2013). Gevolglik word forensiese rekeningkundiges, oftewel Kommersiële Forensiese Praktisyne (FP's) soos hierdie deskundiges ook in die Suid-Afrikaanse konteks bekend staan (Nortje & Bredenkamp, 2020), tydens die ondersoekproses genader met die doel om hierdie misdade op te spoor, te ondersoek en/of te voorkom (Njanike *et al.*, 2009). Ten einde 'n ondersoek suksesvol af te handel moet FP's oor 'n verskeidenheid vaardighede en kennis in verskillende velde beskik wat verband hou met die transdissiplinariteit van die FP (Bhasin, 2007) en word in meer besonderhede hieronder bespreek.

### 1.1.1 Die transdissiplinariteit van FP's

Transdissiplinariteit verwys na “die toepassing van teorieë, konsepte of metodes oor dissiplines heen met die doel om 'n oorkoepelende sintese te ontwikkel” (Lattuca, 2001:83). Forensiese rekeningkunde is 'n transdissiplinêre veld wat vereis dat die FP oor kennis moet beskik wat verband hou met rekeningkunde, inligtingstechnologie, die reg en litigasie, sowel as geesteswetenskappe (Crumbley, 2009; Gbegi & Adebisi, 2014; Okoye & Gbegi, 2013). Hierdie velde word vervolgens bespreek.

- **Rekeningkunde**

Van Romburgh (2008) beskryf rekeningkunde as die wyse waarop besigheidstransaksies gekommunikeer word en die eindresultaat van hierdie kommunikasie is die finansiële state. Die fokus van forensiese rekeningkunde lê egter daarin om resultate op te lewer wat vir regsdoeleindes gebruik kan word (McIntyre *et al.*, 2014). Hierdie resultate is gewoonlik gebaseer op die interpretasie

van bewyse en die evaluering van die rekeningkundige stelsel se boeke en rekords om te bepaal of daar bedrog of misleiding gepleeg is (Robertson *et al.*, 2016).

- **Inligtingstechnologie**

Colman (2008) definieer inligtingstechnologie as “die studie of gebruik van rekenaars, telekommunikasiesistelsels en ander toestelle wat gebruik word om inligting te stoor, te herwin en oor te dra”. Digitale toestelle, insluitend rekenaars, word by byna alle misdade wat in die hedendaagse konteks gepleeg word, betrek (Crain *et al.*, 2019), en inligtingstechnologie is dus ’n onvermydelike aspek van verskeie tipes forensiese rekeningkundige ondersoeke (Crain *et al.*, 2019). Inligtingstechnologie word byvoorbeeld gebruik om voorvalle van handelsmisdaad te identifiseer, bewyse in te samel en te ontleed asook vir moontlike herwinning van rekords (Asuquo, 2012). Verder kan kunsmatige intelligensie (“artificial intelligence”) wat deel vorm van inligtingstechnologie gebruik word om deur groot volumes data te sif om sodoende digitale lêers te klassifiseer en kategoriseer gebaseer op hul relevansie vir ’n ondersoek (Angadi, 2023). Hierdie instrumente ontleed lêermetadata, inhoud en ander eienskappe om lêers te prioritiseer vir ondersoek om FPs in staat te stel om die belangrikste bewyse vinniger te identifiseer, wat lei tot meer doeltreffende ondersoeke (Angadi, 2023).

- **Die reg en litigasie**

Volgens Ozuomba *et al.* (2016) moet die insameling van finansiële inligting tydens forensiese ondersoeke in ooreenstemming met die reg plaasvind ten einde as bewyse in ’n hof toelaatbaar te wees. FP’s help met regs- en geskilbeslegtingsprosesse in die uitvoering van litigasie, asook om self as deskundiges in die hof op te tree (Crain *et al.*, 2019). Daarom is dit belangrik dat FP’s vertrouwd moet wees met die Suid-Afrikaanse reg, aangesien hulle die regsberoep bystaan in strafregtelike en siviele sake (Scholtz, 2016). In hierdie verband onderskei die Suid-Afrikaanse reg tussen materiële en formele geregtigheid (Bothma, 2016). Die materiële reg kan verdeel word in: (a) publiekreg wat bestaan uit staatsreg (Die Grondwet), administratiewe reg en strafreg; en (b) privaatreë wat bestaan uit personeë, familiereë en erfreg (Bothma, 2016). Die formele reg sluit strafprosesreg, bewysreg en siviele reg in (Bothma, 2016).

- **Geesteswetenskappe**

Geesteswetenskappe verwys na dissiplines gemoeid met die studie van menslike gedrag (Colman, 2008) en bestaan uit verskillende velde, insluitend: antropologie,

ekonomie, geografie, politieke wetenskap, sosiologie, kriminologie en sielkunde (Colman, 2008). Kriminologie en sielkunde is egter die velde wat spesifiek vir die FP van belang is as gevolg van die menslike interaksies tussen die FP en relevante rolspelers tydens die ondersoekproses (Browning, 2015; Greeff, 2010). Dit is immers mense wat betrokke is by die pleging van handelsmisdaad en daar is deurgaans interaksies met kliënte, verdagtes, ooggetuies, en derde partye soos verskaffers (Davis *et al.*, 2010; Greeff, 2010).

Kriminologie is 'n sosiale wetenskap wat klem lê op sistematiese data-insameling en die versameling van empiriese bewyse met die doel om die aard en omvang van misdaad en misdadigheid in die samelewing te verstaan (Miller & Miller, 2014). Daar bestaan verskeie kriminologiese teorieë wat ondermeer die volgende insluit: gedragsteorie, keusetheorie, konflikteorie, biologiese teorie, psigodinamiese teorie en die sosiaal-kognitiewe teorie (Suleman & Sani, 2018). Kriminologie is van belang vir die FP, aangesien dit hom/haar kan help om die gedrag van 'n verdagte te verstaan en profiele saam te stel ten einde verdagtes tydens 'n ondersoek te identifiseer, sowel as om die moontlike pleging van soortgelyke misdade in die toekoms te voorkom (Akinbowale *et al.*, 2021).

Daarteenoor is sielkunde 'n wetenskap gemoeid met die bestudering van menslike gedrag en die psigiese prosesse wat daarmee gepaard gaan (Martin & McFerran, 2008). 'n Begrip van die verdagte en veral sy/haar motivering vir die pleging van 'n misdaad kan die FP help met sy/haar ondersoek, aangesien die verdagte se motivering kan dui op moontlike areas wat ondersoek behoort te word (Crain *et al.*, 2019). Die FP sal 'n begrip van die verdagte se motivering vir die pleging van 'n misdaad verkry deur menslike interaksie met die verdagte. 'n Meer omvangryke bespreking oor sielkunde in die kommersiële forensiese onderhoudvoering-konteks word hieronder in 1.1.3 bespreek.

Alhoewel dit duidelik is dat FP's oor 'n verskeidenheid vaardighede en kennis in verskillende velde moet beskik (Bhasin, 2007), verwys Hope (2013) na (kommersiële) forensiese onderhoudvoering (wat deel vorm van geesteswetenskappe) as die kern van die ondersoekproses. Dit word deur Cohen en Wiener (2007) beaam, wat aanvoer dat kommersiële forensiese onderhoudvoering 'n integrale en onvermydelike deel van enige ondersoekproses vorm. Vervolgens 'n bespreking van kommersiële forensiese onderhoudvoering.

### **1.1.2 Kommersiële forensiese onderhoudvoering**

Die doel van kommersiële forensiese onderhoudvoering is om feite rakende 'n voorval te ondersoek (Müller, 2001) en om relevante en bruikbare inligting vanaf bepaalde persone in te samel wanneer bedrieglike dade binne 'n organisasie vermoed word (Vorster, 2016). Kommersiële forensiese onderhoudvoering word derhalwe gedefinieer as 'n "doelgerigte interaksie tussen twee of meer individue met die doel om spesifieke inligting te bekom" (Vorster, 2016:12) en om hierdie inligting in regs kontekste aan te wend (McIntyre *et al.*, 2014).

Relevante rolspelers met wie onderhoude gevoer word kan verdagtes of getuies (Greeff, 2010), derde partye soos verskaffers en kliënte van 'n besigheid, asook die sogenaamde proseseienaars (persone in beheer van sekere afdelings binne 'n besigheid) en die kliënt self (gewoonlik die hoof uitvoerende beampte [HUB]) in gevalle waar die FP as konsultant optree vir 'n eksterne besigheid, insluit (Davis *et al.*, 2010). Volgens Charl Vorster, die sogenoemde pionier van die persoonsgesentreerde benadering tot forensiese onderhoudvoering (oftewel "person-centred approach" of PCA) in Suid-Afrika (Greeff *et al.*, 2011; Phipps & Vorster, 2009; Van Graan, 2018a), is kommersiële forensiese onderhoudvoering een van die doeltreffendste hulpmiddels om inligting te bekom. Die rede hiervoor is dat eerstehandse mondelingse inligting van partye wat ondervra word die ondersoekproses wesenlik kan vergemaklik, eerder as wat 'n FP uit die staanspoor 'n beduidende aantal dokumente moet bestudeer (Van Graan, 2018a). Dit is egter belangrik om in ag te neem dat onderhoudvoering wat onversoenbaar met die Suid-Afrikaanse regsraamwerk plaasvind, kan lei tot bewyse wat ontoelaatbaar sal wees in 'n hof en dus van geen nut sal wees nie (Schwikkard & Van der Merwe, 2016). Dit is daarom belangrik dat die onderhoudvoeringstegniek wat deur die FP aangewend word in ooreenstemming met toepaslike regsvoorskrifte is (Nagel *et al.*, 2015; Slot, 2012). FP's het verskeie kommersiële forensiese onderhoudvoeringstegnieke tot hul beskikking (Johnson & Rowlands, 2012), alhoewel dit blyk dat slegs vier tegnieke deur bewese navorsing ondersteun word (Evans *et al.*, 2010; Hueback, 2009; Van Graan, 2018b; Vorster, 2016; Walsh & Bull, 2011). 'n Bespreking oor hierdie tegnieke volg.

#### **1.1.2.1 Kommersiële forensiese onderhoudvoeringstegnieke**

Die PEACE-model (Walsh & Bull, 2011), die Reid-tegniek (insluitend kinesic- onderhoudvoering) (Hueback, 2009), kognitiewe onderhoudvoering (Evans *et al.*, 2010) en die persoonsgesentreerde benadering (PCA) (Vorster, 2016) is tegnieke wat deur navorsing gerugsteun word. Hierdie benaderings tot onderhoudvoering kan verder in twee kategorieë ingedeel word, naamlik bekentenissoekende tegnieke (Reid-tegniek en kinesic-

onderhoudvoering), waar die doel is om 'n bekentenis vanaf die verdagte te verkry, en ondersoekende (of 'waarheidsoekende') tegnieke (PEACE-model, kognitiewe onderhoudvoering en die PCA), wat ten doel het om feite te bevestig en die waarheid te ontbloot (Eastwood *et al.*, 2020; Hood & Hoffman, 2019).

Daar bestaan heelwat kritiek jeens bekentenissoekende tegnieke, onder andere dat sodanige tegnieke tot meer vals bekentnisse kan lei (Eastwood *et al.*, 2020; Hood & Hoffman, 2019; Walsh & Bull, 2010), die inligting neig om dubbelsinnig en onbetroubaar te wees (Hood & Hoffman, 2019) en FP's nie kan onderskei tussen misleidende en betroubare gedrag nie wat daartoe lei dat geloofwaardige ontkenings verkeerd geïnterpreteer of geïgnoreer word (Eastwood *et al.*, 2020).

Verdere kritiek wat spesifiek teen die Reid-tegniek geopper word, is die wyse waarop die verdagte se skuld vooraf deur die FP veronderstel/bepaal word wanneer die betrokke nege stappe van Reid toegepas word (Hood & Hoffman, 2019). Stap 1 van hierdie proses behels dat die FP die ondervraagde konfronteer met 'n onwrikbare beskuldiging dat hy/sy die spesifieke oortreding gepleeg het (Inbau *et al.*, 2013). Studies dui daarop dat so 'n beskuldiging daartoe kan lei dat FP's enige twyfel oor potensiële onskuld ignoreer en slegs subjektiewe vrae vra wat sy/haar vooropgestelde hipotese van skuld sal bevestig (Eastwood *et al.*, 2020; Hood & Hoffman, 2019). Gevolglik kan hierdie benadering dus tot meer vals bekentnisse lei.

Daarteenoor word ondersoekende tegnieke, in besonder die PCA en PEACE-model, algemeen erken as etiese benaderings tot onderhoudvoering in die kommersiële forensiese konteks, veral omdat hierdie tegnieke nie beskuldigend is nie en ook die menslikheid van die ondervraagde erken (Dixon, 2010; Milne & Bull, 1999; Van Graan, 2018b; Vorster, 2016).

Die fokus van hierdie studie is egter slegs op die PCA, aangesien hierdie tegniek deur navorsing ondersteun word (Du Plooy, 2019; Hope, 2014), reeds in FP-opleiding op tersiêre vlak toegepas word (ICFP, 2022; NWU, 2023) en duidelik binne die raamwerk van relevante regsbeginsels, spesifiek die Grondwet van Suid-Afrika, val (Grondwet van Suid-Afrika, 1996; Van Graan, 2018b).

#### **1.1.2.1.1 Persoonsgesentreerde benadering (PCA)**

Die PCA (oorspronklik bekend as die kliënt-gesentreerde benadering) is in die 1950's in 'n psigoterapeutiese konteks deur Carl Rogers ontwikkel (Vorster, 2016). Die PCA is gebaseer op die teorie dat alle mense oor 'n inherente neiging tot selfaktualisering beskik (Vorster, 2016). Selfaktualisering kan beskryf word as 'n konstruktiewe proses om optimaal te funksioneer en 'n persoon se volle potensiaal te bereik (Whitson, 2021). Die FP

implementeer die veranderlikes van die PCA, naamlik empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding, om 'n "sielkundige klimaat" te skep wat grotendeels bydra tot die selfaktualisering van die kliënt/ondervraagde (Vorster, 2016:46).

Afgesien van die drie hoofveranderlikes wat die fondasie van die PCA in die kommersiële forensiese konteks vorm (Vorster, 2016), is daar dertien bykomende interpersoonlike veranderlikes wat in die terapeutiese konteks toegepas word en as Interaktiewe Patroonanalise (IPA) bekendstaan (Du Plooy, 2014; Vorster *et al.*, 2013). Die IPA veranderlikes is intussen aangepas om van toepassing te wees tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering aangesien dit beskou word as 'n effektiewe manier om menslike gedrag te verstaan (Du Plooy, 2014; Vorster *et al.*, 2016). Die interpersoonlike veranderlikes van die IPA beskryf die waarneembare gedrag van 'n persoon se interaktiewe styl binne 'n bepaalde verhouding (Vorster *et al.*, 2013). Hierdie interpersoonlike veranderlikes van die IPA is konteks, beskrywing van die onderhoud, definisie van die verhouding tussen die FP en die ondervraagde, duidelikheid van selfaanbieding, emosionele afstand, bevestiging, effektiewe uitdrukking van behoeftes, lineêre of sirkelvormige benadering, mate van rigiditeit of buigsaamheid, die vaardigheid om te metakommunikeer, probleemoplossingsvaardighede, beheer en die potensiaal om verwerping (vyandigheid) of aanvaarding te ontlok.

Volgens Vorster (2016) erken die PCA en die IPA die subjektiewe aard van 'n individu—in hierdie geval die FP—se benadering tot die omgewing, asook die unieke aard van die FP se subjektiewe verwysingsraamwerk. Die FP se subjektiewe aard ontstaan as gevolg van persoonlike vooroordeel, prioriteite, behoeftes en verwagtinge, wat oorkom kan word deur die erkenning daarvan—'n proses wat moontlik is deur die toepassing van die persoongesentreerde veranderlikes tydens onderhoudvoering (Vorster, 2016). Hierdie ingewikkelde onderbou van die PCA, asook die feit dat dit interpersoonlik van aard is—d.w.s., dat die FP en ondervraagde se emosies, gevoelens, ervarings en ideale 'n invloed op die onderhoud kan hê—beteken dat die PCA grootliks deur sielkunde beïnvloed word (Barber Rioja & Rosenfeld, 2018; Burkitt, 2002; Clercx *et al.*, 2021; Collins *et al.*, 2002; Gurteen, 2021).

### **1.1.3 Die persoonsgesentreerde benadering (PCA) en sielkunde**

Sielkunde bestaan uit verskeie teorieë wat poog om 'n raamwerk van menslike gedrag te verskaf om sodoende die denke en ontwikkeling van mense te verstaan (Burke, 2006; Miller, 2003). Daarom voorsien die sogenaamde teorieë 'n breë basis van begrip oor die 'hoe' en 'hoekom' van menslike gedrag, en sodoende kan die FP hulself en ander (insluitend die ondervraagde) beter verstaan (Cherry, 2020). Van die bekendste sielkundige teoretiese

benaderings sluit in gedragsleer, humanisme en die psigodinamiese benadering (House *et al.*, 2017; Muhajirah, 2020; Safrudin *et al.*, 2020).

Gedragsleer het ontstaan uit die werk van Ivan Pavlov se gekondisioneerde refleksie teorie, wat die grondslag gelê het vir akademiese sielkunde (Mondal, 2018). Volgens Carter (2021) is gedragsleer 'n filosofie van sielkunde wat gebaseer is op die idee dat alle gedrag wetenskaplik beskryf kan word sonder om na interne fisiologiese gebeure óf na hipotetiese konstruksies soos die verstand te verwys. Dus is gedragsleer gemoeid met waarneembare gedrag, eerder as interne denke en emosie (McLeod, 2007:1).

Daarteenoor is Sigmund Freud se psigo-analitiese teorie 'n psigoterapeutiese tegniek waarin die terapeut die pasiënt help om onbewustelike konflikte te ontbloot en op te los ten einde persoonlikheidsversteurings en/of afwykings te behandel (Williams, 2020). Volgens Freud word menslike gedrag vanaf vroeë kinderjare deur die werking van basiese instinkte gedryf (Williams, 2020). Freud het verder geglo dat die primitiewe en ontwikkelende fisiese behoeftes van mense instinktiewe dryfkragte stimuleer (Williams, 2020).

Die humanistiese sielkunde vorm egter die fokus van hierdie studie, synde die humanistiese aard van die interaksie tussen die FP en die ondervraagde tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering (House *et al.*, 2017). Carl Rogers se PCA het voortgespruit uit die humanistiese sielkunde (House *et al.*, 2017). Volgens Carter (2021) was Abraham Maslow en Carl Rogers die bekendste sielkundiges wat tot humanistiese sielkunde bygedra het. Humanistiese sielkunde is 'n sielkundige perspektief wat in die middel 20ste eeu meer prominent geword het, deels as 'n reaksie op die beperkings van Sigmund Freud se psigo-analitiese teorie asook die kritiek jeens gedragsleer (House *et al.*, 2017). Sedertdien is die humanistiese perspektief ontwikkel tot 'n hedendaagse benadering binne die veld van selfaktualisering (House *et al.*, 2017). Maslow hou die volgende sleutelgedagte van selfaktualisering voor: die idee dat mense se doel in die lewe is om voort te gaan met 'n proses van ontwikkeling wat vroeg in die lewe begin maar wat dikwels later deur (byvoorbeeld) vrees geblokkeer word, aangesien dit 'n betekenisvolle invloed op die welstand en geluk van 'n individu het (Gobin *et al.*, 2012; House *et al.*, 2017). Die humanistiese benadering beklemtoon menslike vryheid, waardigheid en potensiaal om hierdie aanvanklike ontwikkeling te fasiliteer, sowel as die 'blokkasie' later aan te spreek (Carter, 2021). Humanistiese beginsels is op die volgende primêre aannames gegrond (Carter, 2021):

- Die menslike natuur is inherent goed.
- Individue is vry en selfbesturend, dus is hulle in staat om belangrike persoonlike keuses te maak.

- Menslike potensiaal vir groei en ontwikkeling is feitlik onbeperk.
- Selfkonsep speel 'n belangrike rol in groei en ontwikkeling.
- Individue het 'n drang na selfaktualisering.
- Die werklikheid word deur elke persoon gedefinieer.
- Individue het 'n verantwoordelikheid teenoor beide hulself en ander.

'n Vertakking van die humanistiese sielkunde is interpersoonlike konteks. Interpersoonlike konteks hou verband met die verhoudings of kommunikasie tussen mense (Stevenson & Waite, 2011). Interpersoonlike konteks het 'n wesentlike invloed op die PCA (Vorster, 2016) en skakel nou met algemene sisteemteorie (Stols, 2016). Algemene sisteemteorie word dikwels deur die FP tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering aangewend met die doel om bewus te raak van sy/haar impak op die ondervraagde, sowel as die sirkulêre aard van die kommunikasieproses (Stols, 2016). Die sentrale konsep van interpersoonlike konteks (die interpersoonlike aard van kommunikasie) is dat 'n persoon nie in afsondering gesien kan word nie, maar eerder in 'n sisteem (Vorster, 2016). In terme van die kommersiële forensiese ondersoekende konteks, is dit belangrik om bewus te wees dat die FP 'n invloed op die ondervraagde kan hê, en andersom (Vorster, 2016).

Die bogenoemde aannames van die interpersoonlike aard van die PCA beteken dat die kommersiële forensiese onderhoud wesenlik deur verskeie faktore, soos die FP en ondervraagde se emosies, gevoelens, ervarings en ideale beïnvloed word (Light & Curry, 2021). Dit sluit die invloed van abnormale sielkunde in (Slabbert *et al.*, 2023). Abnormale sielkunde kan beskryf word as die “wetenskaplike studie waarvan die doelwitte is om gedrag wat as vreemd of ongewoon beskou word, te beskryf, verduidelik, voorspel en beheer” (Sue *et al.*, 2006:4). Volgens Sue *et al.* (2006) behels abnormale sielkunde 'n tak van sielkunde gemoeid met geestelike en emosionele afwykings (soos onder andere angstersteurings, fobies, depressie en ontwikkelingssteurings) en met sekere onvolledig-verstaanbare, normale verskynsels (soos drome en hipnose). Abnormale sielkunde en die gepaardgaande gedrag kan deur verskeie afwykings (emosioneel en geestelik) veroorsaak word en sluit persoonlikheidssteurings in (Sue *et al.*, 2006).

Persoonlikheidssteurings kan beskryf word as “blywende patrone van innerlike gevoelens en gedrag wat deurdringend en onbuigsaam is en klinies beduidende nood of inkorting in sosiale, beroeps- of ander areas van funksionering veroorsaak” (Bender *et al.*, 2014:851). Tot 10% van die algemene bevolking ly aan persoonlikheidssteuring wat dit 'n beduidende geestesgesondheidskwessie maak (Bender *et al.*, 2014). Een van die algemeenste tipes persoonlikheidssteurings is grenslyn-persoonlikheidssteuring (GPV) (Bender *et al.*, 2014). As gevolg van die algemene voorkoms van GPV (3% van die

algemene bevolking en tot 55% van individue in die werkplek toon simptome van GPV) (Cartwright, 2008; Sansone & Sansone, 2012; Sharp & Tackett, 2014), fokus hierdie studie uitsluitlik op hierdie tipe persoonlikheidsversteuring. GPV word vervolgens hieronder verder bespreek.

#### **1.1.4 Grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV)**

Die Diagnostiese Statistiese Handleiding (DSM-5) konseptualiseer grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV) as 'n persoonlikheidsversteuring wat gekenmerk word deur 'n deurdringende en onbuigsame patroon van emosionele reaktiwiteit, 'n onstabiele sin van identiteit, impulsiwiteit en onstabieleit in interpersoonlike verhoudings, wat nood of inkorting tot gevolg het (Sharp & Tackett, 2014:129). GPV beïnvloed 'n individu se vermoë om hul emosies te reguleer (Sharp & Tackett, 2014), en hierdie emosionele onstabieleit veroorsaak uiterste veranderinge in 'n individu se gemoed, impulsiewe gedrag, swak selfbeeld en intense interpersoonlike verhoudings (Bender *et al.*, 2014). Persone wat met GPV gediagnoseer word is geneig tot skielike en onvoorspelbare woede-uitbarstings wat gevolglik tot selfleed kan lei (Bender *et al.*, 2014). Verder is sulke individue uiters sensitief vir verwerping en vrees hulle dat mense hulle sal verlaat (Sharp & Tackett, 2014).

#### **1.2 Probleemstelling en motivering**

Volgens Dahl *et al.* (2017) betree volwassenes met 'n diagnose van GPV gewoonlik eers psigoterapie in hul 20's tot 30's as gevolg van skeidingsangs, paniek, verlies, depressie of probleme met intimiteit. Tydens hierdie fase van 'n individu se lewe begin probleme by die werk en met verhoudings meer prominent word (Dahl *et al.*, 2017). Alhoewel die chaotiese lewens van laer-vlak grenslyn pasiënte voor die hand liggend is en hulle dus redelik vroeg in hul lewens gediagnoseer kan word, kan die hoër-vlak grenslynindividue beter funksioneer en kan hulle suksesvol voorkom vir die buitewêreld, ten spyte van die teenwoordigheid van ernstige onderliggende emosionele probleme wat veral 'n invloed op hul beroepslewe kan hê (Masterson & Lieberman, 2004). Dit beteken dat heelwat werkende mense met GPV nie sodanig gediagnoseer word nie en dat daar 'n hoë voorkoms is van individue met onderliggende simptome wat ook nie gediagnoseer word nie (Choi-Kain & Gunderson, 2015).

Terselfdertyd kan skielike sosiale verandering en sosiale ontwrigting 'n groot invloed hê op die ontstaan van 'n persoonlikheidsversteuring soos GPV (Zanarini *et al.*, 2005). Volgens Pienaar (2023) en Van Vuuren (2023) is daar jaarliks 'n toename in die diagnose van GPV deur psigiaters. Prominente kenmerke van skielike sosiale verandering sluit in gebrek aan sosiale struktuur (interaktiewe verhoudings tussen verskillende sosiale groepe en instellings

wat mense skep en waarvan hulle deel is, soos byvoorbeeld gesinne, skole of godsdienstige organisasies), afwesigheid van waardes (byvoorbeeld wanneer 'n gebrek aan werksgeleenthede daartoe lei dat individue hul tot misdadigheid wend om 'n bestaan te maak) en die afwesigheid van bruikbare sosiale rolle (byvoorbeeld die gebrek aan betekenisvolle interaksie tussen 'n pa en sy seun) (Zanarini *et al.*, 2005). Bogenoemde onderliggende faktore word veral in die werkplek waargeneem, waar handelsmisdaad kan voorkom (Zanarini *et al.*, 2005). Volgens Sansone en Sansone (2012) is die voorkoms van individue met GPV in die werkplek tot 55%. Verder is daar bevind dat ongeveer 'n derde van individue met GPV hul skuldig maak aan kriminele oortredings (Moore *et al.*, 2017). Vervolgens is dit ook belangrik om daarop te let dat mense kompleks is en die graad van kompleksiteit verhoog wanneer 'n individu deur abnormale gedrag soos GPV beïnvloed word (Gurteen, 2021). FP's voer ondersoeke by werksplekke uit waar daar persone met GPV of GPV simptome heel moontlik teenwoordig is en FP's mag veral interaksies met sulke individue hê—ook tydens kommersiële forensiese onderhoude wat 'n integrale en onvermydelike deel van enige ondersoekproses uitmaak (Cohen & Wiener, 2007).

Daarteenoor word kommersiële forensiese onderhoudvoering grootliks deur interpersoonlike konteks, asook die sirkulêre aard van die kommunikasieproses, beïnvloed (Stols, 2016). Hierdie faktore kan daartoe lei dat die FP en ondervraagde 'n beduidende impak op mekaar kan hê as gevolg van die aksies en reaksies wat hulle tydens onderhoudvoering toon (Vorster, 2016). In hierdie verband kan simptome van GPV, soos impulsiewe en onvoorspelbare gedrag, vyandigheid, angs en intense onstabiele interpersoonlike verhoudings 'n wesenlike effek op hierdie interpersoonlike verhouding tussen die FP en ondervraagde hê. Dus kan GPV 'n beduidende impak hê op die werk van 'n FP tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering, veral in terme van die aanwending van die PCA — 'n tegniek wat hoofsaaklik in Suid-Afrika in die kommersiële forensiese konteks toegepas word. Die doeltreffende aanwending van die veranderlikes van die PCA, naamlik empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding, is noodsaaklik om vertroue met die ondervraagde te bou en rapport te vestig met die doel om samewerking van die ondervraagde te maksimeer (Vorster, 2016), en GPV kan 'n beduidende impak op hierdie veranderlikes hê. Byvoorbeeld wanneer 'n FP moontlik ongeduldig raak as gevolg van die ondervraagde (met GPV) se verhoogde emosionele reaksies tot basiese vrae. Vervolgens kan GPV 'n invloed op die verkryging van betroubare inligting as deel van die ondersoek hê. As gevolg van hierdie redes, is dit belangrik om die impak wat GPV op die kommersiële forensiese onderhoud mag hê, te analiseer.

Dus ontstaan die volgende vraag: Wat is die impak van grenslyn-persoonlikheidsversteuring op die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering?

### **1.3 Navorsingsdoelwitte**

#### **1.3.1 Primêre doelwit**

Die primêre doelwit van hierdie studie is om vas te stel hoe GPV 'n impak op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering mag hê.

#### **1.3.2 Sekondêre doelwitte**

Om die primêre doelwit te bereik, is die volgende sekondêre doelwitte geïdentifiseer:

1. Om 'n kritiese analise van die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering uit te voer. Hierdie sekondêre doelwit sal in Hoofstuk 3 (Artikel 1) aangespreek word en fokus op kernaspekte van die PCA, insluitend faktore soos die hoofveranderlikes van die PCA, manewrering en algemene sisteemteorie.
2. Om 'n kritiese analise van die interpersoonlike benadering wat tydens die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering gebruik word, uit te voer. Hierdie interpersoonlike konteks word in twee verdeel: 'n algemene bespreking oor interpersoonlike konteks tydens PCA (wat in Hoofstuk 3 [Artikel 1] bespreek word) en 'n kritiese bespreking oor interpersoonlike konteks in terme van Interaktiewe Patroonanalise (IPA) (wat in Hoofstuk 4 [Artikel 2] bespreek word). Albei hierdie besprekings fokus spesifiek op die impak van die interpersoonlike konteks tussen die FP en die ondervraagde.
3. Om die impak van GPV op die kommersiële forensiese onderhoud te bepaal. Hierdie sekondêre doelwit sal in Hoofstuk 4 (Artikel 2) bespreek word en sluit 'n in-diepte bespreking van hierdie impak op die drie hoofveranderlikes van die PCA in, asook die bykomende veranderlikes van die IPA.

### **1.4 Navorsingsmetodologie**

Hierdie navorsing behels 'n literatuurstudie, spesifiek 'n kritiese literatuuroorsig. Die doel van 'n literatuurstudie is om vas te stel wat die huidige stand van begrip en kennis binne 'n bepaalde studieveld is, deur verskeie bronne te gebruik om te verseker dat daar nie doelbewuste vooroordeel of subjektiwiteit is nie (Bloomsburg University of Pennsylvania, 2020; Jesson & Lacey, 2006). Upstate University of South Carolina (2022) definieer literatuuroorsig as 'n "sistematiese en omvattende ontleding van boeke, vakkundige artikels en ander bronne wat relevant is tot 'n spesifieke onderwerp wat 'n basis van kennis oor 'n onderwerp verskaf".

Literatuuroorsig het ten doel om die grondslag van kennis oor 'n onderwerp te verskaf,

areas van vorige navorsing te identifiseer (om duplisering te voorkom) en krediet te gee aan ander navorsers, teenstrydighede te identifiseer, sowel as om die behoefte aan bykomende navorsing as gevolg van leemtes in die huidige navorsing te beklemtoon, wat dus die navorsing in hierdie studie sal regverdig (Upstate University of South Carolina, 2022).

#### **1.4.1 Navorsingsparadigma**

'n Navorsingsparadigma is 'n raamwerk wat leiding gee oor hoe navorsing uitgevoer moet word en is gebaseer op mense se filosofieë en aannames oor die wêreld, asook die aard van kennis (Collis & Hussey, 2014). Daar is twee hoofparadigmas: positivisme en interpretivisme. Positivisme is 'n paradigma wat berus op die aanname dat sosiale werklikhede enkelvoudig en objektief is en nie beïnvloed word deur die handeling om dit te ondersoek nie (Collis & Hussey, 2014). Positivisme bestaan uit navorsing waar 'n deduktiewe proses gevolg word met die oog daarop om verklarende teorieë te verskaf om sosiale verskynsels te verstaan (Collis & Hussey, 2014). Interpretivisme berus op die aanname dat sosiale werklikhede in ons gedagtes is en subjektief en veelvuldig is. Interpretivistiese navorsing behels 'n induktiewe proses met die oog op die verskaffing van interpretatiewe begrip van sosiale verskynsels binne 'n bepaalde konteks (Collis & Hussey, 2014).

Die navorsingsparadigma van hierdie studie is 'n interpretivistiese paradigma, wat bepaal dat die navorsing in hierdie studie ten doel het om begrip te ontwikkel, asook ondersoek in te stel na onontginde dimensies van verskynsels. Interpretivisme lei tot die ontwikkeling van 'n nuwe teorie oftewel die konstruksie van 'n sosiale en historiese fenomeen (Collis & Hussey, 2014). Die doel van hierdie studie is om 'n teorie te ontwikkel oor die impak van GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering.

#### **1.4.2 Navorsingsontwerp**

Navorsingsontwerpe is die prosedures en planne wat gevolg word om navorsing te doen. Daar is drie tipes navorsingsontwerpe, naamlik kwantitatiewe, kwalitatiewe en gemengde metodes (Melnikovas, 2018). Volgens die interpretivistiese paradigma word kwalitatiewe metodes gewoonlik as navorsingsontwerp gebruik om studies uit te voer, wat ook in hierdie studie die geval is (Collis & Hussey, 2014). Met kwalitatiewe navorsingsontwerp word nie-numeriese data waargeneem (Collis & Hussey, 2014). Hierdie studie sal dus gebruik maak van nie-numeriese data, wat definisies, betekenis, konsepte en karaktereenskappe insluit, wat gevind sal word in bronne soos publikasies in koerante, akademiese joernale, internetbronne en akademiese handboeke. Die nie-numeriese data wat versamel word vir

hierdie studie handel oor GPV en die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering.

'n Meer omvangryke bespreking oor die navorsingsmetodologie volg in hoofstuk 2.

## **1.5 Oorsig**

### **Hoofstuk 1: Doel, omvang en verloop van die studie**

Die doel van hierdie hoofstuk is om konteks vir die studie te skep. Die agtergrond en omvang van die studie sowel as die motivering vir die studie word verskaf. Die probleemstelling, navorsingsdoelwitte en uiteensetting van die studie word ook bespreek.

### **Hoofstuk 2: Navorsingsmetodologie**

Hoofstuk 2 beskryf die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gevolg sal word. Navorsingsparadigmas, die navorsingsbenadering, die navorsingsontwerp en navorsingsetiek word in hierdie hoofstuk bespreek.

### **Hoofstuk 3 (Artikel 1): Impak en die interpersoonlike benadering: 'n Kritiese analise van die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering**

Hierdie hoofstuk fokus op die PCA tot onderhoudvoering wat die basis vorm van die kommersiële forensiese onderhoud in die Suid-Afrikaanse konteks. Die belangrikheid van vertroue (wat geskep word tydens die onderhoud in die verhouding tussen die FP en die ondervraagde) sal beklemtoon word deur die gebruik van die beginsels van die PCA wat meer betroubare insameling van inligting tydens onderhoudvoering tot gevolg mag hê. Verder fokus hierdie hoofstuk ook op die impak van die interpersoonlike verhouding tussen die FP en die ondervraagde, asook die interpersoonlike benadering van hierdie onderhoudvoeringstegniek (in terme van die drie hoofveranderlikes van die PCA).

### **Hoofstuk 4 (Artikel 2): Grenslyn-persoonlikheidsversteuring: Die impak op die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering**

Hoofstuk 4 sal GPV definieer, asook 'n oorsig oor dié spesifieke versteuring gee, insluitend die kriteria vir die diagnosering van GPV. Verder sal algemene kenmerke van hierdie versteuring bespreek word, sowel as die relevansie en impak hiervan in die kommersiële wêreld, veral tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering. Hierdie hoofstuk fokus op die persoonsgesentreerde benadering (PCA) tot kommersiële forensiese onderhoudvoering aangesien hierdie tegniek deur navorsing ondersteun word en duidelik binne die raamwerk van relevante regsbeginsele van Suid-Afrika val. Die veranderlikes van die PCA, naamlik empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding, sowel as die dertien bykomende

veranderlikes van die Interaktiewe Patroonanalise (IPA) word breedvoerig bespreek. Die hoofstuk analiseer krities hoe die GPV simptome volgens die kriteria vir die diagnosering van GPV 'n impak op die veranderlikes van die PCA en die IPA kan hê.

## **Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en aanbevelings**

'n Gevolgtrekking sal gemaak word oor die impak van GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering. Verder sal daar aanbevelings gemaak word gebaseer op die bevindinge van die studie.

### **1.6 Gevolgtrekking**

Hierdie hoofstuk beklemtoon die wêreldwye handelsmisdaadprobleem, wat in besonder 'n kwessie in Suid-Afrika is. Dit is belangrik dat FP's oor 'n verskeidenheid vaardighede en kennis ten opsigte van verskillende velde moet beskik om handelsmisdaad op te spoor, te ondersoek en/of te voorkom. Komersiële forensiese onderhoudvoering vorm deel van hierdie ondersoekproses. Daar bestaan verskeie kommersiële forensiese onderhoudvoeringstegnieke wat deur FP's aangewend kan word waarvan slegs vier tegnieke deur navorsing ondersteun word. Hierdie tegnieke kan vervolgens in twee kategorieë ingedeel word—bekentenissoekende en ondersoekende (of 'waarheidsoekende') tegnieke. As gevolg van die kritiek jeens die bekendnissoekende tegnieke fokus hierdie studie op ondersoekende tegnieke, spesifiek die PCA, aangesien hierdie tegniek deur navorsing ondersteun word, reeds in FP-opleiding op tersiêre vlak toegepas word en duidelik binne die raamwerk van relevante regsbeginne, spesifiek die Grondwet van Suid-Afrika, val.

Die feit dat die PCA interpersoonlik van aard is, beteken dat die PCA grootliks deur die sielkunde beïnvloed word. Die humanistiese sielkunde vorm die fokus van hierdie studie, gegewe die humanistiese aard van die interaksie tussen die FP en die ondervraagde tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering. 'n Uitvloeisel van die humanistiese sielkunde is die interpersoonlike aard van interaksie wat verband hou met die verhoudings of kommunikasie tussen mense.

Die sentrale konsep van interpersoonlike konteks (die interpersoonlike aard van kommunikasie) is dat 'n persoon nie in afsondering gesien kan word nie, maar eerder in 'n sisteem, wat beteken dat die FP 'n invloed op die ondervraagde het, en andersom. Die kommersiële forensiese onderhoud kan wesenlik beïnvloed word deur verskeie faktore, insluitend emosies, gevoelens, ervarings, ideale en persoonlikhede. Die fokus van hierdie studie is egter persoonlikheidsversteurings, spesifiek grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV). Die simptome van GPV, soos impulsiewe en onvoorspelbare gedrag, vyandigheid,

angs en intense onstabiele interpersoonlike verhoudings kan 'n wesenlike effek op hierdie interpersoonlike verhouding tussen die FP en ondervraagde hê. Dus kan interpersoonlike konteks en GPV 'n beduidende impak op die werk van 'n FP tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering hê en vervolgens die verkryging van betroubare inligting as deel van die ondersoekproses beïnvloed.

Hierdie studie is dus nodig om vas te stel hoe GPV 'n impak op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering mag hê.

## **HOOFSTUK 2: NAVORSINGSMETODOLOGIE**

### **2.1 Inleiding**

Metodologie verwys na 'n algemene navorsingstrategie wat die wyse waarop navorsing gedoen moet word, omskryf (Melnikovas, 2018). Dit sluit 'n stelsel van oortuigings en filosofiese aannames in wat 'n begrip van die navorsingsvrae vorm en die keuse van navorsingsmetodes ondersteun (Melnikovas, 2018). Hierdie studie sal gebruik maak van die “navorsingsui” (“research onion”), aangesien hierdie model 'n nuttige hulpmiddel is om holisties oor metodologie te dink (Crossley & Jansen, 2021). Volgens Saunders *et al.* (2019) bestaan die navorsingsui uit ses lae: die navorsingsfilosofie, -benadering, -strategie, metodologiese keuse, tydhorison en tegnieke en prosedures.

### **2.2 Navorsingsfilosofie**

Die navorsingsfilosofie sit die navorsing uiteen en stel navorsers in staat om die gebruikte metodes te verduidelik (Abdelhakim, 2021). Om tussen die verskillende navorsingsfilosofieë te kan onderskei is dit belangrik om die verskillende aannames binne elke filosofie te verstaan (Saunders *et al.*, 2019). Daar bestaan drie tipes navorsingsaannames om die navorsingsfilosofieë van mekaar te onderskei: ontologie, epistemologie en aksiologie (Saunders *et al.*, 2019).

#### **2.2.1 Navorsingsaannames**

##### **2.2.1.1 Ontologie**

Ontologie verwys na die studie van bestaan en is gemoeid met die vraag van wat die aard van die werklikheid is (Melnikovas, 2018). Dit kan dus gesien word as 'n persoon se siening oor realiteit. Ontologie bestaan uit twee kategorieë: realisme en relativisme. Realisme beteken dat die realiteit objektief bestaan (Hirani *et al.*, 2018) terwyl relativisme verwys na realiteit wat afhanklik is van verskeie faktore en omstandighede (Hirani *et al.*, 2018). Hierdie studie maak gebruik van relativisme, aangesien daar baie veranderlikes en kompleksiteite in kommersiële forensiese onderhoudvoering met persone met GPV bestaan (Gurteen, 2021; Vorster, 2016). Verder beïnvloed ontologie epistemologie, wat gemoeid is met die aard en vorme van kennis en verwys na die vraag van watter tipe kennis gesien kan word as geldige kennis (Varpio & MacLeod, 2020).

##### **2.2.1.2 Epistemologie**

Soos vroeër genoem, sal hierdie studie gebruik maak van 'n relativistiese beskouing oor die werklikheid. Volgens die relativistiese benadering word kennis en realiteit geïnterpreteer en

kan daar verskeie interpretasies voortspruit (Hirani *et al.*, 2018). Tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering met persone met GPV kan daar verskeie interpretasies voortspruit uit die realiteit.

### 2.2.1.3 Aksiologie

Aksiologie verwys na die studie oor die aard en rol van waarde en etiek—dus dít wat mense belangrik of van waarde ag (Saunders *et al.*, 2019; Varpio & MacLeod, 2020). In hierdie studie word mense met GPV deur die navorser as belangrik geag tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering deur van die PCA gebruik te maak.

Die navorsingsaannames wat hierbo bespreek is, word gebruik om tussen die verskillende navorsingsfilosofieë te onderskei en word vervolgens bespreek.

### 2.2.2 Navorsingsfilosofieë

Volgens Saunders *et al.* (2019) bestaan daar vyf navorsingsfilosofieë (ook bekend as navorsingsparadigmas): positivisme, kritiese realisme, interpretivisme, postmodernisme en pragmatisme. 'n Navorsingsparadigma is 'n raamwerk wat leiding gee aan hoe navorsing uitgevoer moet word en is gebaseer op individuele filosofieë en aannames oor die wêreld asook die aard van kennis (Collis & Hussey, 2014). Volgens Collis en Hussey (2014) is die twee primêre paradigmas positivisme en interpretivisme, en word dit verder bespreek as deel van hierdie studie.

Positivisme is 'n paradigma wat berus op die aanname dat sosiale werklikheid enkelvoudig en objektief is en nie deur die ondersoek daarvan beïnvloed word nie (Collis & Hussey, 2014). Positivisme bestaan uit navorsing waar 'n deduktiewe proses gevolg word om verklarende teorieë te verskaf wat subjektief en veelvuldig is (Collis & Hussey, 2014). Daarteenoor behels interpretivisme 'n induktiewe proses om die interpretatiewe begrip van sosiale verskynsels binne 'n bepaalde konteks te verskaf (Collis & Hussey, 2014). Die volgende tabel illustreer die navorsingsaannames wat gemaak word volgens die positivistiese en interpretivistiese navorsingsparadigmas:

Tabel 1. Navorsingsaannames van die twee primêre paradigmas

Navorsingsaannames	Positivisme	Interpretivisme
<b>Ontologie</b> (aard van werklikheid of wese)	Sosiale realiteit is objektief en ekstern tot die navorser. Daar is slegs een realiteit.	Sosiale werklikheid is subjektief en sosiaal gekonstrueer. Daar is verskeie realiteite.
<b>Epistemologie</b> (wat)	Kennis ontstaan uit objektiewe	Kennis ontstaan uit subjektiewe

aanvaarbare kennis uitmaak)	bewyse oor waarneembare en meetbare verskynsels.  Die navorser kom nie in direkte interaksie met die verskynsels wat bestudeer word nie.	bewyse van deelnemers.  'n Navorser is in kontak met verskynsels wat bestudeer word.
<b>Aksiologie</b> (rol van waardes)	Die navorser is onafhanklik van die verskynsels wat bestudeer word.  Die resultate is onbevooroordeeld en vry van waarde.	Die navorser erken dat die navorsing subjektief is.  Die bevindinge is bevooroordeeld en belaa met waarde.

Bron: Collis & Hussey, 2014: 46

Hierdie studie maak gebruik van 'n interpretivistiese paradigma, wat bepaal dat die navorsing ten doel het om begrip te ontwikkel, asook ondersoek in te stel na onontginde dimensies van verskynsels (Collis & Hussey, 2014). Interpretivisme lei tot die ontwikkeling van 'n nuwe teorie of die konstruksie van 'n sosiale en historiese verskynsel (Collis & Hussey, 2014). Die doel van hierdie studie is om die impak van GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering krities te analiseer, wat moontlik tot latere studies kan lei wat nuwe teorieë in hierdie verband ontwikkel.

### 2.3 Navorsingstrategie

'n Navorsingstrategie kan beskryf word as 'n plan van hoe die navorser te werk sal gaan om data in te samel en te ontleed om die navorsingsvraag te beantwoord (Melnikovas, 2018; Saunders *et al.*, 2019). Daar bestaan verskillende navorsingstrategieë: eksperimentele ontwerp, opname-ontwerp, argivale en dokumentêre navorsing, gevallestudie, etnografie, aksienavorsing, gefundeerde teorie en narratiewe ondersoek (Saunders *et al.*, 2019). Hierdie studie fokus op die argivale navorsingstrategie.

Argivale navorsing is gemoeid met die insameling van data (Das *et al.*, 2018) en die navorser is verantwoordelik daarvoor om te besluit watter data gebruik moet word en hoe om dit te analiseer (Timothy, 2012). In die geesteswetenskappe word argivale navorsing beskou as 'n nie-indringende tegniek om verpligte data in te samel (Das *et al.*, 2018). Hierdie navorsing is 'n literatuurstudie wat gebruik maak van die insameling van beskikbare data om vas te stel wat die huidige stand van kennis en begrip binne 'n bepaalde studieveld is (Bloomsburg University of Pennsylvania, 2020). Die doel van hierdie studie is om die huidige stand van kennis en begrip oor die impak van GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering vas te stel en krities te analiseer.

## **2.4 Metodologiese keuse**

Metodologiese keuse bepaal die gebruik van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes of 'n kombinasie van beide vir die insameling van data (Saunders *et al.*, 2019). Kwantitatiewe navorsingsmetodes is numeries van aard en behels getalle en wiskundige bewerkings, terwyl kwalitatiewe navorsingsmetodes nie-numeries van aard is en onder andere woorde of foto's insluit (Collis & Hussey, 2014). Volgens Melnikovas (2018) is daar drie metodes vir die insameling van data: die mono-metode, wat gebruik word wanneer die navorsing fokus op óf kwalitatiewe óf kwantitatiewe insameling van data; die gemengde metode wat kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes binne dieselfde navorsing toepas om verskillende doelwitte te bereik en die beperkings van die gebruik van 'n enkele metode teë te werk; die multi-metode, waar die navorsing op die kwalitatiewe of kwantitatiewe metode gebaseer is, terwyl die ander metode slegs aanvullend gebruik word.

Hierdie studie maak gebruik van die mono-metode, aangesien dit slegs op een tipe data fokus naamlik kwalitatiewe data. Kwalitatiewe data kan beskryf word as nie-numeriese data en sluit die volgende in: definisies, betekenisse, konsepte en karaktereenskappe wat gevind sal word in bronne soos publikasies in koerante, akademiese joernale; internetbronne; en akademiese handboeke (Collis & Hussey, 2014). Kwalitatiewe data word deur die navorser ingesamel om vas te stel hoe GPV 'n impak op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering mag hê.

## **2.5 Tydshorison**

Daar is twee opsies ten opsigte van die tydshorison van 'n studie, naamlik deursnee- en longitudinale tydshorisonne (Abdelhakim, 2021). Melnikovas (2018) onderskei soos volg tussen hierdie tydshorisonne: 'n deursnee-tydshorison verwys na die studie van 'n verskynsel op 'n spesifieke tydstip, terwyl 'n longitudinale tydshorison verwys na die studie van 'n verskynsel oor 'n tydperk om sodoende data te vergelyk. Aangesien hierdie studie 'n literatuurstudie is waar data op 'n spesifieke tydstip ingesamel word, sal 'n deursnee-tydshorison gebruik word. Die data wat in hierdie studie ingesamel word, handel oor die impak van GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering.

## **2.6 Tegnieke en prosedures**

Hierdie navorsing sal bestaan uit 'n literatuurstudie deur gebruik te maak van kritiese literatuuroorsig. Die doel van 'n literatuurstudie is om vas te stel wat die huidige stand van begrip en kennis binne 'n bepaalde studieveld is, deur verskeie bronne te gebruik om te verseker dat daar nie doelbewuste vooroordeel of subjektiwiteit is nie (Bloomsburg University of Pennsylvania, 2020; Jesson & Lacey, 2006). Upstate University of South

Carolina (2022) definieer 'n literatuuroorsig as 'n "sistematiese en omvattende ontleding van boeke, vakkundige artikels en ander bronne wat relevant is tot 'n spesifieke onderwerp en wat 'n basis van kennis oor 'n onderwerp verskaf".

'n Literatuuroorsig het ten doel om die grondslag van kennis oor 'n onderwerp te verskaf, areas van vorige navorsing te identifiseer (om duplisering te voorkom) en krediet te gee aan ander navorsers, teenstrydighede te identifiseer, sowel as beklemtoning van die behoefte aan bykomende navorsing as gevolg van leemtes in die huidige navorsing, wat dus die navorsing in hierdie studie sal regverdig (Upstate University of South Carolina, 2022).

Die rede vir die keuse van hierdie tegniek is dat die navorser gaan poog om deur middel van 'n literatuurstudie die behoefte te identifiseer om die impak van GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering te ondersoek. Nadat die behoefte vasgestel is, gaan die navorser die bestaande gegewens en inligting krities analiseer om tot 'n gevolgtrekking te kom oor die navorsingsvraag.

## **2.7 Navorsingsprotokol**

Die navorsingsprotokol sit die metodes wat in die navorsing gebruik moet word uiteen. Volgens die Centre for Reviews and Dissemination (2009:6) word die volgende sleutelareas in die navorsingsprotokol ingesluit: navorsingsdoelwitte, -vraag, en -strategie, seleksie, data-onttrekking en kwaliteitassessering.

### **2.7.1 Navorsingsdoelwitte**

Die primêre doelwit van hierdie studie ontstaan uit die volgende navorsingsvraag: Wat is die impak van GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering? Vervolgens is die primêre doelwit van hierdie studie om die impak wat GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering mag hê, te analiseer. Om die primêre doelwit te bereik, is die volgende sekondêre doelwitte geïdentifiseer: 'n kritiese analise van die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering met 'n spesifieke fokus op die impak van die FP op die ondervraagde en die interpersoonlike benadering, asook om te bepaal wat die impak van GPV op die kommersiële forensiese onderhoud sal wees.

### **2.7.2 Navorsingsinstellings en steekproefmetodes**

Die navorsingsinstellings en steekproefmetodes moet vasgestel word om die navorsingsdoelwitte te bereik. Aangesien hierdie studie 'n literatuurstudie is, word reeds bestaande data bestudeer. Die navorser bestudeer alle ewekniebeoordeelde akademiese artikels wat tussen 2000 en 2023 in Engels gepubliseer is. Artikels wat voor 2000

gepubliseer is, is nie oorweeg nie om te verseker dat verouderde resultate nie by die soektog ingesluit is nie. en die volgende databasisse is deur die navorser gekies vir hersiening: EBSCOhost, JSTOR, Scopus en WorldCat. Hierdie databasisse is gekies omdat dit prominente databasisse is met akademiese jorennale wat artikels publiseer wat verband hou met die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering en GPV.

### 2.7.3 Data-insamelingsmetodes en opname

#### 2.7.3.1 Artikel 1: Impak en die interpersoonlike benadering: 'n Kritiese analise van die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering

Die navorser fokus op die volgende sleutelwoorde in hierdie artikel: “forensic interviewing” (“forensiese onderhoudvoering”), “interpersonal impact” (“interpersoonlike impak”), “interpersonal approach” (“interpersoonlike benadering”) en “person-centred approach to interviewing” (“persoonsgesentreerde benadering tot onderhoudvoering”). Die soekresultate is beperk tot die beskikbaarheid en relevansie van artikels volgens hul individuele titels en opsommings. Die onderstaande tabel illustreer die proses wat in die verkryging van relevante artikels met betrekking tot hierdie artikel gevolg is:

*Tabel 2. Artikel 1 soektog resultate*

Databasis	Resultate gebaseer op spesifieke sleutelwoorde (n=)	Beperk tot artikels (n=)	Beperk tot Engels (n=)	Beperk tot eweknie-beoordeelde bronne (n=)	Beperk tot relevansie en beskikbaarheid van artikel (n=)	Totaal: relevante artikels (n=)
EBSCOhost	56	52	29	29	11	11
JSTOR	62	35	35	35	4	4
Scopus	238	230	224	222	9	9
WorldCat	353	321	321	146	17	17
Totaal: relevante artikels						41

Bron: Outeur

Die soektog het gelei tot 'n soekresultaat van 41 relevante en unieke artikels (duplikate uitgesluit).

#### 2.7.3.2 Artikel 2: Grenslyn-persoonlikheidsversteuring: Die impak op die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering

Die navorser fokus op die volgende sleutelwoorde in hierdie artikel: “forensic interviewing” (“forensiese onderhoudvoering”), “borderline personality disorder” (“grenslyn-persoonlikheidsversteuring”), “impact” (“impak”) en “person-centred approach to

interviewing” (“persoonsgesentreerde benadering tot onderhoudvoering”). Die soekresultate is beperk tot die beskikbaarheid en relevansie van die artikels volgens hul individuele titels en opsommings. Die onderstaande tabel illustreer die proses wat in die verkryging van relevante artikels met betrekking tot hierdie artikel gevolg is:

Tabel 3. Artikel 2 soektog resultate

Databasis	Resultate gebaseer op spesifieke sleutelwoorde (n=)	Beperk tot artikels (n=)	Beperk tot Engels (n=)	Beperk tot eweknie-beoordeelde bronne (n=)	Beperk tot relevansie en beskikbaarheid van artikel (n=)	Totaal: relevante artikels (n=)
EBSCOhost	162	131	122	122	13	13
JSTOR	187	168	159	159	7	7
Scopus	97	86	80	80	5	5
WorldCat	95	77	54	54	12	12
Totaal: relevante artikels						37

Bron: Outeur

Die soektog het gelei tot 'n soekresultaat van 37 relevante en unieke artikels (duplikate uitgesluit).

## 2.8 Data analise

In hierdie studie is daar potensiele vooroordeel omdat die navorser as 'n FP opgelei is om onderhoude in die ondersoekende konteks uit te voer. Die fases van Kahn *et al.* (2011) is gebruik om die data wat onttrek is te analiseer aangesien hierdie metode van analise verseker dat daar in-diepte assessering van potensiele vooroordeel plaasvind. Verder laat hierdie metode die navorser toe om die waarde van die data op 'n meer verfynde wyse te meet (Kahn *et al.*, 2011; Van Graan, 2018b).

**Fase 1:** 'n Templaat is deur die navorsers saamgestel wat spesifieke elemente van die artikels wat gevind is nadat die sleuteltermes op die verskeie databasisse ingesleutel is, opsom. Hierdie elemente sluit in: titel van die artikel, outeurs, jaar van publikasie en datum waarop toegang tot die artikel verkry is. Die templaat is onafhanklik deur elke navorser voltooi en die inhoud van elke artikel is noukeurig ondersoek en ontleed.

**Fase 2:** Hierdie fase sluit die kruiskontrolering van die kodering van die temas in soos in Fase 1, totdat daar konsensus tussen die navorsers bereik is met betrekking tot die relevansie van die artikels na aanleiding van die sleuteltermes (grenslyn-persoonlikheidsversteuring en die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering) soos in 2.7.3 geïdentifiseer.

**Fase 3:** Die beskrywings van die sleutel terme in 2.7.3 word in hierdie fase ontleed volgens die metodologie van 'n kritiese literatuuroorsig. In hierdie spesifieke studie is die tematiese analise gebaseer op GPV en die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering.

## **2.9 Etiese oorweging**

Aangesien hierdie studie van kritiese literatuuroorsig gebruik maak en daar geen empiriese navorsing uitgevoer is nie (daar is byvoorbeeld geen vraelyste, onderhoude of terugvoer van deelnemers betrokke nie), is die risiko in terme van potensiële onetiese optrede deur die navorser laag. Etiese goedkeuring is vanaf die Noordwes-Universiteit verkry om hierdie navorsing uit te voer (etiese nommer: NWU-00726-23-A4).

Daar is egter sommige etiese uitdagings in terme van 'n literatuuroorsig (Haddaway, 2020). Hierdie uitdagings sluit die volgende in: seleksie-vooroordeel (waar studies ingesluit word wat nie verteenwoordigend is van die bewysbasis nie en die navorser beïnvloed word om artikels te ignoreer wat nie die hipotese ondersteun nie) en 'n gebrek aan omvattendheid ('n onvanpaste soekmetode) wat kan lei tot die risiko dat nie alle relevante literatuur by die studie ingesluit is nie (Haddaway, 2020; Van Graan, 2018b). Om die uitdaging ten opsigte van seleksie-vooroordeel aan te spreek word alle artikels ingesluit, insluitend dié wat nie noodwendig die navorser se hipotese ondersteun nie. Die risiko dat nie alle relevante literatuur wat handel oor GPV en die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering in die studie ingesluit is nie, word aangespreek deurdat veelvuldige, meervuldige en wye terme in die soektog op die bibliografiese databasisse ingesluit is. Verder is al die stappe wat uitgevoer is duidelik ten toon gestel, wat 'n uitgebreide data-ontledingsprosedure en kruiskontrolering deur die navorsers insluit om die risiko vir seleksie-vooroordeel aan te spreek.

## **2.10 Betroubaarheid van kritiese literatuuroorsig**

Lincoln en Guba (1982) beveel kriteria aan waaraan kwalitatiewe navorsing moet voldoen om die betroubaarheid daarvan te verseker. Hierdie kriteria sluit die volgende in:

- **Geloofwaardigheid**

Geloofwaardigheid kan beskryf word as die vertroue wat geplaas kan word op die waarheid van die navorsingsbevindinge (Anney, 2014). Volgens Noble en Smith (2015) kan die volgende strategieë geïmplementeer word om die geloofwaardigheid van 'n studie te verseker:

- verantwoordig vir persoonlike vooroordele wat bevindings kan beïnvloed
- noukeurige rekordhouding—verseker dat interpretasies van data konsekwent en deursigtig is

- demonstreeer duidelikheid in terme van denkprosesse tydens data-analise en daaropvolgende interpretasies
- skakeling met ander navorsers om navorsingsvooroordeel te verminder
- datatriangulasie waardeur verskillende metodes en perspektiewe help om meer omvattende bevindinge te produseer

Die navorser is opgelei as voornemende FP en daarom kan daar moontlik persoonlike vooroordeel wees. Hierdie persoonlike vooroordeel word tot die minimum beperk deurdat die navorser daarvan bewus is, deurlopend skakeling met die twee studieleiers is en dat die navorsing wat gedoen word deurlopend vergelyk word met die doel van die studie, naamlik om vas te stel hoe GPV 'n impak op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering mag hê. Verder is die denkproses wat tydens data-analise toegepas is, duidelik gedemonstreeer in punt 2.8.

- **Oordraagbaarheid**

Oordraagbaarheid verwys na die mate waarin die resultate van kwalitatiewe navorsing oorgedra kan word na ander kontekste (Korstjens & Moser, 2018). Oordraagbaarheid kan verseker word deur die navorsingskonteks en die aannames wat sentraal tot die navorsing is, deeglik te beskryf (Trochim, 2020). In hierdie studie word daar uitgebrei oor die navorsingsinstellings en steekproefmetodes (2.7.2), asook die data-insamelingsmetodes en opname (2.7.3).

- **Betroubaarheid**

Betroubaarheid handel oor die stabiliteit van bevindinge oor tyd (Korstjens & Moser, 2018). Trochim (2020) is van mening dat betroubaarheid die noodsaaklikheid dat die navorser rekenskap moet gee van die voortdurend veranderende konteks waarbinne navorsing plaasvind, beklemtoon. Die navorser is daarvoor verantwoordelik om die veranderinge wat in die omgewing plaasvind te beskryf en hoe hierdie veranderinge die manier waarop die navorser die studie benader het, beïnvloed het (Trochim, 2020). Met betrekking tot hierdie studie, is dit duidelik dat betroubaarheid bereik is deur na die uitgebreide drie fases te verwys wat in terme van die data-analise (2.8) uitgevoer is.

- **Bevestigbaarheid**

Bevestigbaarheid verwys na die mate waarin die resultate van 'n ondersoek bevestig kon word of deur ander navorsers gestaaf word (Anney, 2014). Bevestigbaarheid sal in hierdie studie bereik word deurdat die navorsers die data kruiskontroleer totdat 'n ooreenkoms bereik is ten opsigte van die impak van GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering.

## **2.11 Gevolgtrekking**

Hoofstuk 2 bespreek die navorsingsmetodologie wat tydens hierdie studie gevolg word—in hierdie geval, 'n literatuurstudie in die vorm van 'n kritiese literatuuroorsig. Hierdie hoofstuk dui die data wat ontgin is aan, en die navorser het soos volg te werk gegaan om te verseker dat hierdie data betroubaar is: persoonlike vooroordeel is beperk deurdat die navorser daarvan bewus is, daar deurlopend skakeling met die twee studieleiers is en dat die navorsing wat gedoen word deurlopend vergelyk word met die doel van die studie, naamlik om vas te stel hoe GPV 'n impak op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering mag hê. Verder is die data noukeurig geanaliseer; die navorsingsinstellings en steekproefmetodes, asook die data-insamelingsmetodes en opname is duidelik aangetoon; en die data is deur die navorsers gekruiskontroleer totdat 'n ooreenkoms bereik is ten opsigte van die impak van GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering.

Uit bogenoemde blyk dit dat kritiese literatuuroorsig 'n effektiewe metode is om hierdie spesifieke studie uit te voer, aangesien daar streng stappe geneem word as deel van die steekproef, data-insameling en data-analise van hierdie studie en vervolgens word betroubare en etiese resultate opgelewer.

### **HOOFSTUK 3: ARTIKEL 1**

*(Hierdie artikel is aan LitNet Akademies voorgelê en word in sy indieningsformaat aangebied)*

#### **Impak en die interpersoonlike benadering: 'n Kritiese analise van die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering**

**Voorlegging aan joernaal:** 24 Oktober 2023

**Joernaal besonderhede:** LitNet Akademies  
ISSN: 1995-5928

**Stylriglyne:** Aangeheg as Aanhangsel B

## **Impak en die interpersoonlike benadering: 'n Kritiese analise van die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering**

La-Rochelle Bekker, Constant L. van Graan en Ankebé Kruger

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Noordwes-Universiteit

### **Opsomming:**

Handelsmisdaad is wêreldwyd 'n beduidende probleem, en forensiese onderhoudvoering speel 'n deurslaggewende rol om handelsmisdaad in die kommersiële forensiese konteks te bekamp. Hierdie studie fokus op die persoonsgesentreerde benadering (PCA) tot forensiese onderhoudvoering. Die PCA is interpersoonlik van aard wat beteken die onderhoudvoerder (die FP) en die ondervraagde beïnvloed mekaar. Interpersoonlike impak vind plaas wanneer die FP en ondervraagde met mekaar in gesprek tree: hierdie interaksie lei tot 'n sirkulêre patroon van aksie en reaksie, hetsy verbaal of nie-verbaal. Die FP wend die veranderlikes van die PCA, naamlik empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding aan om vertroue by die ondervraagde te kweek met die doel om samewerking van die ondervraagde te maksimeer. Aangesien die PCA grootliks in die terapeutiese konteks toegepas word, is dit nie duidelik wat die interpersoonlike verhouding in die kommersiële forensiese konteks behels nie. Verder is dit ook nie bekend tot watter mate die Kommersiële Forensiese Praktisyn (FP) en die ondervraagde 'n impak op mekaar het tydens forensiese onderhoudvoering nie. Die doel van hierdie artikel is dus om die interpersoonlike verhouding in die kommersiële forensiese konteks krities te bespreek, asook om die impak van die FP op die ondervraagde vas te stel. Die vertrekpunt van hierdie artikel is om eerstens die PCA, met spesifieke fokus op die impak van die FP op die ondervraagde, te analiseer. Vervolgens word die interpersoonlike benadering van die PCA krities geanaliseer. 'n Kritiese literatuuoroorsig is gebruik om te bevind dat indien die FP nie bewus is van die impak wat hy/sy op die ondervraagde tydens onderhoudvoering het nie, dit die verkryging van betroubare en geldige inligting negatief kan beïnvloed.

**Trefwoorde:** forensiese onderhoudvoering; interpersoonlike benadering; interpersoonlike impak; persoonsgesentreerde onderhoudvoering

**Keywords:** forensic interviewing; interpersonal approach; interpersonal impact; person-centred interviewing

## 1. Inleiding

Handelsmisdaad is wêreldwyd 'n probleem met Suid-Afrika 'n voorloper in die pleeg daarvan (Nestor, Lytvyn, Yarosh, Denysyuk en Rozhkova 2020; PricewaterhouseCoopers (PwC) 2020; PricewaterhouseCoopers (PwC) 2022). Die 2020 Globale Ekonomiese Misdaad- en Bedrogopname van PwC toon dat 77% en 60% van die Suid-Afrikaanse respondente in 2018 en 2020 onderskeidelik handelsmisdaad ervaar het (PwC 2020). Die bekendste wyses waarop handelsmisdaad gepleeg word, sluit in: geldwassery, georganiseerde misdaad, korrupsie, omkopery, afpersing, diefstal, bedrog, verduistering en meened (Agbiboa 2013). Kommersiële Forensiese Praktisyns (FP's) speel 'n belangrike rol tydens die proses om hierdie misdade te ondersoek, op te spoor en/of te voorkom (Njanike, Dube en Mashayanye 2009). Dit is egter belangrik dat FP's oor 'n wye verskeidenheid kennis en vaardighede in verskillende velde moet beskik om hierdie werk te verrig (Bhasin 2007).

Een van die vele velde waarin 'n FP vaardig moet wees, is die geesteswetenskappe—spesifiek kennis oor mense—aangesien die interaksie tussen die FP en ondervraagde tydens 'n forensiese onderhoud 'n belangrike rol speel (Crain, Hopwood, Gendler, Young en Pacini 2019). Mense is kompleks en dus is die wyse waarop 'n FP die interaksie met die ondervraagde tydens onderhoudvoering benader baie belangrik (Gurteen 2021). Alhoewel daar verskeie forensiese onderhoudvoeringstegnieke bestaan, fokus hierdie studie op die persoonsgesentreerde benadering (oftewel "person-centred approach" of PCA) van onderhoudvoering, aangesien vorige studies uitwys dat hierdie onderhoudvoeringstegniek in ooreenstemming is met die belangrike regsbeginsele van Suid-Afrika, spesifiek die Grondwet (Greeff, Roos, Vorster en Van Romburgh 2011; Van Graan 2018; Vorster 2016). Voorts is die PCA nie-beskuldigend van aard en fokus hierdie benadering op die vasstelling van feite eerder as om 'n erkenning van skuld of 'n bekentenis te verkry (Dixon 2010; Milne en Bull 1999), wat strook met die algehele doelwit van die werk van 'n FP—om betroubare en bruikbare inligting te versamel wat moontlik vir regsdoeleindes gebruik kan word (McIntyre, Van Graan, Van Romburgh en Van Zyl 2014).

Die PCA is interpersoonlik, wat beteken dat die onderhoudvoerder en die ondervraagde mekaar beïnvloed: die onderhoudvoerder is nie bloot 'n waarnemer nie, maar 'n aktiewe deelnemer en wat hy/sy sê en hoe hy/sy reageer het 'n direkte invloed op die ondervraagde en sy/haar gedrag, en omgekeerd (Vorster, Donaldson en Bubb 2016). Aangesien die PCA grootliks in 'n terapeutiese konteks toegepas word (Du Plooy 2014), is dit nie duidelik wat die interpersoonlike verhouding in die kommersiële forensiese konteks behels nie. Verder is dit ook nie bekend tot watter mate die onderhoudvoerder (die FP) en die ondervraagde 'n impak op mekaar tydens forensiese onderhoudvoering het nie. Die doelwit van hierdie studie is dus om die interpersoonlike verhouding in die kommersiële forensiese konteks krities te bespreek, asook om die impak van die FP op die ondervraagde (en andersom) vas te stel.

Hierdie studie fokus slegs op FP's wat in die private sektor werk, aangesien sulke individue 'n wesenlike rol in die bekamping van handelsmisdaad speel en omdat hierdie tipe ondersoekers 'n beperkte mandaat het in vergelyking met FP's in die polisie (Crumbly 2016). FP's in die private sektor het byvoorbeeld nie die mandaat om verdagtes sonder hul toestemming te ondervra nie (McIntyre e.a. 2014) en moet daarom staatmaak op unieke ondervragingstegnieke wat 'n optimale interpersoonlike omgewing skep waar bruikbare en betroubare inligting verkry word.

Die proses om literatuur aangaande die PCA, interpersoonlike konteks en die impak van relevante databasisse te verkry, word in die volgende afdeling bespreek.

## 2. Navorsingsmetodologie

Hierdie navorsing bestaan uit 'n literatuurstudie, spesifiek 'n kritiese literatuuroorsig om die interpersoonlike verhouding in die kommersiële forensiese konteks krities te bespreek, asook om die impak van die FP op die ondervraagde vas te stel. Die doel van

’n literatuurstudie is om vas te stel wat die huidige stand van verstaan en kennis binne ’n bepaalde studieveld is (Bloomsburg University of Pennsylvania 2020).

## 2.1 Data-insamelingsmetodes en opname

Voordat die data-insameling onderneem is, is die insluitingskriteria geïdentifiseer. Hierdie kriteria sluit die beoordeling van slegs relevante literatuur in, wat ewekniebeoordeelde akademiese artikels wat tussen 2000 en 2023 in Engels gepubliseer is, insluit. Artikels wat voor 2000 gepubliseer is, is nie oorweeg nie om te verseker dat verouderde resultate nie by die soektog ingesluit is nie. Toepaslike databasisse soos EBSCOhost, WorldCat, JSTOR en Scopus is geraadpleeg om na artikels te soek. Hierdie prominente databasisse is gekies omdat dit toegang bied tot akademiese joernale met gepubliseerde artikels wat met die PCA verband hou. Die volgende trefwoorde is op die onderskeie databasisse gebruik om vir artikels te soek: “forensic interviewing” (“forensiese onderhoudvoering”), “interpersonal impact” (“interpersoonlike impak”), “interpersonal approach” (“interpersoonlike benadering”) en “person-centred approach to interviewing” (“persoonsgesentreerde benadering tot onderhoudvoering”). Die soekresultate is beperk tot die beskikbaarheid en relevansie van artikels volgens hul individuele titels en opsommings. Die onderstaande tabel verteenwoordig ’n visuele oorsig van die proses wat in die verkryging van relevante artikels met betrekking tot hierdie studie gevolg is.

## 2.2 Data resultate

Tabel 1. Artikel soektog resultate

Databasis	Resultate gebaseer op spesifieke sleutelwoorde (n=)	Beperk tot artikels (n=)	Beperk tot Engels (n=)	Beperk tot ewekniebeoordeelde bronne (n=)	Beperk tot relevansie en beskikbaarheid van artikel (n=)	Totaal: relevante artikels (n=)
EBSCOhost	56	52	29	29	11	11
JSTOR	62	35	35	35	4	4
Scopus	238	230	224	222	9	9
WorldCat	353	321	321	146	17	17
Totaal: relevante artikels						41

Bron: Outeur

Die soektog het gelei tot ’n soekresultaat van 41 relevante en unieke artikels (duplikate uitgesluit).

## 2.3 Data analise

Artikels is ingesluit deur die insluitingskriteria toe te pas. Die soektogresultate is beperk tot die relevansie en beskikbaarheid van elke artikel. Artikels is relevant geag indien die inhoud daarvan verband hou met die doel van hierdie artikel, dit wil sê om die interpersoonlike verhouding in die kommersiële forensiese konteks krities te bespreek, asook om die impak van die FP op die ondervraagde vas te stel. Slegs artikels waarvan die volledige inhoud beskikbaar was, is ingesluit. Indien ’n vollengte artikel nie deur databasissoektogte verkry kon word nie, is dit uitgesluit.

## 2.4 Betroubaarheid

Die insluitingskriteria wat beskryf is, is bepaal voordat die literatuursoektogte uitgevoer is en dit het deurlopend dieselfde gebly. Geloofwaardigheid is gevestig deur kommunikasie tussen die mede-outeurs om navorsingsvooroordeel te beperk en persoonlike vooroordele wat bevindinge kon beïnvloed te verminder, aangesien ek (La-Rochelle Bekker) as ’n FP opgelei is (Galdas 2017). Oordraagbaarheid kon verseker word

deur die navorsingskonteks en die aannames wat sentraal tot die navorsing is, deeglik te beskryf (Trochim 2020). In hierdie artikel is die data-analise en steekproefmetodes, asook die dataversamelingsmetodes en -opname deeglik beskryf. Datavertroue is geskep deur die proses stapsgewys te repliseer om sodoende te verseker dat die bevindinge konsekwent bly. Bevestigbaarheid is bereik deurdat die navorsers die data gekruiskontroleer het totdat konsensus bereik is (Nowell, Norris, White en Moules 2017).

### **3. Die persoonsgesentreerde benadering (PCA) tot forensiese onderhoudvoering**

Die persoonsgesentreerde benadering (PCA) is deur Carl Rogers ontwikkel en spruit uit die humanistiese sielkunde (House, Kalisch en Maidman 2017). Alhoewel dit aanvanklik slegs in die terapeutiese konteks aangewend is (Vorster, Roos en Beukes 2013), is dit intussen aangepas om ook tydens kommersiële forensiese onderhoude gebruik te word (Vorster e.a. 2016) aangesien die PCA 'n effektiewe benadering is om bruikbare en betroubare inligting vanaf 'n ondervraagde te verkry (Vorster e.a. 2016).

Die teoretiese onderbou van die PCA berus op Rogers (1987) se siening dat 'n persoon hulle ware self uit iemand anders se oë moet sien. Hy voer aan dat indien 'n persoon sy/haar eie gevoelens, verwarrings, houdings, persepsies en ambivalensies akkuraat deur 'n ander kan sien, dit tot selfaanvaarding sal lei. Hierdie selfaanvaarding staan bekend as selfaktualisering en kan bereik word indien die FP die veranderlikes van die PCA toepas, naamlik empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding (Du Plooy 2014; Rogers 1987; Van Graan 2018).

Die doeltreffende aanwending van hierdie drie veranderlikes kan die proses ondersteun om rapport tydens die kommersiële forensiese onderhoud te vestig, met die doel om samewerking van die ondervraagde te optimaliseer en bruikbare en betroubare inligting te verkry (Vorster 2016). Rapport kan gedefinieer word as 'n "hegte en harmonieuse verhouding" waarin die FP omstandighede tydens die forensiese onderhoud skep wat tot die vloei van inligting sal lei (Grempler en Gwinner 2008:308; Vorster 2016). Deur rapport met die ondervraagde te vestig, skep die FP 'n verhouding waarin die ondervraagde genoegsame vertroue, respek, gemak en waardigheid ervaar om vrywillig aan die onderhoud deel te neem (Vorster 2016). Gevolglik skep die FP 'n konteks wat die verkryging van bruikbare en betroubare inligting bevorder (Vorster 2016).

Vervolgens word die veranderlikes van die PCA bespreek.

#### **3.1 Veranderlikes van die persoonsgesentreerde benadering (PCA)**

##### *3.1.1 Empatie*

Empatie kan gedefinieer word as 'n "kognitiewe bewustheid en begrip van die emosies en gevoelens van 'n ander persoon" (Du Plooy 2014:31). Volgens Bloom, McNeil, Flasch en Sanders (2018) is empatie die grondslag van interpersoonlike verhoudings. Empatie word bewerkstellig wanneer 'n akkurate begrip van 'n individu se subjektiewe situasie, emosies of omstandighede verkry word. 'n FP ontwikkel begrip deur na individue te luister en deur middel van verbale en nieverbale kommunikasie 'n akkurate begrip vir die persoon se situasie aan hulle terug te reflekteer (Roos en Wheeler 2016; Vorster 2016). Verbale kommunikasie verwys na menslike interaksie deur die gebruik van woorde of boodskappe in linguistiese vorm (Akinola 2014). In terme van die daarstelling van empatie, kan die FP byvoorbeeld vir die ondervraagde noem dat hy/sy begrip het vir wat die ondervraagde sê, wat hom/haar sal gerusstel en laat voel dat die FP die situasie van die ondervraagde verstaan. Daarteenoor is nieverbale kommunikasie 'n stil vorm van kommunikasie met 'n ander party sonder om enige vorm van spraak te gebruik om 'n boodskap oor te dra (Phutela 2015). Vorme van nieverbale kommunikasie sluit in gesigsuitdrukking, gebare en oogkontak, soos byvoorbeeld om jou wenkbroue op te lig, te gaap, jou oë te rol of jou kop te knik (Phutela 2015). In die konteks van die skep van empatie kan die FP verbale kommunikasie gebruik om sy/haar aktiewe luister aan die ondervraagde te wys, deur byvoorbeeld sy/haar kop te knik om vir die ondervraagde aan te dui dat hy/sy verstaan wat die ondervraagde sê.

Deur effektiewe empatie tydens onderhoudvoering toe te pas, verkry die FP 'n begrip van die ondervraagde se emosies (Roos en Wheeler 2016). Vervolgens behoort die FP hierdie begrip aan die ondervraagde terug te kommunikeer sonder dat die FP deel word van die ondervraagde se emosionele probleme wat sy/haar oordeel kan benadeel (Bloom e.a. 2018; Vorster 2012).

Vorster (2016:45) beeld 'n voorbeeld van empatie in die kommersiële forensiese ondersoekkonteks soos volg uit :

**Ondervraagde:** "Ek het nog nooit in my hele lewe so teleurgesteld gevoel nie! Ek dink nie ek sal ooit weer passievol voel oor enige iets nie." (Begin snik)

**FP:** "Iets binne jou het op daardie oomblik gesterf." (Warm, opregte stemtoon)

**Ondervraagde:** "Ja, dit is presies dit. Ek is net dood binne ... dood ..."

Die emosies wat die ondervraagde ervaar word hierbo deur die FP ontleed, waarna dit aan die ondervraagde terug gereflekteer word. Die wyse waarop die ondervraagde die refleksie aanvaar het, is 'n aanduiding dat empatie akkuraat getoon word.

### 3.1.2 Kongruensie

Kongruensie bestaan uit twee fasette. Dit verwys eerstens na die FP se persoonlike integrasie in die verhouding—dat hy/sy vrylik hom-/haarself is en (duidelik) bewus is daarvan (Kolden, Klein, Wang en Austin 2011). Tweedens sluit dit in dat die FP die vermoë het om hierdie bewustheid teenoor die ondervraagde te kommunikeer (Kolden e.a. 2011). In die kommersiële forensiese konteks verwys die term kongruensie (egtheid) dus na die vermoë van 'n FP om eerlik en waarlik hom-/haarself te wees sonder voorgee of valsheid (Vorster 2016). 'n Persoon sal as kongruent beskou word wanneer daar geen verskil tussen sy/haar verbale en nieverbale kommunikasie is nie—dit wil sê, wanneer die verbale en nieverbale kommunikasie mekaar komplimenteer en bevestig (Maza 2017). 'n FP wat kongruent is, sal in staat wees om hom-/haarself in situasies te kan handhaaf en vrylik en gemaklik hom-/haarself te wees; so 'n persoon word nie gedryf tot woede, verdedigende gedrag, verwardheid of selfbewustheid nie. In plaas daarvan sal hy/sy opreg, eg en betroubaar optree (Vorster 2016).

In die kommersiële forensiese ondersoekkonteks sal 'n voorbeeld van 'n kongruente FP soos volg lyk (Vorster 2016:41):

**Ondervraagde:** "Ek vind hierdie hele situasie baie vernederend. Jy insinueer dat ek 'n misdadiger is ... en ek het niks verkeerd gedoen nie. Niks!" (Ontstelde stemtoon)

**FP:** "Ek kan sien dat hierdie onderhoud jou ontstel." (Opregte stemtoon)

**Ondervraagde:** "Natuurlik doen dit. Hoe sou jy voel as jy in my posisie was!"

**FP:** "Seker net so seergemaak en verslae soos jy ... ek is jammer." (Opregte, warm stemtoon)

**Ondervraagde:** "Dis nie jou skuld nie. Kom ons gaan aan met die onderhoud ..."  
(Meer op sy gemak)

In hierdie voorbeeld neem die FP die emosies van die ondervraagde waar en reageer op 'n oop, kongruente wyse daarop. Dit lei daartoe dat die ondervraagde positief reageer en bereid is om met die onderhoud voort te gaan.

### 3.1.3 Onvoorwaardelike aanvaarding

Hierdie veranderlike is gebaseer op die aanname dat alle individue 'n stel waardes en morele oortuigings het op grond van hulle interaksie met hul omgewing, en dat individue selfs 'n totale gebrek aan waardes en morele oortuigings kan hê (Lee 2021). Hoe hierdie waardes en morele oortuigings van 'n individu in hul interpersoonlike verhoudings

manifesteer kan 'n beduidende impak op ander individue hê, insluitend individue met wie die FP te doen het tydens die kommersiële forensiese onderhoud (Vorster 2016).

Om deur ander veroordeel te word is gewoonlik 'n ontstellende ervaring en nie bevorderlik vir die vestiging van 'n werkbare verhouding nie, daarom sal 'n effektiewe FP iemand wees wat nie veroordelende gedrag toon nie. Vertroue word dus bewerkstellig deur onvoorwaardelike aanvaarding (Day, Daffern, Dunne, Papalia en Thomson 2019; Vorster 2016).

Onvoorwaardelike aanvaarding verwys na die aanvaarding van alle aspekte van mense se ervarings sonder enige voorvereistes (Vorster e.a. 2013). Vorster (2016) en Lee (2021) omskryf onvoorwaardelike aanvaarding binne die PCA as die onvoorwaardelike aanvaarding van die ondervraagde as 'n persoon van waarde deur die FP (ongegag wie hulle is, wat hulle gedoen het en wat hulle persoonlike oortuigings is), ondanks die FP se eie waardes en morele oortuigings.

In die volgende voorbeeld illustreer Van Graan (2018) hoe die FP onvoorwaardelike aanvaarding teenoor die ondervraagde betoon:

**Ondervraagde:** "Laat ek eerlik wees. Ek het geld gesteel van die besigheid, maar ek het dit net gebruik om my kinders se skoolgeld te betaal. Ek het die laaste tyd finansiële baie gesukkel en ek wil so graag net vir hulle 'n goeie toekoms verseker" (Angstig en hartseer)

**FP:** "Jy was in 'n desperate situasie." (Opregte en warm toon)

**Ondervraagde:** "Presies! Ek het geweet dit is verkeerd, maar ek het nie 'n keuse gehad nie."

Deur opreg empaties te wees, soos in die bogenoemde voorbeeld, word vertroue gevestig en vervolgens demonstreer dit onvoorwaardelike aanvaarding. Wanneer die FP die ondervraagde se emosies erken sonder om sy/haar gedrag noodwendig goed te keur, skep die FP 'n omgewing waar die ondervraagde nie veroordeel sal voel nie en bereid sal wees om inligting te deel (Vorster 2016).

Afgesien van die drie hoofveranderlikes wat die fondasie van die PCA in die kommersiële forensiese konteks vorm (Vorster 2016), is daar dertien bykomende interpersoonlike veranderlikes wat in die terapeutiese konteks toegepas word en as Interaktiewe Patroonanalise (oftewel "Interactional Pattern Analysis" of IPA) bekendstaan (Du Plooy 2014; Vorster e.a. 2013). Hierdie interpersoonlike veranderlikes van die IPA is konteks, beskrywing van die onderhoud, definisie van die verhouding tussen die FP en die ondervraagde, duidelikheid van selfaanbieding, emosionele afstand, bevestiging, effektiewe uitdrukking van behoeftes, lineêre of sirkelvormige benadering, mate van rigiditeit of buigzaamheid, die vaardigheid om te metakommunikeer, probleemoplossingsvaardighede, beheer, die potensiaal om verwerping (vyandigheid) of aanvaarding te ontlok.

Hierdie studie fokus egter slegs op interpersoonlike konteks volgens die drie hoofveranderlikes van die PCA, aangesien dit die basis vorm van 'n interpersoonlike en vertrouensverhouding in die kommersiële forensiese konteks (Vorster 2016; Vorster e.a. 2016). Voorts speel manewrering 'n belangrike rol in die onderliggende konteks tydens die toepassing van die bogenoemde veranderlikes, veral tydens die bou van rapport en bewerkstelling van vertroue in die verhouding tussen die FP en die ondervraagde (Vorster 2016). Dit word vervolgens bespreek.

#### 4. Manewrering

Davison (2002:43) beskryf manewrering soos volg: "om te manewreer is om intelligent te werk te gaan om 'n gunstige situasie te skep". Vorster (2016) beskryf die patroon van manewrering en teen-manewrering wat ontwikkel tussen individue tydens die onderhoud, as 'n "'dans' waartydens die deelnemers mekaar se emosies en gedrag saam

bepaal". In terme van die PCA is dit belangrik om in ag te neem dat die FP en ondervraagde konstante maneuvres en teenmaneuvres sal gebruik as deel van die interpersoonlike konteks van die forensiese onderhoud (Vorster 2016).

'n Voorbeeld van sodanige maneuvring in die kommersiële forensiese konteks is wanneer 'n ondervraagde aggressie gebruik om beheer oor die interpersoonlike verhouding te verkry en dit die FP verhoed om betroubare inligting te verkry (Rogers 2003). 'n Bevoegde FP sal nie net hierdie maneuvringstaktiek van die ondervraagde kan identifiseer nie, maar ook teenmaneuvres effektief kan toepas, soos om die gesprek terug te lei na 'n tema wat die ondervraagde se woede sal ontloot, om sodoende weer beheer oor die onderhoud te neem (Rogers 2003).

In elke interpersoonlike interaksie sal die subjektiewe ervarings van die individue gedragsreaksies ontlok (Hill, Watson, Rivers en Joyce 2007). Soos wat die interaksie voortduur, ontwikkel 'n patroon van interaksie wat deurlopende maneuvres en daaropvolgende impakte tussen die partye aan die gang sit (Vorster 2011).

Deur na die bogenoemde interpersoonlike konteks te verwys, kan die impak van die FP en ondervraagde op mekaar vervolgens vasgestel word. As gevolg van die sirkulêre aard van die kommunikasie tydens forensiese onderhoudvoering, speel die algemene sisteemteorie veral 'n belangrike rol in hierdie konteks en word dit hieronder bespreek.

## **5. Impak en algemene sisteemteorie**

Algemene sisteemteorie is 'n teorie wat FP's tydens forensiese onderhoudvoering aanwend aangesien dit die FP in staat stel om bewus te word van sy/haar eie impak op die ondervraagde (Stols 2016; Vorster 2016).

### **5.1 Algemene sisteemteorie**

'n Sisteem kan gedefinieer word as "'n geheel wat verskillende dele bevat en 'n geheel wat onderhou word deur die interaksie of kommunikasie tussen die verskillende dele om 'n bepaalde doel te bereik" (Phipps 2004; Smith-Acuña 2011:23). Verder beskryf Vivier (2010:100) 'n sisteem as "'n geheel van komplekse eenhede in 'n bepaalde interaksionele verhouding waar wedersydse beïnvloeding plaasvind, en wat gekenmerk word deur 'n mate van gereguleerdheid en ordelikheid".

Die filosofie van algemene sisteemteorie is dat 'n gebeurtenis as 'n geheel of as 'n sisteem geëvalueer moet word (Stols 2016). Dit beteken dat nie net die dele wat deel vorm van die geheel of sisteem geëvalueer moet word nie, maar ook die verhoudings wat tussen hierdie dele ontstaan (Stols 2016). Algemene sisteemteorie is gegrond op die volgende beginsels (Kok 2022):

- Die geheel is meer as die som van sy dele.
- Sisteem is hoogs georganiseerd en verhoudings is konsekwent.
- Sisteem word deur grense gedefinieer.
- Die gedrag van individue kan nie verstaan word sonder verwysing na die sisteme waaraan hulle behoort nie.
- Sirkulêre oorsaaklikheid verwys na die wederkerige verwantskappe tussen twee gebeurtenisse (die impak van een deel van die sisteem op 'n ander).
- Homeostase verwys daarna dat sisteme stabiliteit vereis, maar om gesond te bly moet hulle kan verander.
- Sisteem is doelgerig (strewe saam na sekere gedeelde doelwitte).

Vir doeleindes van hierdie studie is sirkulêre oorsaaklikheid van belang, aangesien dit verband hou met die interpersoonlike impak tussen die FP en die ondervraagde. Sirkulêre oorsaaklikheid fokus op die wederkerige verband tussen twee gebeurtenisse wat beteken dat een deel van 'n stelsel 'n interpersoonlike impak het op die ander (Kelliedy en Lyons 2019).


## 5.2 Interpersoonlike impak

Interpersoonlike konteks hou verband met die kommunikasie of verhoudings tussen individue (Stevenson en Waite 2011). Die sentrale konsep van interpersoonlike konteks (die interpersoonlike aard van kommunikasie) is dat 'n persoon nie in afsondering gesien kan word nie, maar eerder in 'n sisteem (Vorster 2016). In terme van kommersiële forensiese onderhoudvoering, is dit belangrik om bewus te wees dat die FP 'n impak op die ondervraagde kan hê, asook andersom (Vorster, 2016).

Interpersoonlike impak is die interaksie tussen die FP en ondervraagde wat plaasvind wanneer hierdie twee individue met mekaar in gesprek tree en lei tot 'n sirkulêre patroon van aksie en reaksie, hetsy verbaal of nieverbaal (Vorster 2016). Hierdie impak word ingelig deur kritiese realisme (KR) as meta-teoretiese raamwerk. KR voer aan dat realiteit op drie vlakke bestaan: (1.) Die empiriese (menslike persepsies van die wêreld); (2.) Die werklike (gebeure soos hul in die wêreld voorkom); en (3.) Die ware (oorsaaklike faktore wat aksies op die werklike vlak beïnvloed) (De Souza 2014). In terme van hierdie studie beteken dit dat die ervarings van die FP en ondervraagde (impak) op die werklike vlak plaasvind en ervaar word, en op die empiriese vlak geobserveer kan word in die verbale en nieverbale boodskappe van die onderskeie partye (Downward, Finch en Ramsay 2002).

Die aksies en reaksies op die empiriese vlak bepaal die subjektiewe ervarings en gedrag van beide die FP en die ondervraagde op werklike vlak, en beide partye het 'n invloed in die medebepaling van hierdie aksiese en reaksiestwee aspekte (Vorster e.a. 2016). In die konteks van die forensiese onderhoud is dit belangrik dat die FP bewus moet wees van die onderbewuste impak wat hy/sy op die ondervraagde kan hê deur die toepassing van die drie hoofveranderlikes van die PCA, aangesien dit die verkryging van bruikbare en betroubare inligting kan beïnvloed (Vorster e.a. 2016).

Die onderstaande figuur (Figuur 1) toon die interaksie tussen twee individue (die FP en die ondervraagde) waartydens hulle die veranderlikes van die PCA toepas, wat lei tot 'n sirkulêre patroon van aksie en reaksie (empiriese vlak) en gevolglik het hulle 'n impak op mekaar (werklike vlak) as gevolg van elkeen se subjektiewe ervaring.



**Figuur 1. Sirkulêre patroon van interaksie** (Vorster e.a. 2013)

In enige interpersoonlike interaksie sal die gedrag van individue 'n impak hê op mekaar. Die meeste individue neem nie waar of sien nie presies wat tydens hierdie interaksie gebeur nie, maar hul ervaar wel die gevolge van hierdie impak, alhoewel dit grootliks in die onderbewussyn plaasvind (Vorster 2016). Hierdie impak lei eerstens tot 'n emosionele reaksie, en tweedens tot 'n gedragsreaksie wat by die ontvanger ontlok word. Die emosionele reaksie kan 'n sterk en akute ervaring wees of dit kan 'n vae gevoel wees soos angs of ongemak (Vorster 2016). Verder kan die gedragsreaksie baie duidelik wees, of so subtiel en oënskynlik onbeduidend dat dit skaars bewustelik herken word. Hierdie gedragsreaksie het op sy beurt 'n beduidende impak op die ander deelnemer aan die gesprek, met 'n soortgelyke emosionele en gedragsreaksie en so vorm 'n sirkulêre patroon van aksie en reaksie (Tyng, Amin, Saad en Malik 2017).

'n Gesprek tussen twee individue vind dus op 'n bewuste en onbewuste vlak plaas, en die onbewuste vlak bepaal direk die deelnemers se ervaring van en gedrag teenoor mekaar (Vorster 2016). In die forensiese onderhoudvoeringkonteks sal 'n onervare FP byvoorbeeld nie bewus wees van wat presies gebeur tydens die onderhoud met die ondervraagde nie en onwetend deelneem aan die onbewuste interaktiewe proses. Die FP sal dan vasgevang raak in die sirkulêre proses van die medebepaling van die gedrag tussen hom/haar en die ondervraagde (Kelledy en Lyons 2019). Vervolgens word 'n konteks geskep waar die FP en die ondervraagde bewustelik en onbewustelik 'n impak het op mekaar en die moontlikheid verhoog dat kommunikasie tussen die twee partye nie akkuraat verstaan word nie (Vorster 2016). Aangesien die doelwit van die kommersiële forensiese onderhoud is om bruikbare en betroubare inligting te versamel (McIntyre e.a. 2014), is dit van uiterste belang dat die partye mekaar verstaan tydens so 'n interaksie. Gevolglik kan die uitkoms van 'n kommersiële forensiese onderhoud nadelig beïnvloed word indien die FP nie bewus is van die impak wat hy op die ondervraagde tydens onderhoudvoering het nie (Vorster e.a. 2013).

Na aanleiding van bogenoemde, sowel as die interpersoonlike konteks wat onder 5.2 hierbo bespreek is, volg 'n kritiese analise van impak en die PCA (die onderhoudvoeringstegniek wat binne die regsraamwerk van Suid-Afrika val en interpersoonlik van aard is).

## **6. 'n Kritiese analise van impak tydens die PCA**

### **6.1 Empatie**

#### *6.1.1 Die impak van akkurate empatie*

Empatie word deur die ondervraagde op die werklike vlak van realiteit (volgens KR) ervaar en op die empiriese vlak geobserveer (in die verbale en nieverbale boodskappe van die ondervraagde). Op die werklike vlak sal empatie 'n emosionele impak op die ondervraagde hê en hy/sy sal ervaar dat die FP verstaan hoe hy/sy voel, wat daartoe kan lei dat die ondervraagde laer stresvlakke ervaar en die FP vertrou.

Op die empiriese vlak word die verbale en nieverbale boodskappe van die ondervraagde waargeneem en kan dit die volgende insluit: lyftaal, gebare en gesigsuitdrukings. Op hierdie vlak sal 'n ondervraagde wat empatie ervaar minder aggressie in sy/haar verbale en nieverbale boodskappe toon, asook verhoogde, wedersydse begrip en sosiale aanpasbaarheid hê wat bevorderlik is vir die deel van inligting tydens forensiese onderhoudvoering (Roos en Wheeler 2016). Indien empatie bewerkstellig is kan dit lei tot nieverbale boodskappe soos die behoud van oogkontak, en oop liggaamstaal insluit. Verder sal die ondervraagde meer geneig wees om omvattende en gedetailleerde antwoorde op die FP se vrae te gee en gewillig wees om moontlike probleme tydens onderhoudvoering op te los.

#### *6.1.2 Die impak van 'n gebrek aan empatie*

'n Ondervraagde kan 'n gebrek aan empatie ervaar wanneer die FP glad nie empatie toon nie of wanneer die FP se verbale en nieverbale kommunikasie nie met mekaar ooreenstem nie. Op die werklike vlak sal die gebrek aan empatie tydens die

interpersoonlike interaksie 'n emosionele impak op die ondervraagde hê en hy/sy kan begin stres, onveilig, seergemaak, gefrustreerd, onversorg of misverstaan voel. Hierdie emosionele impak is nie bevorderlik vir die vestiging van 'n konstruktiewe verhouding nie (Gordon 2003) en die vloei van bruikbare en betroubare inligting in die kommersiële forensiese konteks kan hierdeur negatief beïnvloed word. Verder kan 'n gebrek aan empatie veroordelend oorkom en mag dit voorkom asof die FP 'n selfgesentreerde posisie inneem om die situasie slegs uit sy/haar eie perspektief te ontleed (Roos en Wheeler 2016). In so 'n geval sal dit die FP verhoed om 'n akkurate begrip van die ondervraagde se situasie te verkry. Hierdie gebrek aan begrip sal vervolgens deur verbale en nieverbale kommunikasie aan die ondervraagde gereflekteer word.

Die verbale reaksie van die ondervraagde op 'n gebrek aan empatie kan lei tot gebrekkige kommunikasie en die onwilligheid om 'n middeweg te bereik (Roos en Wheeler 2016). Verdere verbale reaksies kan 'n verandering in stemtoon, spoed en lengte, asook die detail van die antwoorde van die ondervraagde insluit. Wanneer die ondervraagde 'n gebrek aan empatie ervaar sal hy/sy minder geneig wees om inligting met die FP te deel, en sal hy/sy waarskynlik oogkontak vermy. Die ondervraagde se liggaamstaal sal ook verander deurdat hy/sy byvoorbeeld hul arms vou of met hul hande begin vroetel. Verder kan die gesigsuitdrukking van die ondervraagde wissel en 'n verskeidenheid emosies weergee, soos hartseer, kwaad, irritasie en/of frustrasie omdat hy/sy voel dat die FP nie begrip het vir, of wil verstaan hoe, hy/sy voel nie.

Dit is dus noodsaaklik dat die FP in die PCA-konteks akkurate empatie teenoor die ondervraagde toon, want dan sal laasgenoemde meer gewillig wees om 'n middeweg te bereik wat daartoe kan lei dat hy/sy meer bereid is om inligting met die FP te deel. Verder kan akkurate empatie ook gebrekkige kommunikasie tussen die FP en die ondervraagde verminder wat die verkryging van bruikbare en betroubare inligting vanaf die ondervraagde sal verbeter.

## **6.2 Kongruensie**

### *6.2.1 Die impak van akkurate kongruensie*

'n FP wat kongruent is, sal toestande genereer wat 'n groter nabyheid in die interpersoonlike verhouding met die ondervraagde skep wat vervolgens daartoe sal lei dat die ondervraagde meer geneig sal wees om feitelike inligting met hom/haar te deel aangesien die ondervraagde meer op sy/haar gemak sal wees. Hierdie toestande word gegeneer op die werklike vlak wanneer die ondervraagde ervaar dat die FP eg is en daar geen tekens van voorgee of valsheid teenwoordig is nie. Verder sal die ondervraagde ook ervaar dat hy/sy nie veroordeel word oor dit wat hy/sy sê nie.

Op die empiriese vlak sal die ondervraagde gemakliker daarmee wees om deur middel van verbale en nieverbale boodskappe inligting met die FP te deel, aangesien hy/sy voel dat die FP eg is en nie die ondervraagde veroordeel nie. Die hoeveelheid en detail van inligting wat die ondervraagde met die FP deur middel van verbale boodskappe deel, sal meer wees wanneer die FP kongruent is. Verder sal die ondervraagde vinniger vrae van die FP beantwoord omdat hy/sy nie die keuse van sy/haar woorde hoef te oorweeg voordat hy/sy praat nie, want die ondervraagde sal nie bang wees dat hy/sy veroordeel sal word vir dit wat hy/sy sê nie. Nieverbale boodskappe soos 'n oop liggaamshouding en behoud van oogkontak deur die FP kan kongruensie berwerkstellig.

### *6.2.2 Die impak van 'n gebrek aan kongruensie*

'n Ondervraagde kan 'n gebrek aan kongruensie ervaar wanneer die FP se verbale en nieverbale kommunikasie nie met mekaar ooreenstem nie. Op die werklike vlak kan die ondervraagde angs of ongemak ervaar indien die FP inkongruent is. Verder sal inkongruente gedrag deur die FP lei tot verwarring en afstand in die interpersoonlike verhouding tussen hom/haar en die ondervraagde. Laasgenoemde sal die ondervraagde verhinder om samewerking tydens die onderhoud te gee en vervolgens inligting met die FP te deel. Die nieverbale en verbale boodskap van die ondervraagde sal dan wees dat hy/sy sal vermy om met die FP te praat of slegs minimale inligting met die FP deel.

Wanneer die ondervraagde 'n gebrek aan kongruensie ervaar kan hy/sy byvoorbeeld begin wegkyk of heeltemal oogkontak vermy. Die ondervraagde se liggaamstaal sal ook verander deurdat hy/sy byvoorbeeld met sy/haar hande begin vroetel of sy/haar arms kruis om afstand tussen hom/haar en die FP te skep. Verder kan die gesigsuitdrukking van die ondervraagde wissel tussen irritasie en frustrasie omdat die FP nie eg is nie en/of tekens van voorgee of valsheid toon.

### **6.3 Onvoorwaardelike aanvaarding**

#### *6.3.1 Die impak van akkurate, onvoorwaardelike aanvaarding*

Op die werklike vlak sal die ondervraagde selfaanvaarding ervaar wanneer die FP onvoorwaardelike aanvaarding toon. Vervolgens sal dit die positiewe oordrag van inligting aanmoedig deur middel van verbale boodskappe op die empiriese vlak. Die ondervraagde sal dus meer geneig wees om meer inligting in meer detail met die FP te deel wanneer hy/sy onvoorwaardelike aanvaarding vanaf die FP ontvang. Wanneer die ondervraagde onvoorwaardelike aanvaarding tydens die onderhoud ervaar, sal hy/sy meer geneig wees om 'n oop liggaamshouding en oogkontak te handhaaf. Die ondervraagde kan deur lyftaal toon dat hy/sy gemaklik is, byvoorbeeld deur gemaklik terug te sit in sy/haar stoel. Die ondervraagde sal ook waarskynlik 'n vriendelike gesigsuitdrukking toon wanneer die FP hom/haar onvoorwaardelik aanvaar.

#### *6.3.2 Die impak van 'n gebrek aan onvoorwaardelike aanvaarding*

Voorwaardelike aanvaarding dui op die aanvaarding van die ondervraagde slegs wanneer hy/sy aan 'n spesifieke verwagting, begeerte of vereiste voldoen (Wilkins 2000). Op die werklike vlak van realiteit kan die ondervraagde veroordeel voel wanneer die FP die ondervraagde slegs voorwaardelik aanvaar. Dit kan 'n ontstellende ervaring vir die ondervraagde wees en is nie bevorderlik vir die vestiging van 'n werkbare interpersoonlike verhouding nie. Verder kan voorwaardelike aanvaarding ook lei tot innerlike konflik, gevoelens van angs of verwerping, of 'n lae selfkonsep vir die ondervraagde, wat die ondervraagde sal verhinder om selfaktualisering te bereik of sigself kan aanvaar. Wanneer die ondervraagde nie hulself aanvaar nie, beïnvloed dit die proses om bruikbare en betroubare inligting in die kommersiële forensiese konteks te verkry.

Op die empiriese vlak sal die ondervraagde vervolgens minder bereid wees om in gesprek met die FP te tree, wat daartoe sal lei dat die ondervraagde minder geneig sal wees om betroubare inligting met die FP te deel. Verder sal die hoeveelheid en detail van die inligting wat die ondervraagde met die FP deur middel van verbale boodskappe deel (indien enige), baie minder wees indien die FP die ondervraagde voorwaardelik aanvaar, teenoor 'n FP wat die ondervraagde onvoorwaardelik aanvaar. Wanneer die ondervraagde 'n gebrek aan onvoorwaardelike gedrag ervaar kan hy/sy oogkontak begin vermy, aangesien hy/sy weet dat die FP hom/haar nie aanvaar soos hy/sy is nie. Verder kan dit daartoe lei dat die ondervraagde seergemaak en verwerp voel, wat ook in sy/haar gesigsuitdrukking weerspieël kan word. Die ondervraagde se liggaamstaal sal daarop wys dat hulle belangstelling in die onderhoud verloor het, deurdat hulle byvoorbeeld wegdraai van die FP af of sy/haar arms vou as 'n manier om emosionele afstand te skep.

## **7. Bydrae en beperkinge van studie**

Dit is duidelik uit hierdie artikel dat impak (op werklike vlak van realiteit volgens KR) 'n beduidende rol speel in die interpersoonlike interaksie tussen die FP en ondervraagde. Verder is daar 'n duidelike verbintenis tussen hierdie impak op die drie hoofveranderlikes van die PCA. Kennis van die impak op empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding kan FP's ondersteun in die manewrering tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering, wat vervolgens die verkryging van bruikbare en betroubare inligting tydens ondersoek positief kan beïnvloed. Hoe hierdie manewrering van die FP aangepas moet word is egter steeds onduidelik en opvolgstudies in dié verband kan van waarde wees.

## 8. Gevolgtrekking

Handelsmisdaad kan beskryf word as 'n beduidende globale probleem, en kommersiële forensiese onderhoudvoering, as deel van die kommersiële forensiese konteks, speel 'n deurslaggewende rol om handelsmisdaad te bekamp. Hierdie artikel het gefokus op die persoonsgesentreerde benadering (PCA) tot forensiese onderhoudvoering. PCA is interpersoonlik van aard wat beteken dat die FP en die ondervraagde mekaar beïnvloed. Interpersoonlike impak vind plaas wanneer die FP en ondervraagde met mekaar in gesprek tree en lei tot 'n sirkulêre patroon van aksie en reaksie, hetsy verbaal of nieverbaal. Hierdie impak word ingelig deur kritiese realisme wat aanvoer dat realiteit op drie vlakke bestaan: die empiriese (menslike persepsies van die wêreld); die werklike (gebeure soos hul in die wêreld voorkom); en die ware (oorsaaklike faktore wat aksies op die werklike vlak beïnvloed). Dit beteken dat die ervarings van die FP en ondervraagde (impak) op die werklike vlak plaasvind en op die empiriese vlak geobserveer kan word in die verbale en nieverbale boodskappe van die onderskeie partye.

Die FP wend die veranderlikes van die PCA, naamlik empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding aan om vertroue by die ondervraagde te kweek, met die doel om samewerking van die ondervraagde te maksimeer. Die ondervraagde sal slegs empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding vanaf die FP as akkuraat ervaar op die werklike vlak van realiteit indien die FP se verbale en nieverbale kommunikasie met mekaar ooreenstem—dit wil sê, wanneer die verbale en nieverbale kommunikasie mekaar komplimenteer en bevestig.

Wanneer die FP die veranderlikes van die PCA akkuraat toon, skep die FP 'n konteks wat die verkryging van bruikbare en betroubare inligting bevorder en dus is die ondervraagde meer geneig om inligting met die FP te deel. Hierdie deel van inligting vind plaas op die empiriese vlak van realiteit deurdat die ondervraagde deur middel van verbale en nieverbale boodskappe met die FP kommunikeer. Hierteenoor skep 'n FP wat nie die veranderlikes van die PCA akkuraat aan die ondervraagde weerspieël nie, 'n konteks wat nie bevorderlik is vir die vestiging van 'n werkbare interpersoonlike verhouding nie. Vervolgens sal die ondervraagde minder bereid wees om in gesprek met die FP te tree en sal ook minder geneig wees om betroubare inligting met die FP te deel.

Daar is 'n beduidende verbintenis tussen interpersoonlike impak en die drie hoofveranderlikes van die PCA. Kennis hiervan kan FP's ondersteun om bruikbare en betroubare inligting tydens kommersiële ondersoeke te verkry. Deur bewustheid van hierdie impak by FP's te kweek, kan daartoe lei dat empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding meer doeltreffend tydens onderhoudvoering deur die FP toegepas word, wat vervolgens die proses om inligting te versamel kan ondersteun. Verdere studies in hierdie verband word egter aangemoedig, veral ten opsigte van die wyses waarop die FP kan manoevreer om die impak op die ondervraagde tydens die PCA in ag te neem.

## Bibliografie

- Agbiboa, D.E. 2013. Corruption and economic crime in Nigeria: Social and economic perspectives. *African Security Review*, 22(1):47–66.
- Akinola, O.A. 2014. The use of non-verbal communication in the teaching of English language. *Journal of Advances in Linguistics*, 4(3):428–33.
- Bhasin, M.L. 2007. Forensic accounting: A new paradigm for niche consulting. *The Chartered Accountant*, 55(7):1000–10.
- Bloom, Z.D., V.A. McNeil, P. Flasch en F. Sanders. 2018. A comparison of empathy and sympathy between counselors-in-training and their non-counseling academic peers. *Professional Counselor*, 8(4):341–54.
- Bloomsburg University of Pennsylvania. 2020. *Literature review*. <https://link.springer.com/content/pdf/10.1007/s11133-019-9413-7.pdf> (12 Julie 2023 geraadpleeg).
- Crain, M.A., W.S. Hopwood, R.S. Gendler, G.R. Young en C. Pacini. 2019. *Essentials of forensic accounting*. New York, NY: American Institute of Certified Public Accountants.
- Crumbly, D.L. 2016. *Forensic and investigative accounting*. 6de uitgawe. Chicago, IL: CCH.
- Davison, S. 2002. Manoeuvre. *Australian Defence Force Journal*, 152:43–9.
- Day, A., M. Daffern, A. Dunne, N. Papalia en K. Thomson. 2019. Interviewing forensic mental health patients who have a history of aggression: Considerations and suggestions. *International Journal of Forensic Mental Health*, 18(1):12–20.
- De Souza, D.E. 2014. Culture, context and society: The underexplored potential of critical realism as a philosophical framework for theory and practice. *Asian Journal of Social Psychology*, 17(2):141–51.
- Dixon, D. 2010. Questioning suspects: A comparative perspective. *Journal of Contemporary Criminal Justice*, 26(4):426–40.
- Downward, P., J.H. Finch en J. Ramsay. 2002. Critical realism, empirical methods and inference: A critical discussion. *Cambridge Journal of Economics*, 26(4):481–500.
- Du Plooy, K. 2014. The use of the interactional pattern analysis as a tool for effective short term psychotherapy among students at South African tertiary institutions. *Journal of Counselling and Development in Higher Education Southern Africa*, 2(1):27–40.
- Galdas, P. 2017. Revisiting bias in qualitative research: Reflections on its relationship with funding and impact. *International Journal of Qualitative Methods*, 16(1):1–2.
- Greeff, P., V. Roos, C. Vorster en J. Van Romburgh. 2011. Applying mixed-methods to assess the value of forensic interviewing from a person-centred approach. *Acta Criminologica: African Journal of Criminology & Victimology*, 24(2):94–111.
- Gordon, M. 2003. Roots of empathy: Responsive parenting, caring societies. *The Keio Journal of Medicine*, 52(4):236–43.
- Gremler, D.D. en K.P. Gwinner. 2008. Rapport-building behaviors used by retail employees. *Journal of Retailing*, 84(3):308–24.
- Gurteen, D. 2021. *We humans are complex*. <https://conversational-leadership.net/we-human-beings-are-complex/> (21 Januarie 2023 geraadpleeg).
- Hill, A., J. Watson, D. Rivers en M. Joyce. 2007. *Key themes in interpersonal communication*. New York, NY: McGraw-Hill.
- House, R., D. Kalisch en J. Maidman. 2017. *Humanistic psychology: Current trends and future prospects*. 2de uitgawe. New York, NY: Routledge.

- Kelley, L en B. Lyons. 2019. Circular causality in family systems theory. In Lebow, J., A. Chambers en D.C. Breunlin (reds.) 2019.
- Kok, R. 2022. General systems theory. Section 3.1 [PowerPoint aanbieding]. Ongepubliceerde lesingnotas op eFundi, FORP675. Potchefstroom: NWU.
- Kolden, G.G., M.H. Klein, C.C. Wang en S.B. Austin. 2011. Congruence/genuineness. *Psychotherapy*, 48(1):65–71.
- Lebow, J., A. Chambers en D.C. Breunlin (reds.). *Encyclopedia of couple and family therapy*. Cham: Springer International Publishing.
- Lee, J. 2021. Investigating unconditional positive self-regard as a mediator in psychotherapy. MA-verhandeling, Roosevelt Universiteit, Chicago.
- Maza, E. 2017. *Being congruent means being honest with yourself*. <https://exploringyourmind.com/congruent-means-honest/> (2 Februarie 2023 geraadpleeg).
- McIntyre, J., C.L. Van Graan, J.D. Van Romburgh en A.P. Van Zyl. 2014. Contextualizing the South African forensic accountant. *Journal of Forensic & Investigative Accounting*, 6(3):98–153.
- Milne, B. en R. Bull. 1999. *Investigative interviewing: Psychology and practice*. Londen, New York, NY: Wiley.
- Nestor, N., N. Lytvyn, A. Yarosh, S. Denysyuk en L. Rozhkova. 2020. Dynamics of development of economic crime and combating crime in different regions of the world. *Revista San Gregorio*, 1(42):100–9.
- Njanike, K., T. Dube en E. Mashayanye. 2009. The effectiveness of forensic auditing in detecting, investigating, and preventing bank frauds. *Journal of Sustainable Development in Africa*, 10(4):405–25.
- Nowell, L.S., J.M. Norris, D.E. White en N.J. Moules. 2017. Thematic analysis: Striving to meet the trustworthiness criteria. *International Journal of Qualitative Methods*, 16(1):1–13.
- Phipps, W.D. 2004. *Narrative theory: A bona fide ecosystemic development or a re-invention of the wheel*. Doktorale proefskrif, Die Mediese Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Phutela, D. 2015. The importance of non-verbal communication. *IUP Journal of Soft Skills*, 9(4):43–9.
- PricewaterhouseCoopers (PwC). 2020. *Economic crime – When the boardroom becomes the battlefield*. 7de uitgawe. <https://www.pwc.co.za/en/assets/pdf/global-economic-crime-survey-2020.pdf> (11 Januarie 2023 geraadpleeg).
- . 2022. *PwC's global economic crime and fraud survey*. <https://www.pwc.co.za/en/assets/pdf/global-economic-crime-survey-2020.pdf> (11 Januarie 2023 geraadpleeg).
- Rogers, C.R. 1987. *Client-centered therapy: Its current practice, implications and theory*. Londen, New York, NY: Constable.
- . 2003. *Client-centered therapy: Its current practice, implications, and theory*. Londen, New York, NY: Constable.
- Roos, V. en A. Wheeler. 2016. Older people's experiences of giving and receiving empathy in relation to middle adolescents in rural South Africa. *South African Journal of Psychology*, 46(4):517–29.
- Roos, V., J.G. Scholtz en C. Wessels (reds.). 2016. *An introduction to forensic psychology*. 3de uitgawe. Potchefstroom: Verbum.

- Smith-Acuña, S. 2011. *Systems theory in action: Applications to individual, couple, and family therapy*. Hoboken, NJ: Wiley.
- Stevenson, A. en M. Waite (reds.). 2011. *Concise Oxford English dictionary*. 12de uitgawe. New York, NY: Oxford University Press.
- Stols, A. 2016. Theoretical background to interviewing. In Vorster (red.) 2016.
- Trochim, W.M.K. 2020. *Qualitative validity*. <https://conjointly.com/kb/qualitative-validity/> (13 Julie 2023 geraadpleeg).
- Tyng, C.M., H.U. Amin, M.N. Saad en A.S. Malik. 2017. The influences of emotion on learning and memory. *Frontiers in Psychology*, 8(1454):1–22.
- Van Graan, C.L. 2018. A critical analysis of selected interviewing techniques in commercial forensic investigations in South Africa. MCom verhandelings, Noordwes-Universiteit.
- Vivier, Y. 2010. 'n Ouerbegeleidingsprogram vir ouers van 'n kleuter met gesiggestremdheid. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Vorster, C. 2011. *Impact: The story of interactional therapy*. Pretoria: Satori.
- . 2012. Interactional pattern analysis. *International Journal of Psychology*, 47:17.
- Vorster, C. (red.). 2016. *Basic interviewing skills for forensic investigators*. 2de uitgawe. Potchefstroom: Verbum.
- Vorster, C., B. Donaldson en E. Bubb. 2016. Assessment for psycho-legal purposes. In Roos, Scholtz en Wessels (reds.) 2016.
- Vorster, C., V. Roos en M. Beukes. 2013. A psycho-diagnostic tool for psychotherapy: Interactional pattern analysis (IPA). *Journal of Psychology in Africa*, 23(3):525–30.
- Wilkins, P. 2000. Unconditional positive regard reconsidered. *British Journal of Guidance & Counselling*, 28(1):23–36.

## **HOOFSTUK 4: ARTIKEL 2**

*(Hierdie artikel gaan aan LitNet Akademies voorgelê word en word in sy voorleggingsformaat aangebied)*

### **Grenslyn-persoonlikheidsversteuring: Die impak op die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering**

**Voorlegging aan joernaal:** Hierdie artikel gaan by LitNet Akademies ingedien word

**Joernaal besonderhede:** LitNet Akademies

ISSN: 1995-5928

**Stylriglyne:** Aangeheg as Aanhangsel B

## **Grenslyn-persoonlikheidsversteuring: Die impak op die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering**

La-Rochelle Bekker, Constant L. van Graan en Ankebé Kruger

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Noordwes-Universiteit

### **Opsomming:**

Handelsmisdaad is 'n wêreldwye probleem en Komersiële Forensiese Praktisyns (FP's) speel 'n deurslaggewende rol tydens die ondersoekproses om hierdie misdaad te ondersoek, op te spoor en/of te voorkom. Komersiële forensiese onderhoudvoering vorm 'n integrale en onvermydelike deel van enige ondersoekproses en is een van die doeltreffendste hulpmiddels om relevante en bruikbare inligting te bekom wanneer daar vermoed word dat bedrieglike dade binne 'n organisasie plaasgevind het. Hierdie artikel fokus op die persoonsgesentreerde benadering tot onderhoudvoering (PCA), aangesien die veranderlikes van hierdie tegniek deur navorsing gerugsteun word en duidelik binne die raamwerk van relevante regsbeginsels van Suid-Afrika val. Vorige navorsing dui daarop dat persoonlikheidsversteurings 'n wesenlike impak op die kommersiële forensiese onderhoud kan hê. As gevolg van die algemene voorkoms van grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV), fokus hierdie artikel uitsluitlik op hierdie tipe persoonlikheidsversteuring. Die doelwit van hierdie studie is om die impak van GPV op die PCA te ondersoek. 'n Kritiese literatuuroorsig is uitgevoer en daar is bevind dat die simptome van GPV 'n beduidende impak op die verkryging van betroubare en bruikbare inligting tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering, en meer spesifiek die veranderlikes van die PCA, mag hê. 'n FP wat bewus is van die impak van GPV op die veranderlikes van die PCA sal meer geneig wees om betroubare en bruikbare inligting te bekom wanneer onderhoude met individue met GPV gevoer word, of persone wat simptome van GPV toon.

**Trefwoorde:** forensiese onderhoudvoering; grenslyn-persoonlikheidsversteuring; impak; persoonsgesentreerde onderhoudvoering

**Keywords:** forensic interviewing; borderline personality disorder; impact; person-centred interviewing

## 1. Inleiding

Handelsmisdaad is 'n wêreldwye probleem en Kommersiële Forensiese Praktisyns (FP's) speel 'n deurslaggewende rol tydens die ondersoekproses om hierdie misdaad te ondersoek, op te spoor en/of te voorkom (verwys na Bekker, Van Graan en Kruger 2023; Nestor, Lytvyn, Yarosh, Denysyuk en Rozhkova 2020; Njanike, Dube en Mashayanye 2009; PwC 2020; PwC 2022). Kommersiële forensiese onderhoudvoering vorm 'n integrale en onvermydelike deel van enige ondersoekproses, en het die doel om relevante en bruikbare inligting in te samel vanaf bepaalde persone wanneer daar vermoed word dat bedrieglike handeling binne 'n organisasie plaasgevind het (Cohen en Wiener 2007). Daar bestaan verskeie kommersiële forensiese onderhoudvoeringstegnieke waarvan FP's gebruik kan maak (Johnson en Rowlands 2012; Van Graan 2018). Hierdie artikel fokus egter op die persoonsgesentreerde benadering tot onderhoudvoering (oftewel "person-centred approach" of PCA), aangesien die veranderlikes van hierdie tegniek deur navorsing ondersteun word en duidelik binne die raamwerk van relevante regsbeginsele van Suid-Afrika val (Du Plooy 2019; Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996; Hope 2014; Van Graan, 2018).

Verskeie faktore kan 'n wesenlike impak op die kommersiële forensiese onderhoud hê, onder andere die onderhoudvoerder (FP) en ondervraagde se emosies, gevoelens, ervarings en ideale, persoonlikheid (Light en Curry 2021), asook abnormale gedrag (Donnelson 2019). Om hierdie redes is die wyse waarop 'n FP die interaksie met die ondervraagde tydens onderhoudvoering benader, baie belangrik (Gurteen 2021). Mense is kompleks en die graad van kompleksiteit verhoog wanneer 'n individu deur abnormale gedrag beïnvloed word (Donnelson 2019; Slabbert, Van Graan en Nhlapo 2023). Abnormale gedrag kan beskryf word as atipies en word beskou as ongewone optrede binne 'n bepaalde kultuur (APA 2023). Abnormale gedrag kan deur verskeie afwykings (emosioneel en geestelik) veroorsaak word (Sue, Sue en Sue 2006), insluitend 'n vertakking bekend as persoonlikheidsversteurings. Persoonlikheidsversteurings verwys na blywende patrone van innerlike gevoelens en gedrag wat deurdringend en onbuigsaam is en klinies beduidende nood of inkorting in sosiale, beroeps- of ander areas van funksionering veroorsaak (Bender, Gunderson, Oldham en Skodol 2014). Tot 10% van die algemene bevolking ly aan persoonlikheidsversteurings wat dit 'n beduidende geestesgesondheidskwessie maak (Bender e.a.2014).

Een van die algemeenste persoonlikheidsversteurings, is grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV) (Bender e.a. 2014). Die Diagnostiese Statistiese Handleiding (DSM-5) konseptualiseer GPV as 'n persoonlikheidsversteuring wat gekenmerk word deur 'n deurdringende en onbuigsame patroon van emosionele reaktiwiteit, 'n onstabiele sin van identiteit, impulsiwiteit en onstabiliteit in interpersoonlike verhoudings, wat nood of inkorting tot gevolg het (Sharp en Tackett 2014:129). Tot 3% van die algemene bevolking en ongeveer 55% van individue in die werkkplek toon simptome wat geassosieer word met GPV (Cartwright 2008; Sansone en Sansone 2012; Sharp en Tackett 2014). Verder is daar bevind dat ongeveer 'n derde van individue met GPV skuldig bevind is aan kriminele oortredings (Moore, Tull en Gratz 2017). As gevolg van die algemene voorkoms en beduidende effek van GPV, fokus hierdie studie uitsluitlik op hierdie persoonlikheidsversteuring.

Gegewe die algemene voorkoms van GPV simptome in die werkkplek (55%), is dit heel waarskynlik dat FP's ondersoek by werksplekke sal uitvoer waar persone wat GPV simptome toon, werkzaam is. Vervolgens is die kans hoog dat daar interaksies tussen FP's en persone wat GPV simptome toon, sal plaasvind, veral tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering. Daarbenewens word kommersiële forensiese onderhoudvoering grootliks deur interpersoonlike konteks beïnvloed (Stols 2016). Interpersoonlike konteks hou verband met die verhoudings of kommunikasie tussen

individue (Stevenson en Waite 2011). Interpersoonlike konteks kan daartoe lei dat die FP en ondervraagde 'n beduidende impak op mekaar het as gevolg van die aksies en reaksies wat hulle tydens onderhoudvoering toon (Vorster 2016). In hierdie verband kan simptome van GPV, soos impulsiewe en onvoorspelbare gedrag, vyandigheid, angs en intense onstabiele interpersoonlike verhoudings 'n wesenlike effek op hierdie interpersoonlike verhouding van die FP en ondervraagde hê. Dus kan GPV moontlik 'n beduidende impak hê op die werk van 'n FP tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering, veral in terme van die drie (3) hoofveranderlikes van die PCA, asook die bykomende dertien (13) interpersoonlike veranderlikes van Interaktiewe Patroonanalise (IPA) (oftewel "Interactional Pattern Analysis") (Du Plooy 2014; Vorster, Roos en Beukes 2013). Die doeltreffende aanwending van die veranderlikes van die PCA en IPA is noodsaaklik om vertroue met die ondervraagde te vestig en rapport te bewerkstellig, met die doel om samewerking van die ondervraagde tydens onderhoudvoering te optimaliseer (Vorster 2016). Vervolgens kan GPV 'n impak op die verkryging van betroubare inligting as deel van die ondersoek hê. As gevolg van hierdie redes is dit belangrik om die impak wat GPV op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoud mag hê te ondersoek.

Hierdie studie fokus op die teoretiese onderbou van GPV, die simptome daarvan, asook die moontlike impak van GPV op die PCA (spesifiek in terme van die IPA) tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering. Hierdie studie is van waarde omdat kennis oor bogenoemde aangeleenthede die FP kan ondersteun om betroubare en bruikbare inligting tydens onderhoudvoering te verkry, veral in die konteks waar die ondervraagde GPV simptome toon.

## **2. Navorsingsmetodologie**

Hierdie navorsing bestaan uit 'n literatuurstudie deur middel van 'n kritiese literatuuroorsig om vas te stel hoe GPV 'n impak op die PCA mag hê. Die doel van 'n literatuurstudie is om vas te stel wat die huidige stand van begrip en kennis binne 'n bepaalde studieveld is (Bloomsburg University of Pennsylvania 2020)—in hierdie geval, kommersiële forensiese onderhoudvoering— deur verskeie bronne te gebruik om te verseker dat daar nie doelbewuste vooroordeel of subjektiwiteit is nie (Jesson en Lacey 2006).

### **2.1 Data-insamelingsmetodes en opname**

Voordat die data-insameling onderneem is, is die insluitingskriteria geïdentifiseer. Hierdie kriteria sluit in die beoordeling van slegs relevante literatuur, wat ewekniebeoordeelde akademiese artikels wat in Engels gepubliseer is tussen 2000 en 2023, insluit. Artikels wat voor 2000 gepubliseer is, is nie oorweeg nie om te verseker dat verouderde resultate nie by die soektog ingesluit is nie (Van Graan, Vera en Katjene 2023). Toepaslike databasisse soos EBSCOhost, WorldCat, JSTOR en Scopus is geraadpleeg om na artikels te soek. Hierdie is prominente databasisse van akademiese joernale wat artikels publiseer wat verband hou met die PCA in die kommersiële forensiese ondersoekende konteks. Die volgende trefwoorde is op die onderskeie databasisse gebruik om vir artikels te soek: "forensic interviewing" ("forensiese onderhoudvoering"), "borderline personality disorder" ("grenslyn-persoonlikheidsversteuring"), "impact" ("impak") en "person-centred approach to interviewing" ("persoonsgesentreerde benadering tot onderhoudvoering"). Die soekresultate is beperk tot die beskikbaarheid en relevansie van die artikels volgens hul individuele titels en opsommings.

### **2.2 Data resultate**

Die onderstaande tabel illustreer die proses wat gevolg is in die verkryging van relevante artikels met betrekking tot hierdie studie.

Tabel 1. Artikel soektog resultate

Databasis	Resultate gebaseer op spesifieke sleutelwoorde (n=)	Beperk tot artikels (n=)	Beperk tot Engels (n=)	Beperk tot eweknie-beoordeelde bronne (n=)	Beperk tot relevansie en beskikbaarheid van artikel (n=)	Totaal: relevante artikels (n=)
EBSCOhost	162	131	122	122	13	13
JSTOR	187	168	159	159	7	7
Scopus	97	86	80	80	5	5
WorldCat	95	77	54	54	12	12
Totaal: relevante artikels						37

Bron: Outeur

Die soektog het gelei tot 'n soekresultaat van 37 relevante en unieke artikels (duplikate uitgesluit).

### **2.3 Data analise**

Artikels is ingesluit deur die insluitingskriteria toe te pas. Die soektogresultate is beperk tot die relevansie en beskikbaarheid van elke artikel. Artikels is relevant geag indien die inhoud daarvan verband hou met die doel van hierdie artikel—dit wil sê om vas te stel hoe GPV 'n impak op die PCA mag hê. Slegs artikels waarvan die volledige inhoud beskikbaar is, is ingesluit. Indien 'n vollengte artikel nie deur databasissoektogte verkry kon word nie, is dit uitgesluit. Data analise het deur middel van kruiskontrolering plaasgevind.

### **2.4 Betroubaarheid**

Die insluitingskriteria wat beskryf is, is bepaal voordat die literatuursoektogte uitgevoer is en dit het gedurende die hele proses dieselfde gebly. Geloofwaardigheid is gevestig deur skakeling met die mede-outeurs om navorsingsvooroordeel te beperk en verder rekening te hou met persoonlike vooroordele wat bevindinge kan beïnvloed, aangesien ek (La-Rochelle Bekker) as 'n FP opgelei is (Galdas 2017). Oordraagbaarheid kan verseker word deur die navorsingskonteks en die aannames wat sentraal tot die navorsing is, deeglik te beskryf (Trochim 2020). In hierdie artikel is die navorsingsinstellings en steekproefmetodes, asook die data-insamelingsmetodes en opname deeglik beskryf. Betroubaarheid is vasgestel deur die proses stapsgewys te repliseer om sodoende te verseker dat die bevindinge konsekwent bly. Bevestigbaarheid is bereik deurdat die navorsers die data gekruiskontroleer het totdat 'n ooreenkoms bereik is (Nowell, Norris, White en Moules 2017).

## **3. Bevindinge**

### **3.1 Die persoonsgesentreerde benadering (PCA) tot kommersiële forensiese onderhoudvoering**

Die PCA is in die 1950's deur Carl Rogers in 'n psigoterapeutiese konteks ontwikkel (Arnold 2014) en is gebaseer op die teorie dat alle mense oor 'n inherente neiging tot selfaktualisering beskik (Vorster 2016). Selfaktualisering is 'n konstruktiewe proses om optimaal te funksioneer en 'n persoon se volle potensiaal te bereik (Whitson 2021). Tydens 'n kommersiële forensiese onderhoud implementeer die FP die drie primêre veranderlikes van die PCA, naamlik kongruensie, empatie en onvoorwaardelike aanvaarding. Die doel met die implementering van hierdie veranderlikes is om 'n "sielkundige klimaat" te skep wat bydra tot die selfaktualisering van die kliënt/ondervraagde (Vorster 2016:46).

Empatie word bewerkstellig wanneer die FP 'n akkurate begrip verkry van die ondervraagde se situasie deur na hulle te luister en daarop te reageer deur die gebruik van verbale en nieverbale kommunikasie om akkurate begrip vir daardie persoon se situasie aan hulle terug te reflekteer sonder om deel te word van die ondervraagde se emosionele probleme wat sy/haar oordeel kan benadeel (Roos en Wheeler 2016; Vorster 2016). Daarteenoor verwys kongruensie na wanneer 'n FP die vermoë het om eerlik met hom-/haarself te wees, sonder enige tekens van voorgee of valsheid (Vorster 2016). Onvoorwaardelike aanvaarding word bewerkstellig wanneer die FP die ondervraagde as 'n persoon van waarde sien ongeag wie of wat hulle is en wat hulle persoonlike oortuigings is, en ongeag die FP se eie waardes en morele oortuigings (Lee 2021; Vorster 2016).

Buiten die drie primêre veranderlikes wat die fondasie van die PCA in die kommersiële forensiese konteks vorm (Vorster 2016), is daar dertien bykomende interpersoonlike veranderlikes wat in die terapeutiese konteks toegepas word en as die Interaktiewe Patroonanalise (IPA) bekendstaan (Du Plooy 2014; Vorster e.a. 2013). Hierdie interpersoonlike veranderlikes van die IPA beskryf die waarneembare gedrag van 'n persoon se interaktiewe styl binne 'n bepaalde verhouding (Vorster e.a. 2013). Die IPA veranderlikes is intussen aangepas om ook in die kommersiële forensiese konteks van toepassing te wees, veral tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering (Vorster e.a. 2013). Dit is belangrik dat die FP die veranderlikes van die IPA verstaan en kan toepas sodat hy/sy die gedrag van die ondervraagde tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering beter kan verstaan om sodoende relevante en bruikbare inligting vanaf die ondervraagde te bekom. 'n Opsomming van die veranderlikes van die IPA word vervolgens in Tabel 2 bespreek:

*Tabel 2. Veranderlikes van die IPA*

<b>Veranderlike</b>	<b>Beskrywing</b>
Konteks	Die interpersoonlike ruimte waarin die onderhoud plaasvind en wat 'n konseptuele grens rondom die interaksie vorm en die betekenis van alle kommunikasie beïnvloed (Vorster 2011).
Beskrywing van die onderhoud	Dit verwys na 'n beskrywing van die rede waarom die onderhoud plaasvind—gewoonlik as deel van 'n groter kommersiële forensiese ondersoek, of 'n ondersoek na die kontrolestelsel(s) van 'n firma of afdeling (McGimsey en Whelan 2015).
Definisie van die verhouding tussen die FP en die ondervraagde	Verhoudings kan op drie maniere gedefinieer word: parallel (partye is gelyk), komplementêr (daar is 'n leier en 'n volgeling) of simmetries ('n konstante magstryd bestaan tussen partye) (Vorster e.a. 2013).
Duidelikheid van selfvoorstelling	Om jouself op 'n wyse aan te bied wat verstaanbaar is—d.w.s. in 'n duidelike stem waar die verbale en nieverbale boodskappe deur die ander party verstaan kan word (CMI 2020).
Emosionele afstand	Die onderliggende verwantskapsnabyheid tussen individue wat beïnvloed word deur die konteks van die interaksie en wat fluktueer volgens die onderlinge manoeuvres vir afstand deur die betrokke partye (Vorster 2011; Vorster e.a. 2013).

<b>Veranderlike</b>	<b>Beskrywing</b>
Bevestiging	Dit verwys na die idee dat 'n individu sy/haar samewerking in enige gegewe omgewing sal gee as hulle bemagtig voel of ervaar dat hulle 'n beduidende rol in die samelewing het (Lucas 2015).
Effektiewe uitdrukking van behoeftes	Hoe mense reageer op enige spesifieke behoefte tydens 'n interaksie, en of dié behoefte in die verhouding bevredig word (Vorster e.a. 2013).
Lineêre of sirkelvormige benadering	Mense wat interaksie beoordeel vanuit 'n uitgangspunt dat daar standpunte en perspektiewe (anders as hul eie) bestaan wat relevant kan wees in 'n interaktiewe scenario, gebruik 'n sirkelvormige benadering. Hierteenoor sal mense met 'n lineêre benadering 'n situasie slegs vanuit hul eie oogpunt beskou en nie die invloed wat hulle tydens 'n interaksie op 'n ander persoon kan hê erken nie (Vorster 2011).
Mate van rigiditeit of buigsaamheid	Die mate waartoe 'n persoon in staat is om gepaste gedrag tydens interaksies te ontlok. Hoe meer buigsaam 'n individu is (in terme van die verskillende kontekste van interaksies) hoe meer optimaal is hy/sy in hul algehele funksionering (Vorster 2011).
Die vaardigheid om te metakommunikeer	Metakommunikasie verwys na die vermoë om oor kommunikasie self te kommunikeer (Vorster e.a. 2013).
Probleemoplossingsvaardighede	Die mate van vaardigheid en doeltreffendheid waarvoor 'n individu beskik om verskeie probleme op te los wat tydens interaksies na vore kom (Vorster 2011).
Beheer	'n Individu met 'n eksterne lokus van beheer se gedrag word primêr deur eksterne omstandighede gelei, terwyl 'n persoon met 'n interne lokus van beheer se gedrag primêr gelei word deur persoonlike keuses en pogings (Rothmann, Linde en Els 2001).
Die potensiaal om verwerping (vyandigheid) of aanvaarding te ontlok	Die unieke interpersoonlike styl van 'n persoon kan óf verwerping óf aanvaarding uitlok. Mense skep dus óf 'n sorgsame, liefdevolle omgewing vir ander óf 'n vyandige, verwerplike omgewing (Vorster 2011).

Elk van die bogenoemde veranderlikes van die IPA in Tabel 2 word vervolgens breedvoeriger in die konteks van kommersiële forensiese onderhoudvoering bespreek.

- **Konteks**

Konteks verwys na die omgewing waarbinne interaksie en kommunikasie plaasvind (Vorster e.a. 2013). Konteks bepaal die betekenis van alle kommunikasie en gedrag. Dieselfde woord, frase of gedrag in verskillende kontekste kan verskillende betekenis hê, wat tot 'n mate van verwarring, misverstand en frustrasie tussen die interaktiewe partye aanleiding kan gee (Camacho-Collados en Pilehvar 2018). Dit is belangrik dat konteks in 'n onderhoud geskep word, aangesien 'n ondervraagde wat verward is waarskynlik verwerping sal ervaar, wat tot verhoogde isolasie kan lei en wat kan beteken dat die FP sal sukkel om betroubare inligting vanaf die ondervraagde te verkry (Vorster e.a. 2013). In die kommersiële forensiese konteks kan die FP konteks skep deur aan die ondervraagde te noem dat hy/sy daar is om 'n onderhoud te voer om byvoorbeeld duidelikheid te kry oor sommige transaksies wat plaasgevind het.

- **Beskrywing van die onderhoud**

In die kommersiële forensiese konteks sal die FP 'n rede vir die onderhoud gee, sonder om pertinent aan te dui dat bedrog vermoed word (McGimsey en Whelan 2015). Die rede vir die onderhoud moet dus eerlik wees, maar hoef nie noodwendig kommer oor bedrieglike aktiwiteite te openbaar nie (McGimsey en Whelan 2015). Voorbeelde van redes om kommersiële forensiese onderhoude te loods, sluit in: om sekere feite rakende die onderneming vas te stel, dat dit deel is van 'n spesiale audit, dat die onderhoud verband hou met 'n oorsig oor interne kontroles of om verdere besonderhede oor 'n spesifieke finansiële transaksie te verstaan (Singer 2015).

- **Definisie van die verhouding tussen die FP en die ondervraagde**

Verhoudings tussen persone word gedefinieer deur middel van kommunikasie (Vorster e.a. 2013). Verhoudings kan op drie wyses gedefinieer word: parallel, komplementêr en simmetries. 'n Parallele verhouding is 'n verhouding tussen gelykes en beide partye neem beurte om die leier en volgeling te wees. 'n Komplementêre verhouding dui op 'n verhouding waar een party die leier is en die ander party die volgeling. In 'n simmetriese verhouding is daar 'n konstante magstryd vir die leiersposisie en nie een van die partye is suksesvol om effektiewe beheer in die verhouding neem nie (Vorster e.a. 2013).

In die kommersiële forensiese konteks is dit belangrik dat 'n komplementêre verhouding gevorm word waarin die FP 'n gesagsposisie inneem (Turner 2013) en die ondervraagde die volgeling is ten einde die doel van die onderhoud, naamlik om bruikbare en betroubare inligting te bekom, te bereik (Turner 2013). Indien die FP byvoorbeeld nie 'n definitiewe gesagsposisie inneem nie, sal dit vir die ondervraagde moontlik wees om deur middel van vyandigheid die gesagsposisie in te neem wat die FP sal verhoed om bruikbare en betroubare inligting te verkry.

- **Duidelikheid van selfvoorstelling**

'n Persoon kan hom-/haarself duidelik of onduidelik voorstel. Byvoorbeeld, dit kan moeilik wees om mense wat vinnig praat, swak uitspraak het, onvolledig artikuleer, of op 'n onlogiese en onsistematiese wyse praat, te volg (Vorster e.a. 2013). Verder kan 'n persoon ook met vae en nie-spesifieke stellings kommunikeer of dubbelsinnige boodskappe weergee wat tot waninterpretasie en misverstande aan die kant van die ontvanger kan lei (Carmiol en Vinden 2013). Die ontvanger van onduidelike kommunikasie sal tipies belangstelling verloor en waarskynlik verdere kontak met die spreker vermy (Vertino 2014). Daarteenoor kan die spreker se subjektiewe ervarings wees dat ander nie regtig belangstel in wat hulle te sê het nie en gevolglik kan daardie persoon glo hulle is waardeloos of dat hulle nie waardeur word nie (Vertino 2014). Indien die FP egter daarin slaag om 'n ondubbelsinnige beeld van hulself voor te hou deur duidelike uitspraak, 'n voldoende tempo en volume van spraak te handhaaf, asook gebruik te maak van 'n logiese en sistematiese voorstelling, sal hy/sy waarskynlik deur die ondervraagde aanvaar word (CMI 2020).

- **Emosionele afstand**

Hierdie veranderlike beskryf emosionele afstand en nabyheid. In alle verhoudings handhaaf individue 'n sekere emosionele afstand (Du Plooy 2014). Dit kan deur verbale en nieverbale kommunikasie waargeneem word (Vorster e.a. 2013). Die FP sal hom-/haarself die volgende vrae vra om die emosionele afstand of nabyheid te bepaal: Praat hierdie persoon vrylik en openlik en deel hulle persoonlike inligting? Behou hulle oogkontak en 'n oop liggaamshouding? Is hulle deursigtig en kwesbaar? Ervaar hulle refleksie op 'n dieper emosionele vlak? (Vorster e.a. 2013). Indien daar nie effektiewe emosionele afstand gehandhaaf word nie, kan maneuvrering (wat hieronder bespreek word) gebruik word om afstand of nabyheid te bewerkstellig (Vorster e.a. 2013). Wanneer die ondervraagde onvanpas naby is, kan hulle die FP se maneuvrering vir gepaste afstand as verwerping ervaar, of wanneer hulle emosioneel ver is, kan hulle sukkel om akkurate empatie, terugvoer en ondersteuning van die FP te verkry en 'n subjektiewe ervaring van isolasie ervaar (Vorster 2011).

- **Bevestiging**

Wanneer bevestiging van ander individue ontvang word, lei dit daartoe dat 'n persoon die indruk kry dat hulle 'n geldige, spesiale of uitsonderlike plek inneem en waardeur word vir hulle plek in die samelewing (Lucas 2015). Mense soek voortdurend bevestiging, hetsy in die vorm van prestasie wat deur die samelewing erken word, hetsy deur subtiele of indirekte boodskappe dat 'n persoon waardevolle raad gee of opinies lewer wat aanvaarbaar is vir ander (Gergen 2009). Hierdie is ook van toepassing in die kommersiële forensiese konteks (Vorster e.a. 2013). Bevestiging is 'n wederkerige proses, wat beteken dat indien die FP bevestiging gee aan die ondervraagde, die FP meer geneig sal wees om bevestiging vanaf die ondervraagde terug te ontvang (Lucas 2015). 'n Voorbeeld van sodanige bevestiging in die kommersiële forensiese onderhoudvoeringkonteks kan wees wanneer die FP die ondervraagde bedank vir hul samewerking in die ondersoek/onderhoud. Hierdie eenvoudige bevestiging mag daartoe lei dat die ondervraagde die FP se rol tydens die onderhoud bevestig deur (inherent) aan te dui dat hy/sy erken dat die FP die proses lei om inligting te versamel.

- **Effektiewe uitdrukking van behoeftes**

Die vermoë om 'n mens se behoeftes effektief te kommunikeer is van kardinale belang vir die ervaring van vertroue, aangesien dit korreleer met die proses van selfaktualisering volgens die PCA (Vorster e.a. 2013). Selfaktualisering is 'n konstruktiewe proses om optimaal te funksioneer en 'n persoon se volle potensiaal te bereik (Whitson 2021). 'n Persoon se behoefte word effektief aangespreek wanneer hy/sy duidelik verstaan wat van hom/haar vereis word en dit op 'n manier gevra word wat die persoon gemaklik laat voel (Du Plooy 2014). In die kommersiële forensiese konteks, moet die FP dus seker maak dat die ondervraagde sy/haar vrae verstaan en dat die vrae so gestel word dat die ondervraagde gemaklik voel, wat daartoe sal lei dat hy/sy ook meer geneig sal wees om inligting met die FP te deel (Vorster e.a. 2013).

- **Lineêre of sirkelvormige benadering**

Mense het gewoonlik 'n lineêre of 'n sirkelvormige benadering tot die omgewing (Vorster 2011). 'n Lineêre benadering verwys na wanneer 'n persoon nie hul eie aandeel in die uitkoms van interaksies met ander individue erken nie en dikwels geneig is om ander te blameer of hulself as 'n slagoffer te sien. Dit maak dit moeilik vir die persoon om te leer om meer effektief in hul interaksies op te tree, omdat hulle nie kan sien waarom hulle moet verander nie (Du Plooy 2019). In die kommersiële forensiese konteks verwys 'n lineêre benadering deur die FP na 'n situasie waar die FP byvoorbeeld antwoorde oor die ondersoek vereis sonder om sy/haar eie impak op die onderhoud in ag te neem. 'n FP wat die lineêre benadering volg kan byvoorbeeld aanvallend wees en steeds verwag dat die ondervraagde gemaklik moet voel om inligting met hom/haar te deel. 'n Sirkelvormige benadering verwys na wanneer 'n persoon erken dat elke deelnemer, asook die konteks, 'n aandeel in die uitkoms van 'n interaksie het (Du Plooy 2019);

Vorster e.a. 2013). In die kommersiële forensiese konteks verwys dit na 'n situasie waar die FP sy eie impak op die onderhoud erken en sensitief is vir sy/haar verbale en nieverbale kommunikasie vir die verkryging van inligting. 'n FP wat hierdie benadering volg, sal byvoorbeeld kongruensie, empatie en onvoorwaardelike aanvaarding teenoor die ondervraagde toon, aangesien hy/sy weet dat indien hulle hierdie veranderlikes toon, dit 'n impak op die onderhoud sal hê en die ondervraagde meer geneig sal wees om inligting te deel (Bekker e.a. 2023).

'n Sirkelvormige benadering moet dus deur die FP gevolg word, aangesien hierdie benadering daarop fokus dat daar meer as een perspektief is—anders as slegs dié van die FP—wat sal help om subjektiewe sienings te vermy (Vorster e.a. 2013). Indien 'n FP 'n lineêre benadering volg, kan hy/sy geneig wees om die ondervraagde te blameer vir uitkomst van 'n ondersoek, wat waarskynlik vyandigheid, verdediging en/of verwerping kan ontlok. Verder sal die ondervraagde heel moontlik heeltyd voel dat hy/sy moet baklei om te 'oorleef'. Dit kan lei tot 'n ondoeltreffende onderhoud, waar bruikbare en betroubare inligting nie verkry word nie (Vorster e.a. 2013).

- **Mate van rigiditeit of buigsaamheid**

Hierdie veranderlike handel oor persoonlike aanpasbaarheid en toepaslikheid van gedrag in verskillende kontekste (situasies) (Du Plooy 2019). Indien 'n FP rigied is in sy/haar handeling tydens 'n kommersiële forensiese onderhoud, sal dit 'n effek op die drie hoofveranderlikes van die PCA hê en kan dit die ondervraagde ontmoedig om inligting te deel (Vorster 2011). Byvoorbeeld, wanneer 'n ondervraagde angs ervaar oor sekere aanvallende vrae wat deur die FP geopper word, sal die aanhoudende herhaling van hierdie vrae deur die FP die ondervraagde waarskynlik weerspanning maak. In die forensiese konteks sal die FP buigsaam moet wees, aangesien 'n hoë mate van rigiditeit sal lei tot 'n gebrek aan empatie, asook 'n subjektiewe benadering tot die onderhoud wat distansiering en onttrekking van die ondervraagde tot gevolg sal hê (Vorster 2011). 'n Subjektiewe benadering en rigiditeit van die FP sal dit ook vir die FP onmoontlik maak om onvoorwaardelike aanvaarding teenoor die ondervraagde te toon, omdat hy/sy nie hom-/haarself sover sal kan kry om die ondervraagde se waardes en oortuigings te aanvaar nie.

- **Die vaardigheid om te metakommunikeer**

Metakommunikasie verwys na die vermoë om op 'n hoër-orde vlak te kommunikeer en sodoende oor kommunikasie self te kommunikeer (Branco, Pessina, Flores en Salomão 2006). Hierdie vaardigheid is van groot belang omdat konflik slegs opgelos kan word indien die deelnemers effektief oor hul kommunikasie kan kommunikeer (Du Plooy 2014). Wanneer 'n FP byvoorbeeld 'n onderhoud voer met 'n ondervraagde wat maklik ontsteld raak wanneer daar reguit (eerlike) vrae gevra word, is dit noodsaaklik dat die FP die situasie moet kan interpreteer en gevolglik die ondervraagde kan gerusstel. Die FP doen dit deur te reflekteer dat hy/sy kan sien dat die ondervraagde nie nou met hom/haar wil praat nie, en gevolglik kan die FP vra of hulle eerder tydelik op 'n vorige onderwerp wil fokus sodat die onderhoud verder vlot kan verloop.

- **Probleemoplossingsvaardighede**

Probleemoplossingsvaardighede verwys na die proses om interpersoonlike probleme op te los deur relevante faktore akkuraat te identifiseer en vervolgens effektiewe oplossings te bereik (Vorster 2011). Die toepassing van probleemoplossingsvaardighede tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering is belangrik sodat struikelblokke tussen die ondervraagde en die FP oorkom kan word met die doel om die gewenste uitkomst van die onderhoud te bereik, naamlik die verkryging van bruikbare en betroubare inligting. 'n Voorbeeld in die kommersiële forensiese konteks kan wees wanneer die FP agterkom dat die ondervraagde sekere vrae nie kan antwoord nie omdat hy/sy 'n dokument nodig het om sy/haar geheue te verfris. Die FP kan voorstel dat hulle die betrokke dokument bekom sodat die FP antwoorde op sy/haar vrae kan kry.

- **Beheer**

Beheer dui op die tradisionele begrip van interne teenoor eksterne lokus van beheer (Vorster e.a. 2013). Eksterne lokus van beheer beteken dat 'n individu se gedrag primêr deur eksterne omstandighede gelei word, terwyl 'n persoon met interne lokus van beheer se gedrag primêr deur persoonlike keuses en pogings bepaal word (Rothmann e.a. 2001). Indien die ondervraagde 'n eksterne lokus van beheer het, sal hy/sy die ingesteldheid hê dat hulle nie in beheer is nie en dus sal hulle nie kan insien dat hulle optrede in bepaalde situasies moontlik verkeerd is nie (Rothmann e.a. 2001). Daarteenoor sal die ondervraagde met 'n interne lokus van beheer die ingesteldheid hê dat hulle kan beheer wat met hulle gebeur en sal hulle meer geneig wees om verantwoordelikheid vir hulle aksies te neem, insluitend onetiese optrede (Wang, Tomlinson en Noe 2010). Tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering is dit belangrik dat die FP 'n interne lokus van beheer het aangesien hy/sy die beheer (in ooreenstemming met die komplementêre verhouding met die ondervraagde) moet hê om inligting te verkry, asook sodat die FP kan erken dat sy/haar gedrag 'n impak kan hê op die onderhoud en op die ondervraagde.

- **Die potensiaal om verwerping (vyandigheid) of aanvaarding te ontlok**

Alle mense, as gevolg van hul interpersoonlike styl, het die potensiaal om verwerping of aanvaarding by ander te ontlok (Du Plooy 2014). Mense skep dus óf 'n sorgsame, liefdevolle omgewing, óf 'n vyandige, verwerplike omgewing (Vorster 2011). Mense met 'n interaksiestyl wat min empatie toon en/of wat tipies op 'n blamerende, veroordelende of beskuldigende wyse kommunikeer, sal waarskynlik ook verwerping of vyandigheid van ander ontlok as gevolg van die onaangename impak van hierdie interpersoonlike styl (Cherry 2021). Daarteenoor sal mense wat akkurate empatie en onvoorwaardelike aanvaarding toon en kongruent is, meer geneig wees om aanvaarding vanuit die sosiale omgewing te bewerkstellig (Vorster 2011). Die FP sal 'n klimaat van aanvaarding vir die ondervraagde moet skep, aangesien die ondervraagde nie met die FP inligting sal deel indien hulle verwerping ervaar nie (Vorster 2011).

Tydens die toepassing van die bogenoemde veranderlikes van die PCA en die IPA, kan maneuvring 'n belangrike rol speel, veral tydens die ontwikkeling van rapport en vertroue in die verhouding tussen die FP en die ondervraagde (Vorster 2016).

### *3.1.1 Maneuvring*

Maneuvring kan beskryf word as 'n sirkelvormige interaksie wat tussen individue ontwikkel tydens die onderhoud waartydens die deelnemers mekaar se emosies en gedrag saam bepaal (Phipps 2014). In die kommersiële forensiese konteks kan die ondervraagde byvoorbeeld vyandigheid gebruik om beheer oor die interpersoonlike verhouding te verkry tydens onderhoudvoering wat die FP sal verhoed om betroubare en bruikbare inligting in te win (Bekker e.a. 2023; Rogers 2003). 'n Bevoegde FP sal nie net hierdie maneuvringstaktiek van die ondervraagde kan identifiseer nie, maar ook teenmaneuvers effektief kan toepas, soos om die gesprek terug te lei na 'n tema wat die ondervraagde se vyandigheid ontlont, om sodoende weer beheer oor die onderhoud te neem (Bekker e.a. 2023; Rogers 2003). Die impak van GPV op die onderhoud moet teen die agtergrond van hierdie sirkelvormige interaksie tussen die FP en ondervraagde gesien word, waar die beheer oor die onderhoud, asook die PCA en IPA veranderlikes, deur GPV simptome beïnvloed kan word.

Om te bepaal watter impak GPV op die bogenoemde veranderlikes van die PCA en IPA sal hê, is dit belangrik om eers te verstaan wat GPV behels en wat die simptome daarvan is. Dit word vervolgens uiteengesit.

### **3.2 'n Analise van grenslyn-persoonlikheidsversteuring**

Grenslin-persoonlikheidsversteuring (GPV) is 'n persoonlikheidsversteuring wat 'n individu se vermoë om hul emosies te reguleer, beïnvloed (Sharp en Tackett 2014). Hierdie emosionele onstabieliteit veroorsaak uiterste gemoedsveranderinge, impulsiewe

gedrag, swak selfbeeld en intense interpersoonlike verhoudings (Bender, Gunderson, Oldham en Skodol 2014). Persone wat gediagnoseer word met GPV is geneig tot skielike en onvoorspelbare woedeuitbarstings wat gevolglik, onder andere, tot selfleed kan lei (Bender e.a. 2014). Verder is hulle uiters sensitief vir verwerping en het 'n voortdurende vrees dat mense hulle sal verlaat (Sharp en Tackett 2014).

GPV kom dikwels in die konteks van mishandeling, verwaarlosing of ander negatiewe ervarings tydens die kinderjare voor (Larcombe en Müller 2022). Dis 'n lewensgevaarlike psigiatriese toestand as gevolg van die nood of inkorting wat deur individue ervaar word: individue kan op 'n gereelde basis betrokke raak by impulsiewe, selfleed-, selfvernietigende of selfdoodgedrag (Larcombe en Müller 2022). Die selfdoodsyfer vir GPV is sowat 8–10% (Biskin 2015; Campbell, Clarke, Massey en Lakeman 2020). Dit is ook bekend dat GPV meer algemeen onder vroue voorkom—ongeveer 70–80% van alle GPV-gevalle is vroue (Cartwright 2008).

Volgens Sharp en Tackett (2014) word GPV gekenmerk deur ontstellende, belemmerende en deurdringende wanregulering van:

- a. toegeneentheid/nabyheid/emosies ("affection") (chroniese vrees vir verlating, emosionele onstabiliteit, intense en onvanpaste woede)
- b. selfbeeld en aandag (dissosiatiewe ervaring) van kennisie (verwronde gedagtes en persepsies)
- c. interpersoonlike verhoudings (intens en wisselvallig)
- d. gedrag (impulsiwiteit en herhalende selfvernietigende gedrag)

Volgens Courtois en Ford (2014), word wanregulering (veral van emosies) as 'n kernkenmerk van GPV beskou—dit wil sê, veranderlikheid in negatiewe gemoedstoestande geassosieer met verhoogde emosionele intensiteit (Russell, Moskowitz, Zuroff, Sookman en Paris 2007). Die ontwikkeling van die diagnose van GPV, wat op bogenoemde emosionele komponent steun, word vervolgens bespreek.

### *3.2.1 Ontwikkeling van die diagnose van grenslyn-persoonlikheidsversteuring*

Daar is in die verlede baie oor die kernkenmerke van GPV gedebatteer (Cartwright 2008; Russell e.a. 2007). Daar blyk egter 'n gemeenskaplike kenmerk van impulsiwiteit en 'n probleem met emosionele regulering te wees—individue met GPV is geneig om baie wisselende emosies te toon: van 'n oormatige behoefte aan gerusstelling vanaf ander, tot algehele vermyding van 'n persoon in reaksie op gedrag wat hulle as verwerping van ander ervaar (Cartwright 2008; Russell e.a. 2007). Persone met GPV sal byvoorbeeld vroeg in 'n verhouding die ander persoon verhef, en dan skielik voel dat die persoon nie genoeg omgee nie, waarna hulle die persoon sal verkleineer of kwaad word vir hom/haar (Zimmerman 2021).

In ooreenstemming hiermee voer Zanarini, Frankenburg, Hennen, Reich en Silk (2005) aan dat emosionele onstabiliteit en intense woede die betroubaarste eienskappe van GPV is. Aanvanklik is daar vermoed dat GPV op die grens van neurose en psigose bestaan, maar as gevolg van die sterk emosionele komponent argumenteer sommige kenners dat dit eerder as 'n spesifieke soort gemoedsversteuring beskou moet word (Campbell e.a. 2020; Coid 1993).

Vervolgens word die kriteria vir die diagnosering van GPV as gemoedsversteuring verder bespreek.

### *3.2.2 Omskrywing van die kriteria vir grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV)*

#### *3.2.2.1 Die Diagnostiese Statistiese Handleiding (DSM-V)*

Die vyfde uitgawe van die Diagnostiese Statistiese Handleiding van geestesversteurings (of mental disorders) (DSM-V) sit die kriteria vir GPV uiteen (Veldhuizen 2021). Die DSM-V is 'n gids wat deur professionele mediese personeel gebruik word om geestesgesondheidstoestande te diagnoseer en sit dus die kriteria vir hierdie toestande uiteen (Zencare 2020). Persoonlikheidsversteurings is een van die aspekte wat in hierdie

handleiding vervat word en wat onder andere die volgende insluit: paranoïede persoonlikheidsversteuring, skisoïede persoonlikheidsversteuring, anti-sosiale persoonlikheidsversteuring, histrioniese (histeriese) persoonlikheidsversteuring, narsistiese persoonlikheidsversteuring, vermydingspersoonlikheidsversteuring, afhanklikheidspersoonlikheidsversteuring, obsessiewe kompulsiewe persoonlikheidsversteuring en GPV (Bender e.a. 2014).

### 3.2.2.2 Kriteria vir grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV)

DSM-V-TR, Afdeling II se kriteria vir GPV verwys na 'n deurdringende patroon van onstabieleit van interpersoonlike verhoudings, selfbeeld en emosie, asook merkbare impulsiwiteit wat tydens vroeë volwassenheid begin en in verskeie kontekste teenwoordig is, soos aangedui deur vyf (of meer) van die volgende elemente wat teenwoordig moet wees (Bender e.a. 2014; Perrotta 2020):

1. desperate pogings om werklike of denkbeeldige verwerping ("abandonment") te vermy
2. 'n patroon van onstabiele en intense interpersoonlike verhoudings wat gekenmerk word deur afwisseling tussen uiterstes van idealisering en devaluasie
3. identiteitsversteuring: merkbare en ononderbroke onstabiele selfbeeld of selfkonsep
4. impulsiwiteit in tenminste twee areas wat potensieel skadelik is vir die persoon self (byvoorbeeld spandabelrigheid, seks, dwelmmisbruik, roekelose bestuur of kompulsiewe eetversteuring)
5. herhaaldelike selfdoodgedrag, selfdoodpogings of -dreigemente of selfleedgedrag
6. emosionele onstabieleit as gevolg van 'n merkbare reaktiwiteit van gemoed (byvoorbeeld intense episodiese disforie (rusteloosheid), prikkelbaarheid of angs wat gewoonlik 'n paar uur duur)
7. chroniese gevoelens van leegheid
8. onvanpaste, intense woede of probleme om woede te beheer (byvoorbeeld uitbarstings op 'n gereelde basis, konstante woede of herhalende fisiese gevegte)
9. verbygaande, stresverwante paranoïese idees of ernstige dissiatiewe simptome (distansiëring)

Soos aangedui deur Figuur 1 hieronder, kan die bovermelde kriteria gegroepeer word in basiese dimensies van eienskappe, naamlik emosionele, impulsiewe, interpersoonlike, asook kognitiewe simptome (Cartwright 2008; Sharp en Tackett 2014). Daar is bevind dat pasiënte wat simptome in elk van hierdie areas toon, hoogs waarskynlik nie met 'n ander persoonlikheidsversteuring as GPV gediagnoseer sal word nie (Sharp en Tackett 2014).

---

#### **Emosionele simptome**

1. emosionele onstabieleit as gevolg van 'n merkbare reaktiwiteit van gemoed (byvoorbeeld intense episodiese disforie [rusteloosheid], prikkelbaarheid of angs wat gewoonlik 'n paar uur duur)
2. onvanpaste, intense woede of probleme om woede te beheer (byvoorbeeld uitbarstings op 'n gereelde basis, konstante woede of herhalende fisiese gevegte)
3. chroniese gevoelens van leegheid

#### **Impulsiewe simptome**

4. herhaaldelike selfdoodgedrag, selfdoodpogings of -dreigemente, of selfleedgedrag
5. impulsiwiteit in tenminste twee areas wat potensieel tot selfleed kan lei (byvoorbeeld spandabelrigheid, seks, dwelmmisbruik, roekelose bestuur of kompulsiewe eetversteuring)
6. 'n patroon van onstabiele en intense interpersoonlike verhoudings wat gekenmerk word deur afwisseling tussen uiterstes van idealisering en devaluasie

#### **Interpersoonlike simptome**

7. verwoede pogings om werklike of denkbeeldige verwerping ("abandonment") te vermy
8. identiteitsversteuring: merkbaar en ononderbroke onstabiele selfbeeld of selfkonsep

#### **Kognitiewe simptome**

9. verbygaande, stresverwante paranoïese idees of ernstige dissiatiewe simptome

---

**Figuur 1. DSM IV TR kriteria vir grenslyn-persoonlikheidsversteuring uitgebeeld in basiese dimensies van eienskappe (Cartwright 2008)**

Buiten die kriteria volgens Afdeling II van die DSM-V soos hierbo uiteengesit, is daar ook alternatiewe kriteria vir GPV wat in Afdeling III van die DSM-V uiteengesit word en wat gebruik word om persone met GPV te diagnoseer (Bender e.a. 2014). Dit word hieronder verder bespreek.

### 3.2.2.3 Alternatiewe model vir die diagnose van grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV)

Alhoewel Afdeling II die kernelemente van GPV uiteensit, bevat die DSM-V 'n nuwe afdeling (Afdeling III) wat opkomende maatreëls en modelle bekend stel om professionele mediese praktisyns by te staan tydens hul evaluering van pasiënte (Bender e.a. 2014). Afdeling III is nie 'n aanhangsel nie, maar bevat eerder hulpmiddels om diagnose te verbeter (Moran 2013). Hierdie afdeling bevat ook selfassesseringsinstrumente wat deur pasiënte gebruik kan word (Bender e.a. 2014). Die alternatiewe model in Afdeling III van DSM-V-TR sluit die volgende simptome van GPV in: onstabieleit van die selfbeeld, persoonlike doelwitte en interpersoonlike verhoudings; gepaardgaande impulsiwiteit en 'n neiging tot risiko's en/of vyandigheid (Perrotta 2020; Bender e.a. 2014). Kenmerkende probleme word duidelik uitgebeeld in identiteit, empatie en/of intimiteit, selfgerigtheid, sowel as spesifieke wanaangepaste eienskappe in die areas van negatiewe emosies en antagonisme (Bender e.a. 2014; Perrotta 2020). Die kriteria vir GPV, soos uiteengesit in Afdeling III van DSM-V, bestaan uit twee gedeeltes. Die eerste gedeelte in hierdie afdeling handel oor inkorting van funksionering van die persoonlikheid en die tweede gedeelte fokus op patologiese persoonlikheidseienskappe. Hierdie twee kriteria word vervolgens bespreek (Bender e.a. 2014; Perrotta 2020):

#### 3.2.2.3.1 Inkorting van funksionering van die persoonlikheid

Hierdie het te make met matige of meer ernstige inkorting van die funksionering van die persoonlikheid, wat met kenmerkende probleme op twee of meer van die volgende vier areas manifesteer:

- a. **Identiteit:** merkbare lae eiewaarde; swak ontwikkelde of onstabiele selfbeeld, dikwels geassosieer met oormatige selfkritiek; chroniese gevoelens van leegheid; en dissosiatiewe toestande as gevolg van stres.
- b. **Selfgerigtheid:** onstabieleit in doelwitte, aspirasies, waardes of projekte wat met sy/haar beroep verband hou.
- c. **Empatie:** verswakte vermoë om gevoelens en behoeftes van ander te herken, geassosieer met interpersoonlike hipersensitiwiteit (byvoorbeeld die geneigdheid om beledig te voel); persepsie van ander wat selektief verwring word oor sy/haar negatiewe eienskappe of kwesbaarhede.
- d. **Intimiteit:** intense emosionele verhoudings; onstabiele konflikte, gekenmerk deur wantroue; afhanklikheid en angstige besorgdheid oor verlating (werklik of denkbeeldig); emosionele verhoudings wat dikwels manifesteer as uiterstes van idealisering en devaluasie en wissel tussen oormatige betrokkenheid en onttrekking.

#### 3.2.2.3.2 Patologiese persoonlikheidseienskappe

Vier of meer van die volgende sewe patologiese persoonlikheidseienskappe moet teenwoordig wees, waarvan ten minste een (e) impulsiwiteit, (f) geneigdheid om risiko's te neem, of (g) vyandigheid moet wees:

- a. **Emosionele labiliteit** ('n aspek van negatiewe invloed): onstabiele emosionele ervarings en gereelde buierigheid; emosies wat maklik ontstaan, intens en/of buite verhouding tot gebeure en omstandighede is.
- b. **Angs** ('n aspek van negatiewe emosie): intense gevoel van senuweeagtigheid, spanning of paniek, dikwels in reaksie op interpersoonlike stres; kommer oor die negatiewe uitwerking van vorige onaangename ervarings en toekomstige negatiewe

gebeurlikhede; ervaring van vrees of die bedreiging deur onsekerheid; vrees om "ineen te stort" of beheer te verloor.

- c. **Skeidingsangs** ('n aspek van negatiewe emosie): vrees om verwerp te word en/of van belangrike persone geskei te word, geassosieer met vrese vir oormatige afhanklikheid en algehele verlies aan outonomie.
- d. **Depressie** ('n aspek van negatiewe emosie): voel gereeld hartseer, ongelukkig en/of hopeloos; moeilik om van hierdie emosies te herstel; pessimisme oor die toekoms; deurdringende skaamte; gevoelens van lae selfagting; selfdoodgedagtes en selfdoodgedrag.
- e. **Impulsiwiteit** ('n aspek van disinhibisie): optrede op die ingewing van die oomblik in reaksie op onmiddellike stimuli; op 'n kortstondige basis optree, sonder 'n plan of inagneming van die uitkoms; vind dit moeilik om planne te formuleer en daarby te hou; die gevoel van dringendheid en selfleedgedrag onder emosionele stres.
- f. **Die neiging om risiko's te neem** ('n aspek van disinhibisie): die onderneming van gevaarlike, riskante en potensieel skadelike aktiwiteite, sonder behoefte en sonder inagneming van die gevolge; die gebrek aan besorgdheid oor beperkings en ontkenning van die werklike gevaar vir die persoon.
- g. **Vyandigheid** ('n aspek van antagonisme): aanhoudende of gereelde gevoelens van woede; woede of prikkelbaarheid in reaksie op geringe beledigings.

In die volgende afdeling word die verwagte impak van die simptome van GPV (soos hierbo uiteengesit) op die veranderlikes van die PCA bespreek.

### **3.3 Kritiese analise van die impak van grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV) op die persoonsgesentreerde benadering (PCA)**

*3.3.1 Die impak van die simptome van grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV) op die veranderlikes van die persoonsgesentreerde benadering (PCA) en bykomende veranderlikes van die Interaktiewe Patroonanalise (IPA)*

DSM-V Afdeling III is ingestel om die vermoë van professionele mediese praktisyns om persoonlikheidsversteuringspatologie akkuraat en doeltreffend te identifiseer, te verbeter (Bender e.a. 2014). Verder word die instelling van hierdie afdeling deur nuwe en bewese navorsing ondersteun, wat data van voornemende, longitudinale en opvolgstudies in beide nie-pasiënte en pasiënte insluit (Bender e.a. 2014). Soos reeds genoem bevat hierdie afdeling ook selfassesseringsinstrumente wat deur pasiënte gebruik kan word. As gevolg van bogenoemde redes, fokus hierdie studie slegs op Afdeling III en die impak wat die GPV-simptome van hierdie afdeling op die PCA kan hê. Die toepassing van, onder andere, die selfassesseringsinstrumente, asook die daaropvolgende verbeterde vermoë om versteurings akkuraat en doeltreffend te identifiseer, kan veral van waarde wees vir die FP in die identifisering van moontlike GPV kriteria tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering. Die impak wat die GPV-simptome van Afdeling II van die DSM op PCA kan hê sal dus deur toekomstige navorsing ondersoek moet word.

Vervolgens word die impak van GPV op die drie hoofveranderlikes (empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding) van die PCA bespreek.

#### **3.3.1.1 Empatie**

Mense met GPV het 'n verswakte vermoë om die gevoelens van ander te herken en voel ook maklik beledig (aangesien hulle oorsensitief is) (Perrotta 2020); dus sal hierdie persone sukkel om empatie wat deur die FP getoon word te herken.

#### **3.3.1.2 Kongruensie**

Persone met GPV word gekenmerk deur wantroue (Bender e.a. 2014) wat dit vir die FP moontlik moeilik kan maak om egtheid te toon, aangesien die ondervraagde waarskynlik kan dink dat die FP voorgee. So 'n reaksie kan daartoe lei dat die ondervraagde nie gewillig is om met die onderhoud voort te gaan nie, of moontlik onwillig sal wees om inligting met die FP te deel.

### 3.3.1.3 Onvoorwaardelike aanvaarding

Simptome soos wantroue, intense emosionele verhoudings, onstabiele emosionele ervarings en vyandigheid (aanhoudende of gereelde gevoelens van woede, woede of prikkelbaarheid in reaksie op geringe beledigings) (Bender e.a. 2014), kan dit vir die FP moeilik maak om die persoon met GPV onvoorwaardelik te aanvaar. Indien die FP nie onvoorwaardelike aanvaarding teenoor die ondervraagde met GPV toon nie, kan dit lei tot angs, gevoel van verwerping, lae selfkonsep of selfs verdere woede. Hierdie gevoelens sal die ondervraagde hinder om inligting met die FP te deel.

Die impak van die simptome van GPV op die veranderlikes van die IPA word vervolgens bespreek.

### 3.3.1.4 Konteks

Vyandigheid as 'n simptoom van GPV (Perrotta 2020) kan veroorsaak dat die ondervraagde nie die konteks in 'n bepaalde situasie wil insien nie en gevolglik nie hul volle samewerking tydens die onderhoud sal gee nie.

### 3.3.1.5 Beskrywing van onderhoud

Persone met GPV ervaar gereeld vrees of voel vreesbevange of bedreig deur onsekerheid (Bender e.a. 2014) en dus mag dit 'n impak hê op die wyse waarop die FP die probleem (waaroor die betrokke ondersoek gaan) aanbied. Dus sal die FP versigtig te werk moet gaan aangesien vrees 'n natuurlike respons is tydens onsekere en hoë stres situasies en 'n onduidelike beskrywing van die onderhoud, angs in so 'n situasie sal verhoog (Risan, Milne en Binder 2020). Om hiermee te help sal die FP die beskrywing van die onderhoud op so 'n wyse aan die ondervraagde met GPV moet kommunikeer dat daar geen onsekerheid daaroor bestaan nie.

### 3.3.1.6 Definisie van die verhouding tussen die FP en die ondervraagde

Indien die ondervraagde vrees of wantroue (Bender e.a. 2014) as gevolg van GPV beleef sal dit 'n beduidende impak op die definisie van die verhouding tussen die FP en die ondervraagde hê, aangesien die komplementêre verhouding waar die FP die gesprek lei heel waarskynlik ondermyn kan word deur die ondervraagde wat eerder beheer wil oorneem. 'n Ander simptoom van 'n ondervraagde met GPV wat 'n impak op hierdie veranderlike kan hê, is vyandigheid as gevolg van woede (Bender e.a. 2014). Indien die FP byvoorbeeld nie 'n definitiewe gesagsposisie inneem nie, sal dit vir die ondervraagde moontlik wees om deur middel van vyandigheid die gesagsposisie oor te neem, wat die FP sal verhoed om bruikbare en betroubare inligting te verkry.

### 3.3.1.7 Duidelikheid van selfvoorstelling

'n Aantal faktore, insluitend stemtoon, tempo en volume van spraak, kan 'n impak op hierdie veranderlike hê (Du Plooy 2014). Hierdie faktore sal 'n effek hê op die ondervraagde se vermoë om 'n duidelike of verwarrende prentjie te skep van wat werklik gebeur het (Du Plooy 2014). Met ander woorde, 'n Ondervraagde met GPV mag moontlik sukkel om duidelik oor te kom indien hy/sy vrees ervaar, wat die proses vir die verkryging van betroubare en bruikbare inligting tydens onderhoudvoering kan bemoeilik.

### 3.3.1.8 Emosionele afstand

Individue met GPV ervaar dikwels skeidingsangs en vrees om verwerp te word (Perrotta 2020). Hulle is ook hipersensitief en voel vreesbevange of bedreig deur onsekerheid (Bender e.a. 2014). Indien hierdie individue onvanpas naby is, sal die FP die onderhoud só moet lei dat 'n gepaste emosionele afstand geskep word, wat weer daartoe kan lei dat die ondervraagde met GPV voel asof hy/sy verwerp word. Afhangend van die ondervraagde se emosies op die betrokke dag van die onderhoud, kan die ondervraagde ook juis afsydig en onbetrokke wees wat dadelik 'n groot afstand tussen hom/haar en die FP kan veroorsaak. Dus kan dit moeilik wees om 'n gepaste emosionele afstand te handhaaf, wat tot gevolg kan hê dat die ondervraagde nie sy/haar volle samewerking

tydens die onderhoud gee nie en die FP sal hinder om relevante en bruikbare inligting te bekom.

### 3.3.1.9 Bevestiging

Persone met GPV ervaar probleme met intimiteit (intense emosionele verhoudings, afhanklikheid en angstige besorgdheid oor verlating, emosionele verhoudings wat dikwels uitloop op die uiterstes van idealisering en devaluasie en wissel tussen oormatige betrokkenheid en onttrekking) (Perrotta 2020) en angs (die persoon voel bedreig deur onsekerheid) (Perrotta 2020). Dus ervaar hierdie persone 'n voortdurende hunkering na bevestiging in enige situasie. Indien die persoon nie bevestiging van die FP ontvang nie sal hulle onttrek en die FP sal nie al die nodige inligting kry as deel van die algehele ondersoek nie.

### 3.3.1.10 Effektiewe uitdrukking van behoeftes

Indien 'n persoon met GPV angstig is of onsekerheid ervaar (Perrotta 2020), sal hulle nie hul behoeftes effektief kan verwoord tydens onderhoudvoering nie, wat daartoe sal lei dat hul behoeftes nie bevredig sal word nie. Indien hulle behoeftes nie bevredig word nie, kan dit hulle angs en onsekerheid vererger en 'n persoon wat angstig of onseker is sal nie noodwendig inligting met die FP wil deel nie.

### 3.3.1.11 Lineêre of sirkelvormige benadering

Persone met GPV is dikwels impulsief en kan op die ingewing van die oomblik optree in reaksie op onmiddellike stimuli, sonder 'n plan of inagneming van die uitkoms (Sharp en Tackett 2014). Verder het hulle ook die geneigdheid om risiko's te neem, wat die volgende insluit: die onderneming van gevaarlike, riskante en potensieel skadelike aktiwiteite sonder inagneming van die gevolge; die gebrek aan besorgdheid oor beperkings en ontkenning van die werklike gevaar vir die persoon (Bender e.a. 2014). Hierdie simptome kan daartoe lei dat 'n ondervraagde met GPV nie hul eie bydraes in 'n interaktiewe proses erken nie of nie besef dat hul bydraes 'n impak op die interaktiewe proses het nie, en sal hulle waarskynlik eerder kies om ander te blameer. Verder is dit belangrik dat die FP nie as gevolg van die ondervraagde se impulsiwiteit en neiging om risiko's te neem die lineêre benadering tot onderhoudvoering volg nie, aangesien hierdie benadering vyandigheid, verdediging en/of verwerping kan ontlok wat nie doeltreffend sal wees vir die doel van die onderhoud nie. Die FP moet eerder die sirkelvormige benadering volg wat daarop fokus dat daar meer as een perspektief is, anders as slegs dié van die FP, wat die FP sal help om subjektiewe sienings teenoor die ondervraagde te vermy (Vorster e.a. 2013). Dit sal daartoe bydra dat die ondervraagde ook onvoorwaardelike aanvaarding ervaar wat hulle gemakliker sal laat voel om met die FP inligting te deel.

### 3.3.1.12 Mate van rigiditeit of buigsaamheid

Individue met GPV kan moontlik rigiede gedrag toon weens die volgende simptome: gereelde buierigheid, wisselende emosies en aanhoudende of gereelde gevoelens van woede (Bender e.a. 2014). Rigiede gedrag sal daartoe lei dat die ondervraagde nie kan aanpas tydens die onderhoud nie wat dit moeilik sal maak om enige struikelblokke te oorkom of probleme op te los aangesien die ondervraagde nie 'n ander standpunt as hul eie wil insien nie. Laasgenoemde sal dit moeilik maak om betroubare inligting vanaf die ondervraagde in te win. Om hierdie rede is dit belangrik dat die FP wel buigsaam is, sodat hy/sy aanpasbaar is in die poging om die onderhoud só te manoevreer dat hy/sy beheer het.

### 3.3.1.13 Die vaardigheid om te metakommunikeer

Individue met GPV ervaar dikwels angs (ervaar vrees, is vreesbevange of voel bedreig deur onsekerheid) (Perrotta 2020) en vyandigheid (Bender e.a. 2014) wat hul kan verhinder om die nodige vrymoedigheid te neem om te metakommunikeer—dit wil sê, om te kommunikeer oor hul ervaring oor die onderhoud. So 'n gebrek aan kommunikasie kan lei tot onnodige konflik. Indien konflik nie opgelos word nie kan die onderhoud

oneffektief wees deurdat die ondervraagde weerspanning word en nie verder inligting met die FP wil deel nie. Die FP moet van hierdie geleentheid gebruik maak om oor die kommunikasie (of gebrek daaraan) met die ondervraagde te praat. Die FP kan byvoorbeeld die volgende sê om die probleem te probeer oplos: "Ek kan sien jy weier om oor hierdie aangeleentheid te praat. Ek verstaan jy voel oorweldig. Hoe kan ons maak sodat jy gemaklik voel?"

#### 3.3.1.14 Probleemoplossingsvaardighede

Persone met GPV se probleemoplossingsvaardighede word beïnvloed deur die volgende simptome: gereeld hartseer, ongelukkig en/of hopeloos voel, sowel as pessimisties oor die toekoms is en selfdoodgedagtes en selfdoodgedrag toon (Larcombe en Müller 2022). Hierdie simptome veroorsaak dat 'n individu met GPV se vermoë om probleme op te los beperk is (Dixon-Gordon, Chapman, Lovasz en Walters 2011). Verder is dit ook moeilik vir mense met GPV om van hierdie emosies te herstel (Cartwright 2008; Russell e.a. 2007). Swak probleemoplossingsvaardighede kan dit moeilik maak om interpersoonlike probleme tydens onderhoudvoering op te los wat daartoe kan lei dat die FP nie die nodige inligting vanaf die ondervraagde kan verkry nie. Dit is dus belangrik dat die FP oor probleemoplossingsvaardighede beskik om die weerspanning van die ondervraagde te mitigeer om samewerking te bewerkstellig.

#### 3.3.1.15 Beheer

Die volgende simptome toon dat individue met GPV 'n eksterne lokus van beheer het: impulsiwiteit (optrede op die ingewing van die oomblik in reaksie op onmiddellike stimuli), asook intimiteit (emosionele verhoudings wat dikwels presenteer tussen die uiterstes van idealisering en devaluasie en wissel tot oormatige betrokkenheid en onttrekking) (Bender e.a. 2014; Rothmann e.a. 2001). Die gevolg is dat die individu met GPV die ingesteldheid het dat hulle nie in beheer is nie en dus sal hulle nie kan insien dat hulle optrede byvoorbeeld op 'n misdaad (indien van toepassing) neerkom nie (Rothmann e.a. 2001). Hulle sal dan ander mense die skuld vir hul probleme gee wat daartoe lei dat hulle ook die FP (ten alle koste) kan blameer vir ongemaklike/konfliktsituasies tydens onderhoudvoering. Gevolglik kan so 'n konteks daartoe lei dat die ondervraagde vyandig teenoor die FP raak omdat hulle aksies bevraagteken word en sal hy/sy nie noodwendig bereid wees om al die nodige inligting met die FP te deel nie. Die FP kan deur interne lokus van beheer weer beheer oor die onderhoud verkry—deurdat die beheer by die FP lê, kan die situasie op so 'n wyse gemaneuvreer word dat inligting vrylik vloei (verwys na die definisie van die verhouding, soos vroeër bespreek).

#### 3.3.1.16 Die potensiaal om verwerping (vyandigheid) of aanvaarding te ontlok

Individue met GPV toon vyandigheid (aanhoudende of gereelde gevoelens van woede; woede of prikkelbaarheid in reaksie op geringe beledigings) (Sharp en Tackett 2014) wat daartoe kan lei dat die ondervraagde weerspanning is tydens die onderhoud en nie inligting wil deel nie. Die onervare FP kan vyandigheid verwag as hy/sy nie die simptome van GPV in ag neem en daarvolgens maneuvreer nie. Om vyandigheid van die ondervraagde met GPV te mitigeer kan die FP empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding toepas wat die proses vir die vestiging van vertroue sal bevorder, dit kan lei tot die deel van betroubare inligting deur die ondervraagde.

Die impak van die simptome van GPV op die veranderlikes van die PCA en IPA is hierbo breedvoerig bespreek. 'n Samevatting van hierdie impak word volgende in tabel 3 uiteengesit:

Tabel 3. Impak van die GPV-simptome van die ondervraagde op die kommersiële forensiese onderhoud

Veranderlike	GPV-simptome van ondervraagde	Impak op die kommersiële forensiese onderhoud
Empatie	<b>Empatie:</b> verswakte vermoë om gevoelens en behoeftes van ander te herken, hipersensitiwiteit.	Ondervraagde herken nie die empatie wat deur die FP getoon word nie of voel beledig.
Kongruensie	<b>Intimiteit:</b> gekenmerk deur wantroue.	Dink dat die FP nie kongruent is nie en vals is of voorgee. Dit kan daartoe lei dat die ondervraagde nie gewillig is om met die onderhoud voort te gaan of inligting met die FP te deel nie.
Onvoorwaardelike aanvaarding	<b>Intimiteit:</b> wantroue en intense emosionele verhoudings. <b>Emosionele labiliteit:</b> onstabiele emosionele ervarings. <b>Vyandigheid:</b> aanhoudende of gereelde gevoelens van woede; woede of prikkelbaarheid in reaksie op geringe beledigings.	Hierdie simptome kan dit moontlik vir die FP bemoelijk om die ondervraagde onvoorwaardelik te aanvaar. Wanneer die ondervraagde voel dat hy/sy nie onvoorwaardelik deur die FP aanvaar word nie, kan dit lei tot angs, gevoel van verwerping of lae selfkonsep. Hierdie gevoelens sal die ondervraagde verhinder om inligting met die FP te deel.
Konteks	<b>Vyandigheid:</b> woede of prikkelbaarheid in reaksie op geringe beledigings.	'n Persoon met GPV sien nie die konteks binne 'n bepaalde situasie raak nie en gevolglik gee hulle nie hul volle samewerking tydens die onderhoud nie.
Beskrywing van onderhoud	<b>Angs:</b> voel vrees, vreesbevange of voel bedreig deur onsekerheid.	Die FP moet die beskrywing van die onderhoud op so 'n wyse aan die ondervraagde met GPV kommunikeer dat daar geen onsekerheid bestaan nie, sodat die ondervraagde nie meer vrees of angs ervaar as wat die onderhoud reeds skep nie.
Definisie van die verhouding tussen FP en ondervraagde	<b>Intimiteit:</b> wantroue. <b>Angs:</b> vrees. <b>Vyandigheid:</b> aanhoudende of gereelde gevoelens van woede.	Die komplementêre verhouding sal ondermyn word deurdat die ondervraagde moontlik die gesagsposisie inneem wat die FP sal verhoed om bruikbare en betroubare inligting te verkry.
Duidelikheid van selfvoorstelling	<b>Angs:</b> voel vrees of vreesbevange.	Die ondervraagde kan moontlik sukkel om duidelik oor te kom indien hy/sy vrees ervaar wat die proses vir die verkryging van

Veranderlike	GPV-simptome van ondervraagde	Impak op die kommersiële forensiese onderhoud
		betroubare en bruikbare inligting tydens onderhoudvoering, sal bemoeilik.
Emosionele afstand	<p><b>Skeidingsangs:</b> vrees om verwerp te word.</p> <p><b>Empatie:</b> hipersensitiwiteit.</p> <p><b>Angs:</b> vrees of voel bedreig deur onsekerheid.</p>	Dit sal vir die FP moeilik wees om 'n gepaste emosionele afstand te handhaaf, want soms sal die individu met GPV emosioneel te naby wees (vir aanvaarding) of te afsydig. Die FP sal die onderhoud só moet lei dat 'n gepaste afstand geskep word, wat weer kan lei tot die ondervraagde wat voel asof hy/sy verwerp word.
Bevestiging	<p><b>Intimiteit:</b> intense emosionele verhoudings, afhanklikheid en angstige besorgdheid oor verlating, emosionele verhoudings wat dikwels presenteer tussen die uiterstes van idealisering en devaluasie en wissel tussen oormatige betrokkenheid en onttrekking.</p> <p><b>Angs:</b> voel bedreig deur onsekerheid.</p>	Indien die persoon nie bevestiging vanaf die FP ontvang nie, sal hulle onttrek en die FP sal nie al die nodige inligting kan kry om 'n suksesvolle onderhoud te voer nie.
Effektiewe uitdrukking van behoeftes	<p><b>Angs:</b> voel vrees of voel bedreig deur onsekerheid.</p>	Die ondervraagde sal nie hulle behoeftes effektief kan verwoord tydens onderhoudvoering nie wat daartoe sal lei dat hulle behoeftes nie bevredig sal word nie. Indien hulle behoeftes nie bevredig word nie, kan dit hulle angs en onsekerheid vererger en 'n persoon wat angstig of onseker is sal nie noodwendig inligting met die FP wil deel nie.
Lineêre of sirkelvormige benadering	<p><b>Impulsiwiteit:</b> optrede op die ingewing van die oomblik in reaksie op onmiddellike stimuli; op 'n kortstondige basis optree, sonder 'n plan of inagneming van die uitkoms.</p> <p><b>Die neiging om risiko's te neem:</b> die onderneming van gevaarlike, riskante en potensieel skadelike aktiwiteite, sonder behoefte en sonder inagneming van</p>	<p>Die ondervraagde sal nie hul eie bydraes in 'n interaktiewe proses erken nie of nie besef dat hul bydraes 'n impak op die interaktiewe proses het nie en sal waarskynlik ander blameer vir wat hulle as onaanvaarbaar in 'n verhouding beskou.</p> <p>Die FP moet dus op die uitkyk wees om nie as gevolg van die ondervraagde se impulsiwiteit en neiging om risiko's te neem, die lineêre benadering te volg nie,</p>

<b>Veranderlike</b>	<b>GPV-simptome van ondervraagde</b>	<b>Impak op die kommersiële forensiese onderhoud</b>
	die gevolge; die gebrek aan besorgdheid oor beperkings en ontkenning van die werklike gevaar vir die persoon.	aangesien hierdie benadering vyandigheid, verdediging en/of verwerping kan ontlok.  Die FP moet die sirkelvormige benadering volg om subjektiewe sienings te vermy. Dit sal daartoe bydra dat die ondervraagde onvoorwaardelike aanvaarding sal ervaar wat hulle gemakliker sal maak om met die FP inligting te deel.
Mate van rigiditeit of buigzaamheid	<b>Emosionele labiliteit:</b> onstabiele emosionele ervarings en gereelde buierigheid; emosies wat maklik ontstaan, intens en/of buite verhouding tot gebeure en omstandighede is.  <b>Vyandigheid:</b> aanhoudende of gereelde gevoelens van woede.	Individue met GPV sal moontlik rigiede gedrag toon, wat daartoe sal lei dat hy/sy nie aanpas tydens die onderhoud nie.  Dit sal dan moeilik wees om struikelblokke te oorkom of probleme op te los, aangesien die ondervraagde nie 'n ander standpunt as hul eie wil insien nie en onwillig sal wees om 'n middeweg te bereik wat die insameling van betroubare inligting sal bemoedlik. Daarom is dit belangrik dat die FP wel buigzaam is sodat daar moontlik 'n middeweg bereik kan word.
Die vaardigheid om te metakommunikeer	<b>Angs:</b> voel vrees, vreesbevange of voel bedreig deur onsekerheid.  <b>Vyandigheid:</b> aanhoudende of gereelde gevoelens van woede.	Individue met GPV kan verhinder word om die nodige vrymoedigheid te neem om te metakommunikeer. 'n Gebrek aan kommunikasie kan lei tot onnodige konflik. Indien konflik nie opgelos word nie, kan die ondervraagde weerspanning word en nie verder inligting met die FP deel nie.
Probleemoplossingsvaardighede	<b>Depressie:</b> voel gereeld hartseer, ongelukkig en/of hopeloos; moeilik om van hierdie buie te herstel; pessimisme oor die toekoms; selfdoodgedagtes en selfmoordgedrag.	Persone met GPV beskik oor beperkte probleemoplossingsvaardighede. Swak probleemoplossingsvaardighede kan dit moeilik maak om interpersoonlike probleme tydens onderhoudvoering op te los wat daartoe kan lei dat die FP nie die nodige inligting vanaf die ondervraagde kan verkry nie. Die FP moet dus oor die nodige probleemoplossingsvaardighede beskik om weerspanning te

<b>Veranderlike</b>	<b>GPV-simptome van ondervraagde</b>	<b>Impak op die kommersiële forensiese onderhoud</b>
		mitigeer en samewerking te bewerkstellig.
Beheer	<p><b>Impulsiwiteit:</b> optrede op die ingewing van die oomblik in reaksie op onmiddellike stimuli.</p> <p><b>Intimiteit:</b> emosionele verhoudings wat dikwels presenteer tussen die uiterstes van idealisering en devaluasie en wissel tot oormatige betrokkenheid en onttrekking.</p>	Die individu met GPV sal waarskynlik 'n eksterne lokus van beheer hê en sal ander mense die skuld vir hul eie probleme gee, wat daartoe lei dat hulle ook die FP (ten alle koste) kan blameer vir ongemaklike-/konfliktsituasies tydens onderhoudvoering. Dit kan daartoe lei dat die ondervraagde vyandig teenoor die FP raak omdat hulle aksies bevraagteken word en sal hy/sy nie noodwendig bereid wees om al die nodige inligting met die FP te deel nie. Die FP kan deur interne lokus van beheer, beheer oor die onderhoud neem, wat die vloeï van inligting sal bewerkstellig.
Die potensiaal om verwerping (vyandigheid) of aanvaarding ontlok	<b>Vyandigheid:</b> aanhoudende of gereelde gevoelens van woede; woede of prikkelbaarheid in reaksie op geringe beledigings.	Die onervare FP kan vyandigheid verwag as hy/sy nie die simptome van GPV in ag neem en daarvolgens maneuvreer nie, wat daartoe kan lei dat die ondervraagde weerspanning is tydens die onderhoud en nie inligting wil deel nie.

#### **4. Praktiese aanbevelings en bydrae van studie**

Hierdie artikel dra by tot die huidige stand van kennis oor kommersiële forensiese onderhoudvoering. Die artikel is uniek, aangesien dit die eerste artikel is wat fokus op die impak van GPV op die PCA en IPA tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering. Alhoewel FP's nie sielkundiges is nie en dit ook nie hul werk is om iemand te diagnoseer nie, is basiese kennis oor persoonlikheidsversteurings en die verwante simptome, soos GPV, van kardinale belang tydens hul interpersoonlike interaksies met ondervraagdes. FP's behoort nie slegs kennis van die impak van GPV op die veranderlikes van die PCA en IPA te hê nie, maar hulle moet tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering effektief kan maneuvreer om deurgaans beheer oor die onderhoud te hê om sodoende betroubare en bruikbare inligting te bekom.

Dit kan moontlik van waarde wees om sielkunde in die opleiding van FP's te kombineer soos tans die geval is by die Noordwes-Universiteit se Program vir Forensiese Rekenmeesterskap (NWU 2023), waar studente spesifieke modules in forensiese sielkunde neem om die komplekse aard van menslike gedrag tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering, soos die impak van GPV, in ag te neem. Die mate waartoe soortgelyke sielkundige modules na ander kontekste van FP-opleiding uitgebrei kan word, moet in toekomstige studies verken word.

#### **5. Gevolgtrekking**

Handelsmisdaad is 'n wêreldwye probleem en FP's speel 'n deurslaggewende rol om hierdie misdaad op te spoor, te ondersoek en/of te voorkom. Hierdie studie vestig die verband tussen kommersiële forensiese onderhoudvoering en

persoonlikheidsversteurings—spesifiek grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV). Die persoonsgesentreerde benadering (PCA) tot kommersiële forensiese onderhoudvoering vorm die fokus van hierdie studie, spesifiek die veranderlikes soos vervat in die verwante interaksionele patroonanalise (IPA). Hierdie studie dui aan dat die simptome van GPV 'n beduidende impak op die kommersiële forensiese onderhoud kan hê, spesifiek die veranderlikes van die IPA. Hierdie impak kan daartoe lei dat die FP se poging om bruikbare en betroubare inligting tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering te bekom, in die wiele gery word. Daarom moet die FP bewus wees van die GPV-simptome en daartoe in staat wees om op só 'n wyse tydens die onderhoud te manevreer dat hy/sy deurgaans (op 'n buigsame wyse) beheer oor die onderhoud het.

Verdere studies word benodig om die volle omvang en impak van GPV op die kommersiële forensiese onderhoud te verstaan, asook moontlike oplossings, benaderings en voorgename opleiding van FP's in hierdie verband te identifiseer.

## Bibliografie

- APA (American Psychological Association). 2023. *Abnormal behavior*. <https://dictionary.apa.org/abnormal-behavior> (5 Augustus 2023 geraadpleeg).
- Arnold, K. 2014. Behind the mirror: Reflective listening and its tain in the work of Carl Rogers. *The Humanistic Psychologist*, 42(4):354–69.
- Bekker, L., C.L. Van Graan en A. Kruger. 2023. Grenslyn-persoonlikheidsversteuring: Die impak op die persoonsgesentreerde benadering tot kommersiële forensiese onderhoudvoering. (Ongepubliseerde artikel).
- Bender, D.S., J.G. Gunderson, J.M. Oldham en A.E. Skodol. 2014. Personality disorders. In Hales, Yudofsky en Roberts (reds.) 2014.
- Biskin, R.S. 2015. The lifetime course of borderline personality disorder. *The Canadian Journal of Psychiatry*, 60(7):303–8.
- Bloomsburg University of Pennsylvania. 2020. *Literature review*. <https://link.springer.com/content/pdf/10.1007/s11133-019-9413-7.pdf> (12 Julie 2023 geraadpleeg).
- Branco, A.U., L. Pessina, A. Flores en S. Salomão. 2006. A sociocultural constructivist approach to metacommunication in child development. In Valsiner en Branco (reds.) 2006.
- Camacho-Collados, J. en M.T. Pilehvar. 2018. From word to sense embeddings: A survey on vector representations of meaning. *Journal of Artificial Intelligence Research*, 63:743–88.
- Campbell, K., K.A. Clarke, D. Massey en R. Lakeman. 2020. Borderline personality disorder: To diagnose or not to diagnose? That is the question. *International Journal of Mental Health Nursing*, 29(5):972–81.
- Carmioli, A.M. en P.G. Vinden. 2013. Enhancing preschoolers' understanding of ambiguity in communication: A training study on misunderstandings. *Merrill-Palmer Quarterly*, 59(1):79–105.
- Cartwright, D. 2008. Borderline personality disorder: What do we know? Diagnosis, course, co-morbidity, and aetiology. *South African Journal of Psychology*, 38(2):429–46.
- Cherry, K. 2021. *What to do if you or a loved one lack empathy*. <https://www.verywellmind.com/what-to-do-if-you-or-a-loved-one-lack-empathy-5199257> (28 Junie 2022 geraadpleeg).
- CMI (Chartered Management Institute). 2020. *Ensuring clear communication checklist 200*. <https://www.managers.org.uk/wp-content/uploads/2020/02/Ensuring-clear-communication.pdf> (27 Junie 2022 geraadpleeg).
- Cohen, B.A. en M.C. Wiener. 2007. Effective ways to conduct forensic interviews. *Pennsylvania CPA Journal*, 77(4):16–8.
- Coid, J.W. 1993. An affective syndrome in psychopaths with borderline personality disorder? *British Journal of Psychiatry*, 162(5):641–50.
- Dixon-Gordon, K.L., A.L. Chapman, N. Lovasz en K. Walters. 2011. Too upset to think: the interplay of borderline personality features, negative emotions, and social problem solving in the laboratory. *Personality Disorders: Theory, Research, and Treatment*, 2(4):243–60.
- Donnelson, N. 2019. *How mental health affects communication*. <https://www.ksmu.org/health/2019-05-28/how-mental-health-affects-communication> (3 Oktober 2023 geraadpleeg).

- Du Plooy, K. 2014. The use of the interactional pattern analysis as a tool for effective short term psychotherapy among students at South African tertiary institutions. *Journal of Counselling and Development in Higher Education Southern Africa*, 2(1):27–40.
- . 2019. Interactional therapy: Prospects for treating mental health conditions. *Journal of Psychology in Africa*, 29(6):630–7.
- Galdas, P. 2017. Revisiting bias in qualitative research: Reflections on its relationship with funding and impact. *International Journal of Qualitative Methods*, 16(1):1–2.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.
- Gergen, K.J. 2009. *Relational being: Beyond individual and community*. New York, NY: Grune & Stratton.
- Gubrium, J.F., J.A. Holstein, A.B. Marvasti en K.D. McKinney (reds.). 2012. *The Sage handbook of interview research: The complexity of the craft*. 2de uitgawe. Thousand Oaks: Sage.
- Gurteen, D. 2021. *We humans are complex*. <https://conversational-leadership.net/we-human-beings-are-complex/> (21 Januarie 2023 geraadpleeg).
- Hales, R.E., S.C. Yudofsky en L.W. Roberts (reds.). 2014. *The American psychiatric publishing textbook of psychiatry*. 6de uitgawe. Washington: American Psychiatric Publishing.
- Hope, M.A. 2014. Conceptions of person-centered education in the 21st century: Developing a position statement for ways of being in educational organizations. *Person-Centered & Experiential Psychotherapies*, 13(3):217–32.
- Jesson, J. en F. Lacey. 2006. How to do (or not to do) a critical literature review. *Pharmacy Education*, 6(2): 139–48.
- Johnson, M.J. en T. Rowlands. 2012. The interpersonal dynamics of in-depth interviewing. In Gubrium, Holstein, Marvasti en McKinney (reds.) 2012.
- Larcombe, E. en A. Müller. 2022. The relationship between borderline personality disorder and occupational participation: An integrative review. *International Journal of Mental Health Nursing*, 31(5):1141–50.
- Lee, J. 2021. Investigating unconditional positive self-regard as a mediator in psychotherapy. MA-verhandeling, Roosevelt Universiteit, Chicago.
- Light, R.L. en C. Curry. 2021. *Game sense for teaching and coaching: International perspectives*. New York, NY: Routledge.
- Lucas, K. 2015. Workplace dignity: Communicating inherent, earned, and remediated dignity. *Journal of Management Studies*, 52(5):621–46.
- McGimsey, C. L. en D. Whelan. 2015. *Forensic interviews: Plan to succeed*. <https://www.journalofaccountancy.com/issues/2015/aug/forensic-interviews-fraud-investigations.html> (2 Junie 2023 geraadpleeg).
- Moore, K.E., M.T. Tull en K.L. Gratz. 2017. Borderline personality disorder symptoms and criminal justice system involvement: The roles of emotion-driven difficulties controlling impulsive behaviors and physical aggression. *Comprehensive Psychiatry*, 76:26–35.
- Moran, M. 2013. Section III of new manual looks to future. *Psychiatric News*, 45:10–2.
- Nestor, N., N. Lytvyn, A. Yarosh, S. Denysyuk en L. Rozhkova. 2020. Dynamics of development of economic crime and combating crime in different regions of the world. *Revista San Gregorio*, 1(42):100–9.

- Njanike, K., T. Dube en E. Mashayanye. 2009. The effectiveness of forensic auditing in detecting, investigating, and preventing bank frauds. *Journal of Sustainable Development in Africa*, 10(4):405–25.
- Nowell, L.S., J.M. Norris, D.E. White en N.J. Moules. 2017. Thematic analysis: Striving to meet the trustworthiness criteria. *International Journal of Qualitative Methods*, 16(1):1–13.
- NWU (North-West University). 2023. *Faculty of Economic and Management Science postgraduate yearbook*. <https://studies.nwu.ac.za/sites/studies.nwu.ac.za/files/files/yearbooks/2023/FEMS-PG-2023.pdf> (22 Oktober 2023 geraadpleeg).
- Perrotta, G. 2020. Borderline personality disorder: Definition, differential diagnosis, clinical contexts, and therapeutic approaches. *Annals of Psychiatry and Treatment*, 4(1):43–56.
- Phipps, W.D. 2014. Introduction to the special issue on the state of the art in systems family therapy. *Journal of Family Psychotherapy*, 25(2):87–91.
- Risan P, R. Milne en P.E. Binder. 2020. Trauma narratives: recommendations for investigative interviewing. *Psychiatry, Psychology and Law*, 27(4):678–94.
- Rogers. 2003. *Client-centered therapy: Its current practice, implications, and theory*. Londen, New York, NY: Constable.
- Roos, V. en A. Wheeler. 2016. Older people's experiences of giving and receiving empathy in relation to middle adolescents in rural South Africa. *South African Journal of Psychology*, 46(4):517–29.
- Russell, J.J., D.S. Moskowitz, D.C. Zuroff, D. Sookman en J. Paris. 2007. Stability and variability of affective experience and interpersonal behavior in borderline personality disorder. *Journal of Abnormal Psychology*, 116(3):578–88.
- PwC (PricewaterhouseCoopers). 2020. *Economic crime – When the boardroom becomes the battlefield*. 7de Suid-Afrikaanse uitgawe. <https://www.pwc.co.za/en/assets/pdf/global-economic-crime-survey-2020.pdf> (11 Januarie 2023 geraadpleeg).
- PwC (PricewaterhouseCoopers). 2022. *PwC's global economic crime and fraud survey*. <https://www.pwc.co.za/en/assets/pdf/global-economic-crime-survey-2020.pdf> (11 Januarie 2023 geraadpleeg).
- Rothmann, S., L.H. Linde en D.A. Els. 2001. Die evaluering van'n ontwikkelingsprogram gerig op werknemers se lokus van beheer. *Journal of Industrial Psychology*, 27(3):24–9.
- Sansone, R.A. en L.A. Sansone. 2012. Employment in borderline personality disorder. *Innovations in Clinical Neuroscience*, 9(9):25–9.
- Sharp, C. en J.L. Tackett. 2014. *Handbook of borderline personality disorder in children and adolescents*. New York, NY: Springer.
- Singer, R. 2015. *The forensic accounting interview: A powerful weapon against fraud and crime*. <https://accounting.fau.edu/blog/forensic-accounting-blog/the-forensic-accounting-interview/> (4 Februarie 2023 geraadpleeg).
- Slabbert, C.I., C.L. Van Graan en A.S. Nhlapo. 2023. The person-centred approach and abnormal behaviour in the South African context: a critical analysis. (Ongepubliseerde artikel).
- Stevenson, A. en M. Waite (reds.). 2011. *Concise Oxford English Dictionary*. 12de uitgawe. New York, NY: Oxford University Press.
- Stols, A. 2016. Theoretical background to interviewing. In Vorster (red.) 2016.

- Sue, D., D.W. Sue en S. Sue. 2006. *Understanding abnormal behavior*. 8ste uitgawe. Boston, MA: Houghton Mifflin.
- Trochim, W.M.K. 2020. *Qualitative validity*. <https://conjointly.com/kb/qualitative-validity/> (13 Julie 2023 geraadpleeg).
- Turner, J. 2013. *How to conduct an interview, Part 2* [Video]. <https://www.acfe.com/fraud-resources/videos/video-detail?s=how-to-conduct-an-interview-part-2> (3 Junie 2022 geraadpleeg).
- Valsiner, J. en A.U. Branco (reds.). 2006. *Communication and metacommunication in human development*. Greenwich, Connecticut: Information Age Publishing.
- Van Graan, C.L. 2018. *A critical analysis of selected interviewing techniques in commercial forensic investigations in South Africa*. MCom verhandeling, Noordwes-Universiteit.
- Van Graan, C., V. Roos en M Katjene. 2023. A critical analysis of commercial forensic interviewing techniques applicable in a South African context. *Journal of Financial Crime*. <http://dx.doi.org/10.1108/JFC-09-2023-0234>
- Veldhuizen, M. 2021. *Grenslynpersoonlikheidsversteuring*. <https://gildes.solidariteit.co.za/grenslynpersoonlikheidsversteuring/> (5 Augustus 2023 geraadpleeg).
- Vertino, K.A. 2014. Effective interpersonal communication: A practical guide to improve your life. *OJIN: The Online Journal of Issues in Nursing*, 19(3):1–6.
- Vorster, C. 2011. *Impact: The story of interactional therapy*. Pretoria: Satori.
- . 2016. *Basic interviewing skills for forensic investigators*. 2de uitgawe. Potchefstroom: Verbum.
- Vorster, C., V. Roos en M. Beukes. 2013. A psycho-diagnostic tool for psychotherapy: Interactional pattern analysis (IPA). *Journal of Psychology in Africa*, 23(3):525–30.
- Wang, S., E.C. Tomlinson en R.A. Noe. 2010. The role of mentor trust and protégé internal locus of control in formal mentoring relationships. *Journal of Applied Psychology*, 95(2):358–67.
- Whitson, E.R. 2021. Self-actualization. In *Salem Press Encyclopedia of Health*. <https://search-ebshost-com.nwulib.nwu.ac.za/login.aspx?direct=true&db=ers&AN=93872216&site=eds-live> (20 Januarie 2023 geraadpleeg).
- Zanarini, M.C., F.R. Frankenburg, J. Hennen, D.B. Reich en K.R. Silk. 2005. The McLean study of adult development (MSAD): Overview and implications of the first six years of prospective follow up. *Journal of Personality Disorder*, 19(5):505–23.
- Zencare. 2020. *What is the DSM-5?* <https://blog.zencare.co/what-is-the-dsm-5/#:~:text=The%20Diagnostic%20and%20Statistical%20Manual%20of%20Mental%20Disorders,Association%20%28APA%29%20and%20updated%20as%20new%20research%20emerges> (14 April 2022 geraadpleeg).
- Zimmerman, M. 2021. *Borderline personality disorder (BPD)*. <https://www.msmanuals.com/professional/psychiatric-disorders/personality-disorders/borderline-personality-disorder-bpd> (17 September 2022 geraadpleeg).

## HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

### 5.1 Inleiding

Handelsmisdaad is 'n wêreldwye probleem en Suid-Afrika is 'n voorloper in die pleging daarvan. Kommersiële Forensiese Praktisyns (FP's) word tydens die ondersoekproses genader met die doel om hierdie misdade op te spoor, te ondersoek en/of te voorkom. Forensiese rekeningkunde is 'n transdissiplinêre veld wat vereis dat FP's oor 'n verskeidenheid vaardighede en kennis in verskillende velde moet beskik ten einde 'n ondersoek suksesvol af te handel. Hierdie velde sluit in rekeningkunde, inligtingstechnologie, die reg en litigasie, sowel as geesteswetenskappe. Kommersiële forensiese onderhoudvoering (as deel van geesteswetenskappe) vorm egter die kern van enige ondersoekproses, aangesien dit een van die doeltreffendste hulpmiddels is om inligting te bekom. Daar bestaan verskeie kommersiële forensiese onderhoudvoeringstegnieke wat deur FP's aangewend kan word waarvan slegs vier tegnieke deur navorsing ondersteun word—die Reid-tegniek (insluitend kinesic-onderhoudvoering), die PEACE-model, kognitiewe onderhoudvoering en die persoonsgesentreerde benadering (PCA).

Hierdie tegnieke kan in twee kategorieë ingedeel word—bekentenissoekende tegnieke (Reid-tegniek en kinesic-onderhoudvoering) waar die doel is om 'n bekentenis vanaf die verdagte te verkry, en ondersoekende (of 'waarheidsoekende') tegnieke (PEACE-model, kognitiewe onderhoudvoering en die PCA) wat ten doel het om feite te bevestig en die waarheid vas te stel. Daar bestaan heelwat kritiek jeens bekendnissoekende tegnieke, onder andere dat sodanige tegnieke tot meer valse bekendnisse kan lei; die inligting neig om dubbelsinnig en onbetroubaar te wees; en FP's nie kan onderskei tussen misleidende en betroubare gedrag nie wat daartoe lei dat geloofwaardige ontkenninge verkeerd geïnterpreteer of geïgnoreer word. Daarteenoor word ondersoekende tegnieke, in besonder die PCA en PEACE-model, algemeen erken as etiese benaderings tot onderhoudvoering in die kommersiële forensiese konteks, veral omdat hierdie tegnieke nie beskuldigend is nie en ook die menslikheid van die ondervraagde erken. Die fokus van hierdie studie is die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering, aangesien hierdie tegnieke nie bekendnissoekend van aard is nie, reeds in FP-opleiding op tersiêre vlak toegepas word en duidelik binne die raamwerk van relevante regsbeginne, spesifiek die Grondwet van Suid-Afrika, val.

Die feit dat die PCA interpersoonlik van aard is, beteken dat die PCA grootliks deur die sielkunde beïnvloed word. Humanistiese sielkunde vorm die fokus van hierdie studie, synde die humanistiese aard van die interaksie tussen die FP en die ondervraagde tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering. 'n Vertakking van humanistiese sielkunde is

interpersoonlike konteks wat verband hou met die verhoudings of kommunikasie tussen mense. Die sentrale konsep van interpersoonlike konteks (die interpersoonlike aard van kommunikasie) is dat 'n persoon nie in afsondering gesien kan word nie, maar eerder in 'n sisteem. In terme van die kommersiële forensiese ondersoekende konteks is dit belangrik om bewus te wees dat die FP 'n invloed op die ondervraagde kan hê, en andersom. Hierdie werklikheid kan daartoe lei dat die FP en ondervraagde 'n beduidende impak op mekaar kan hê as gevolg van die aksies en reaksies wat hulle tydens onderhoudvoering toon.

Die kommersiële forensiese onderhoud kan wesenlik deur verskeie faktore, insluitend emosies, gevoelens, ervarings, ideale en persoonlikhede beïnvloed word. Die fokus van hierdie studie is egter persoonlikheidsversteurings—spesifiek grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV). Die simptome van GPV, soos impulsiewe en onvoorspelbare gedrag, vyandigheid, angs en intense onstabiele interpersoonlike verhoudings, kan 'n wesenlike effek op hierdie interpersoonlike verhouding tussen die FP en ondervraagde hê. Dus kan interpersoonlike konteks en GPV 'n beduidende impak op die werk van 'n FP tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering hê en vervolgens die verkryging van betroubare inligting as deel van die ondersoekproses beïnvloed. Die doeltreffende aanwending van die veranderlikes van die PCA, naamlik empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding is noodsaaklik om vertroue met die ondervraagde te bou en rapport te vestig, met die doel om samewerking van die ondervraagde te maksimeer ten einde bruikbare en betroubare inligting te bekom. Verder speel die bykomende veranderlikes van Interaktiewe Patroonanalise (IPA) ook 'n belangrike rol in die verkryging van betroubare en bruikbare inligting.

As gevolg van hierdie redes, is die fokus van hierdie studie om die impak wat GPV op die kommersiële forensiese onderhoud mag hê, krities te analiseer.

## **5.2 Gevolgtrekking: artikeldoelwitte**

### **5.2.1 Primêre doelwit**

Die primêre doelwit van hierdie studie soos uiteengesit in 1.3.1, is om vas te stel hoe GPV 'n impak op die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering mag hê. Hierdie doelwit is bereik deur die volgende sekondêre doelwitte wat aangespreek is:

### **5.2.2 Sekondêre doelwitte**

Om die primêre doelwit te bereik, is die volgende sekondêre doelwitte geïdentifiseer:

1. Om 'n kritiese analise van die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering uit te voer. Hierdie sekondêre doelwit is in Hoofstuk 3 (Artikel 1) aangespreek, en fokus op kernaspekte van die PCA, insluitend faktore soos die hoofveranderlikes van die PCA, manewrering en algemene sisteemteorie.
2. Om 'n kritiese analise van die interpersoonlike benadering wat tydens die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering gebruik word, uit te voer. Hierdie interpersoonlike konteks word in twee verdeel: 'n algemene bespreking oor interpersoonlike konteks tydens die PCA (wat in Hoofstuk 3 [Artikel 1] aangespreek is) en 'n kritiese bespreking oor interpersoonlike konteks in terme van IPA (wat in Hoofstuk 4 [Artikel 2] aangespreek is). Albei hierdie besprekings fokus spesifiek op die impak van voormelde interpersoonlike konteks tussen die FP en die ondervraagde.
3. Om die impak van GPV op die kommersiële forensiese onderhoud te bepaal. Hierdie sekondêre doelwit is in Hoofstuk 4 (Artikel 2) aangespreek, en sluit in 'n in-diepte bespreking van hierdie impak op die drie hoofveranderlikes van die PCA, asook die bykomende veranderlikes van die IPA.

Die eerste sekondêre doelwit is bereik nadat 'n gedetailleerde bespreking van die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering plaasgevind het, insluitend faktore soos die hoofveranderlikes van die PCA, manewrering en algemene sisteemteorie. Die doeltreffende aanwending van die veranderlikes van die PCA (empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding) kan die proses ondersteun om rapport tydens die kommersiële forensiese onderhoud te vestig, met die doel om samewerking van die ondervraagde te optimaliseer en bruikbare en betroubare inligting te verkry (Hoofstuk 3, afd. 3). Deurdat die FP rapport met die ondervraagde vestig, skep die FP 'n verhouding waarin die ondervraagde genoegsame vertroue, gemak, waardigheid en respek ervaar om vrywillig deel te neem aan die onderhoud (Hoofstuk 3, afd. 3).

Manewrering speel 'n belangrike rol in die onderliggende konteks tydens die toepassing van die bogenoemde veranderlikes, veral tydens die bou van rapport en bewerkstelling van vertroue in die verhouding tussen die FP en die ondervraagde (Hoofstuk 3, afd. 4). Om te manewreer is om intelligent te werk te gaan om 'n gunstige situasie te skep. 'n Ondervraagde kan byvoorbeeld aggressie gebruik om beheer oor die interpersoonlike verhouding tussen hom/haar en die FP te verkry en die FP sal dan teenmaneuvers effektief moet toepas om weer beheer oor die onderhoud te neem. In elke interpersoonlike interaksie sal die subjektiewe ervarings van die individue gedragsreaksies ontlok. Soos

wat die interaksie voortduur, ontwikkel 'n patroon van interaksie wat deurlopende maneuvres en daaropvolgende impakte tussen die partye aan die gang sit. As gevolg van die sirkulêre aard van die kommunikasie tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering, speel algemene sisteemteorie 'n belangrike rol in hierdie konteks (Hoofstuk 3, afd. 4). Algemene sisteemteorie is 'n teorie wat FP's tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering aanwend aangesien dit die FP in staat stel om bewus te word van sy/haar eie impak op die ondervraagde. Sirkulêre oorsaaklikheid as deel van algemene sisteemteorie fokus op die wederkerige verband tussen twee gebeurtenisse wat beteken dat een deel van 'n stelsel 'n interpersoonlike impak het op die ander (Hoofstuk 3, afd. 5.1). Hierdie interpersoonlike impak word vervolgens in die tweede sekondêre doelwit bespreek.

Die tweede sekondêre doelwit is om die interpersoonlike benadering wat tydens die PCA tot kommersiële forensiese onderhoudvoering gebruik word, krities te analiseer. Eerstens volg 'n algemene bespreking oor interpersoonlike konteks in terme van die drie hoofveranderlikes van die PCA (aangesien dit die basis van die interpersoonlike en vertrouensverhouding in die kommersiële forensiese konteks vorm) met 'n spesifieke fokus op die impak van hierdie interpersoonlike konteks tussen die FP en die ondervraagde. Interpersoonlike konteks hou verband met die kommunikasie of verhoudings tussen individue (Hoofstuk 3, afd. 5.2). Die sentrale konsep van interpersoonlike konteks (die interpersoonlike aard van kommunikasie) is dat 'n persoon nie in afsondering gesien kan word nie, maar eerder in 'n sisteem (Hoofstuk 3, afd. 5.2). In terme van kommersiële forensiese onderhoudvoering, is dit belangrik om bewus te wees dat die FP 'n impak op die ondervraagde kan hê, asook andersom.

Interpersoonlike impak vind plaas wanneer die FP en ondervraagde met mekaar in gesprek tree en lei tot 'n sirkulêre patroon van aksie en reaksie, hetsy verbaal of nieverbaal. Hierdie impak word ingelig deur kritiese realisme wat aanvoer dat realiteit op drie vlakke bestaan: die empiriese (menslike persepsies van die wêreld); die werklike (gebeure soos hul in die wêreld voorkom); en die ware (oorsaaklike faktore wat aksies op die werklike vlak beïnvloed) (Hoofstuk 3, afd. 5.2). Dit beteken dat die ervarings van die FP en ondervraagde (impak) op die werklike vlak plaasvind en op die empiriese vlak in die verbale en nieverbale boodskappe van die onderskeie partye geobserveer kan word. In die konteks van die kommersiële forensiese onderhoud is dit belangrik dat die FP bewus moet wees van die impak wat hy/sy op die ondervraagde op die werklike vlak van realiteit kan hê deur die toepassing van die drie hoofveranderlikes van die PCA, naamlik empatie, kongruensie en onvoorwaardelike aanvaarding, aangesien dit die verkryging van bruikbare en betroubare inligting kan beïnvloed.

Wanneer die FP die veranderlikes van die PCA akkuraat toon, skep hy/sy 'n konteks wat die verkryging van bruikbare en betroubare inligting bevorder en dus kan dit daartoe lei dat die ondervraagde meer geneig sal wees om inligting met die FP te deel. Hierdie deel van inligting vind plaas op die empiriese vlak van realiteit, deurdat die ondervraagde, as gevolg van verbale en nieverbale boodskappe, met die FP kommunikeer. Hierteenoor skep 'n FP wat nie die drie hoofveranderlikes van die PCA akkuraat aan die ondervraagde weerspieël nie 'n konteks wat nie bevorderlik is vir die vestiging van 'n werkbare interpersoonlike verhouding nie (Hoofstuk 3, afd. 8). Vervolgens sal die ondervraagde minder bereid wees om in gesprek met die FP te tree en sal hy/sy ook minder geneig wees om betroubare inligting met die FP te deel.

Die tweede gedeelte van die tweede sekondêre doelwit is 'n kritiese bespreking oor interpersoonlike konteks in terme van die IPA. Die interpersoonlike veranderlikes van die IPA is gebruik om die impak van hierdie interpersoonlike konteks tussen die FP en die ondervraagde te verduidelik. Die interpersoonlike veranderlikes van die IPA beskryf die waarneembare gedrag van 'n persoon se interaktiewe styl binne 'n bepaalde verhouding (Hoofstuk 4, afd. 3.1). Die veranderlikes van die IPA is aangepas om in die kommersiële forensiese konteks van toepassing te wees, veral tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering. IPA veranderlikes wat tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering van toepassing is, sluit in: konteks, beskrywing van die onderhoud, definisie van die verhouding tussen die FP en die ondervraagde, duidelikheid van selfaanbieding, emosionele afstand, bevestiging, effektiewe uitdrukking van behoeftes, lineêre of sirkelvormige benadering, mate van rigiditeit of buigsaamheid, die vaardigheid om te metakommunikeer, probleemoplossingsvaardighede, beheer, en die potensiaal om verwerping (vyandigheid) of aanvaarding te ontlok. Hierdie IPA veranderlikes is breedvoerig in artikel 2 onder 3.1 bespreek.

Die derde sekondêre doelwit is om die impak van GPV op die kommersiële forensiese onderhoud te bepaal deur 'n in-diepte bespreking van hierdie impak op die drie hoofveranderlikes van die PCA, asook die bykomende veranderlikes van die IPA. Die veranderlikes van die IPA is belangrik in hierdie konteks, aangesien dit gebruik word om die waarneembare gedrag van 'n persoon se interaktiewe styl binne 'n bepaalde verhouding te beskryf (Hoofstuk 4, afd. 3.1). Navorsing toon dat die simptome van GPV 'n beduidende impak op die kommersiële forensiese onderhoud en meer spesifiek op die veranderlikes van die PCA en die IPA het. Artikel 2 bespreek hoe die GPV-simptome volgens Afdeling III van die DSM-V 'n impak op die veranderlikes van die PCA en die IPA kan hê (Hoofstuk 4, afd. 3.3). Tydens onderhoudvoering is die FP meer geneig om bruikbare en betroubare inligting te bekom as hy/sy deeglik bewus is van die impak van die simptome van GPV op die

veranderlikes van die PCA en IPA wanneer daar onderhoude gevoer word met persone met GPV of persone wat simptome van GPV toon. Die FP moet vervolgens dienooreenkomstig maneuvreer om 'n gunstige situasie te skep vir die deel van inligting en die behoud van beheer oor die onderhoud. Indien die FP nie kennis dra van die impak van die simptome van GPV op die veranderlikes van die PCA en die IPA nie en nie op só 'n wyse tydens die onderhoud maneuvreer dat hy/sy deurgaans (op 'n buigsame wyse) beheer oor die onderhoud het nie, sal die FP verhinder word om bruikbare en betroubare inligting vanaf die ondervraagde met GPV in te samel (Hoofstuk 4, afd. 5).

### **5.3 Gevolgtrekking: die probleemstelling**

Handelsmisdaad is wêreldwyd 'n probleem, met Suid-Afrika 'n voorloper in die pleeg daarvan. Kommersiële forensiese onderhoudvoering as deel van die forensiese ondersoekproses speel 'n deurslaggewende rol om handelsmisdaad te bekamp. Hierdie studie vestig die verband tussen kommersiële forensiese onderhoudvoering en abnormale sielkunde (wat persoonlikheidsversteurings insluit)—met die fokus op grenslyn-persoonlikheidsversteuring (GPV). Die feit dat kommersiële forensiese onderhoudvoering grootliks deur sielkunde beïnvloed word, is die motivering vir die ontleding van die impak van sielkunde (meer spesifiek GPV) op die kommersiële forensiese onderhoud.

Die volgende simptome van persone met GPV het 'n impak op die veranderlikes van die PCA en die IPA: empatie (verswakte vermoë om gevoelens en behoeftes van ander te herken en hipersensitiwiteit); intimiteit (wantroue en intense emosionele verhoudings); emosionele labiliteit (onstabiele emosionele ervarings en gereelde buierigheid; emosies wat maklik ontstaan, intens en/of buite verhouding tot gebeure en omstandighede is); vyandigheid (aanhoudende of gereelde gevoelens van woede; woede of prikkelbaarheid in reaksie op geringe beledigings); angs (voel vrees, vreesbevange of bedreig deur onsekerheid); skeidingsang (vrees om verwerp te word); intimiteit (intense emosionele verhoudings, afhanklikheid en angstige besorgdheid oor verlating; emosionele verhoudings wat dikwels presenteer tussen die uiterstes van idealisering en devaluasie en wissel tussen oormatige betrokkenheid en onttrekking); impulsiwiteit (optrede op die ingewing van die oomblik in reaksie op onmiddellike stimuli; op 'n kortstondige basis optree, sonder 'n plan of inagneming van die uitkoms); die neiging om risiko's te neem (die onderneming van gevaarlike, riskante en potensieel skadelike aktiwiteite, sonder behoefte en sonder inagneming van die gevolge); die gebrek aan besorgdheid oor beperkings en ontkenning van die werklike gevaar vir die persoon); depressie (voel gereeld hartseer, ongelukkig en/of hopeloos; moeilik om van hierdie buie te herstel; pessimisme oor die toekoms; selfdoodgedagtes en selfdmoordgedrag) (Hoofstuk 4, afd. 3.3).

Die impak van die simptome van GPV op die veranderlikes van die PCA is dat die ondervraagde nie empatie deur die FP herken nie, dink dat die FP nie kongruent is nie en dit vir die FP moeilik maak om die ondervraagde onvoorwaardelik te aanvaar (Hoofstuk 4, afd. 3.3). Dit kan daartoe lei dat die ondervraagde beledig voel, nie hul volle samewerking tydens die onderhoud gee nie, summier besluit om nie met die onderhoud voort te gaan nie en nie inligting met die FP te deel nie (Hoofstuk 4, afd. 3.3). Verder het die simptome van GPV ook 'n impak op die veranderlikes van die IPA. 'n Persoon met GPV sal byvoorbeeld nie die konteks binne 'n bepaalde situasie raaksien nie en sal gevolglik nie hul volle samewerking tydens die onderhoud gee nie (Hoofstuk 4, afd. 3.3). Indien die ondervraagde onseker is oor die beskrywing van die onderhoud, kan hy/sy deur vrees of angs oorval word. Individue met GPV sal moontlik rigiede gedrag toon, wat daartoe sal lei dat hy/sy nie aanpas tydens die onderhoud nie. Verder kan dit ook vir die FP moeilik wees om 'n gepaste emosionele afstand teenoor die ondervraagde te handhaaf. Die simptome van GPV kan die ondervraagde verhinder om te metakommunikeer, probleme op te los en aanvaarding teenoor die FP te toon wat tot weerspanning van die ondervraagde sal lei (Hoofstuk 4, afd. 3.3).

Die ondervraagde met GPV sal waarskynlik 'n eksterne lokus van beheer hê en kan ander mense die skuld vir hul eie probleme gee, wat daartoe lei dat hulle ook die FP (ten alle koste) kan blameer vir ongemaklike/konfliktsituasies tydens onderhoudvoering (Hoofstuk 4, afd. 3.3). Dit kan daartoe lei dat die ondervraagde vyandig teenoor die FP raak omdat hulle aksies bevraagteken word en sal hy/sy nie noodwendig bereid wees om al die nodige inligting met die FP te deel nie. Verder kan die FP ook verhoed word om bruikbare en betroubare inligting vanaf die ondervraagde in te win wanneer die ondervraagde die gesagsposisie in die verhouding inneem, nie bevestiging vanaf die FP ontvang nie, sukkel om hulle behoeftes effektief uit te druk of sukkel om duidelik oor te kom (Hoofstuk 4, afd. 3.3).

Die gevolgtrekking van hierdie studie is dat die simptome van GPV 'n beduidende impak kan hê op die veranderlikes van die PCA en bykomende veranderlikes van die IPA. Tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering sal die FP meer geneig wees om betroubare en bruikbare inligting te bekom as hy/sy deeglik bewus is van die impak van die GPV-simptome op die veranderlikes van die PCA en die IPA en dienoooreenkomstig maneuvreer om deurgaans (op 'n buigsame wyse) beheer oor die onderhoud te behou.

#### **5.4 Beperkings en aanbevelings**

In hierdie studie is daar 'n beperking van potensiële vooroordeel omdat die navorser as 'n FP opgelei is om onderhoude in die ondersoekende konteks uit te voer. Die metodologie van hierdie studie het bestaan uit 'n literatuurstudie deur die gebruik van kritiese literatuuroorsig.

'n Literatuurstudie het die inherente beperking dat dit op sekondêre bronne en voorheen gepubliseerde navorsing geskoei is. Die betroubaarheid van die bevindinge is egter deur kruiskontrolering en verifikasie met ander geloofwaardige bronne, byvoorbeeld eweknie-beoordeelde artikels, geverifieer. Daar is duidelik ook 'n tekort aan empiriese en eksperimentele navorsing oor GPV in die ondersoekende konteks, wat op 'n verdere beperking dui.

Daar is vasgestel dat impak (op die werklike vlak van realiteit volgens kritiese realisme) 'n beduidende rol speel in die interpersoonlike interaksie tussen die FP en ondervraagde. Verder is daar 'n duidelike verbintenis tussen hierdie impak op die veranderlikes van die PCA en die IPA. Kennis van die impak op voormelde veranderlikes kan FP's ondersteun in die manewrering vir beheer tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering, wat vervolgens die verkryging van bruikbare en betroubare inligting tydens ondersoek positief kan beïnvloed. Hoe hierdie manewrering van die FP aangepas moet word is egter steeds onduidelik, en opvolgstudies in dié verband kan van waarde wees. Verdere studies word ook benodig om die volle omvang en impak van GPV op die kommersiële forensiese onderhoud te verstaan, asook moontlike oplossings of benaderings te identifiseer. Toekomstige studies wat fokus op die impak van GPV simptome wat deur die FP getoon word, kan ook van waarde wees.

Vervolgens kan dit van waarde wees om sielkunde in die opleiding van FP's te kombineer soos tans die geval is by die Noordwes-Universiteit se Program vir Forensiese Rekenmeesterskap waar studente spesifieke modules in forensiese sielkunde neem om die komplekse aard van menslike gedrag tydens kommersiële forensiese onderhoudvoering, soos die impak van GPV, in ag te neem. Die mate waartoe soortgelyke sielkundige modules na ander kontekste van FP-opleiding uitgebrei kan word sal in toekomstige studies verken moet word, wat aanlyn kursusse kan insluit om die beroep te toekomsbestendig.

# BRONNELYS

## Hoofstuk 1 & 2

Abdelhakim, A.S. 2021. Adopted research designs by tourism and hospitality postgraduates in the light of research onion. *International Journal of Tourism and Hospitality Management*, 4(2):98-124.

Agbiboa, D.E. 2013. Corruption and economic crime in Nigeria: social and economic perspectives. *African Security Review*, 22(1):47-66.

Akinbowale, O.E., Klingelhöfer, H.E. & Zerihun, M.F. 2021. The integration of forensic accounting and the management control system as tools for combating cyberfraud. *Academy of Accounting and Financial Studies Journal*, 25(2):1-14.

Angadi, S. 2023. *6 Ways AI can revolutionize digital forensics*.

<https://www.darkreading.com/application-security/6-ways-ai-can-revolutionize-digital-forensics> Date of access: 18 Feb. 2024.

Anney, V.N. 2014. Ensuring the quality of the findings of qualitative research: looking at trustworthiness criteria. *Journal of Emerging Trends in Educational Research and Policy Studies*, 5(2):272-281.

Asuquo, A.I. 2012. Empirical analysis of the impact of information technology on forensic accounting practice in Cross River State-Nigeria. *International Journal of Scientific and Technology Research*, 1(7):25-33.

Barber Rioja, V. & Rosenfeld, B. 2018. Addressing linguistic and cultural differences in the forensic interview. *International Journal of Forensic Mental Health*, 17(4):377-386.

Bender, D.S., Gunderson, J.G., Oldham, J.M. & Skodol, A.E. 2014. Personality disorders. In: Hales, R.E., Yudofsky, S.C. & Roberts, L.W., eds. *The American Psychiatric Publishing textbook of psychiatry*. 6th ed. Washington, DC: American Psychiatric Publishing. pp. 851-894.

Bhasin, M.L. 2007. Forensic accounting: a new paradigm for niche consulting. *The Chartered Accountant*, 55(7):1000-1010.

Bloomsburg University of Pennsylvania. 2020. *Literature review*.  
<https://link.springer.com/content/pdf/10.1007/s11133-019-9413-7.pdf> Date of access: 8  
Mar. 2023.

Bothma, F.P. 2016. The forensic context. In: Roos, V., Scholtz, J.G. & Wessels, C., eds. *An introduction to forensic psychology*. Vierda Park, South Africa: Verbum. pp. 17-46.

Browning, K. 2015. *Social science research on forensic science: the story behind one of NIJ's newest research portfolios*. <https://nij.ojp.gov/topics/articles/social-science-research-forensic-science-story-behind-one-nijs-newest-research#citation--0> Date of access: 18 Jan. 2023.

Burke, P.J. 2006. *Contemporary social psychological theories*. Stanford, CA: Stanford University Press.

Burkitt, I. 2002. Complex emotions: relations, feelings and images in emotional experience. *The Sociological Review*, 50(S2):151-167.

Carter, S. 2021. Humanism. In: *Salem Press Encyclopedia*. <https://nwulib-idm-oclc-org.nwulib.nwu.ac.za/login?url=https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=ers&AN=89164262&site=eds-live> Date of access: 24 Jan. 2023.

Cartwright, D. 2008. Borderline personality disorder: what do we know? Diagnosis, course, co-morbidity, and aetiology. *South African Journal of Psychology*, 38(2):429-446.

